



UNIVERSITEIT VAN PRETORIA  
UNIVERSITY OF PRETORIA  
YUNIBESITHI YA PRETORIA

**STEDELIKE AFRIKAANSPREKENDE VERBRUIKERS SE HOUDING,  
VOORKEUR EN SELFGELDING TEN OPSIGTE VAN AFRIKAANSE  
BEMARKINGSKOMMUNIKASIE**

deur

**JOHANNA YVONNE SLIPPERS**

Ingedien ter gedeeltelike voldoening aan die vereiste vir die graad

**PhD KOMMUNIKASIEBESTUUR**

in die

**DEPARTEMENT BEMARKINGS- EN KOMMUNIKASIEBESTUUR**

**FAKULTEIT EKONOMIESE EN BESTUURSWETENSKAPPE**

aan die

**UNIVERSITEIT VAN PRETORIA**

**PROMOTOR: PROF C.H. VAN HEERDEN  
MEDE-PROMOTOR: PROF A.F. GROBLER**

**Pretoria, Suid-Afrika**

**April 2008**



## Verklaring

Ek verklaar dat hierdie proefskrif, wat ek hiermee indien vir die graad PhD Kommunikasiebestuur aan die Universiteit van Pretoria, my eie werk is en nie voorheen vir graaddoeleindes by 'n ander universiteit ingedien is nie.

---

J.Y. SLIPPERS  
April 2008



## Dankbetuigings

My opregte dankie aan:

- God, my Skepper en Christus, my Here. Spreuke 3:5a het vir my groot betekenis: *Vertrou volkome op die Here ...*
- My promotors, Professors van Heerden en Grobler wie se baie bekwame, toegewyde en immer entoesiastiese leiding my nie net gehelp het om 'n sukses van die studie te maak nie, maar my veral laat glo het dat ek in staat is om dit te kan doen.
- My man, Bernard, soms mentor, soms kritikus, soms belangstellende luisteraar, maar altyd betrokke, ondersteunend en vol begrip. Sonder hom sou die studie nie naastenby so 'n leersame en interessante ervaring gewees het nie.
- My dogtertjies, Yvonne en Mia, wat my voortdurend herinner het dat die betekenis en vreugde van die lewe op duisend vlakke lê.
- My ouers, by wie ek my liefde vir Afrikaans gekry het. Hulle geloof in my vermoëns en intense belangstelling in die fynste besonderhede van hierdie studie was vir my 'n groot bron van aanmoediging. Hoe bitterlik jammer is ek dat hulle nie die voltooiing van die studie beleef nie.
- My skoonma, broer en sussies, familie, skoonfamilie en vriende (Sonja de Beer in die besonder). Ek het julle belangstelling, ondersteuning en begrip, te midde van my dikwels onsosiale gedrag, altyd waardeer.
- Wyle Betty Matshiane, wat ten tye van die studie my kinders en huis getrou en liefdevol help versorg het.
- Professor Adré Schreuder en Mevrou Liesl Pearson, van Konsulta Navorsing, onder wie se leiding die telefoniese onderhoude en die statistiese verwerking van die data gedoen is. Danksy hulle hartlike, professionele begeleiding en baie geduld, het die wêreld van kwantitatiewe navorsing vir my oopgegaan.
- Mevrou Mariette Nortjé wat met meelewende ywer en in besondere detail die dokument se algemene en taalversorging behartig het.
- N.P. Van Wyk Louw wie se *Lewensverhaal*, op 'n goeie Sondagmôre, hierdie studie vir my in 'n bepaalde rigting gestuur het.
- Die Hiemstra Trust, vir finansiële ondersteuning, wat my bemoedig het dat die studie se tema wel meriete het.
- Die Universiteit van Pretoria, vir finansiële ondersteuning.



**Ek dra hierdie proefskrif op aan Bernard:**

My beste vriend en heerlike metgesel;  
Bevorderaar en beskermer van my drome;  
Liefdevolle pa van ons dogtertjies.

Ek verwonder my om saam met jou  
Te kan ontdek en ontgin:  
Ervarings, idees en die lewe.

Onvolmaak, ondersoekend en te eerlik,  
Tog geanker en bestendig,  
Is jy 'n maat vir alle seisoene.

Jy is buitengewoon.

## **Abstract**

Afrikaans, as one of the country's 11 official languages, finds itself in a unique position as an important marketing communication language. The association between Afrikaans and the apartheid government, over years caused much damage to the image of Afrikaans. Afrikaans speakers, however, have for many years been the language group with the largest disposable income and are a target group that is easily reached. In spite of this, Afrikaans is frequently not being taken seriously by the advertising industry. Little is however known about the attitude of Afrikaans-speaking consumers towards marketing communication in Afrikaans, whether it is at all preferred by them and if they are prepared to ask for it.

The primary research goal of the study was to determine and further investigate the attitude, preference and assertiveness of urban Afrikaans-speaking consumers in terms of Afrikaans marketing communication.

Primary data was collected by means of computer-assisted telephone interviews. The target population was urban Afrikaans-speaking consumers in South Africa aged 19 years and older. A representative test sample of 306 completed interviews was obtained by means of a nonprobability quota sample.

The study found that urban Afrikaans-speaking consumers have a positive attitude towards Afrikaans marketing communication; that they, to a very large extent, prefer Afrikaans marketing communication to English marketing communication, but that they are to a lesser extent prepared to likely act assertively with regards to Afrikaans marketing communication.

The results further show that, with the exception of different age groups, various significant differences exist in urban Afrikaans-speaking consumers' attitudes,

preferences and assertiveness with regards to Afrikaans marketing communication concerning: demographic profile (income, race and gender); English language proficiency; language group identity; the marketing communication medium (contact personnel, tangible communication, advertising and packaging); product involvement (according to the FCB grid); and products' position on the goods-services continuum (pure service, goods-services hybrid; pure tangible goods).

Amongst other things, the results show that female respondents have a more positive attitude, a greater preference and are more likely to act assertively with regards to Afrikaans marketing communication than male respondents. The results also show that, especially where services and contact personnel are concerned, urban Afrikaans-speaking consumers prefer Afrikaans marketing communication. Aspects like these should be taken into consideration when a marketing communication plan, which includes this target group, is developed.

Marketers and companies, who are interested in building a long-term relationship with urban Afrikaans-speaking consumers, should undoubtedly make the effort to communicate with this target group in Afrikaans.



## Opsomming

Afrikaans, as een van 11 amptelike landstale, bevind homself in 'n unieke posisie as 'n belangrike bemarkingskommunikasietaal. Die assosiasie tussen Afrikaans en die apartheidsregering het die beeld van Afrikaans, oor jare, groot skade berokken. Afrikaanssprekendes is egter vir baie jare reeds die taalgroep met die grootste besteebare inkomste en 'n teikengroep wat maklik bereikbaar is. Tog word Afrikaans dikwels nie ernstig deur die reklame-industrie opgeneem nie. Weinig is egter bekend oor wat Afrikaanssprekende verbruikers se houding teenoor bemarkingskommunikasie in Afrikaans is, of hulle dit hoegenaamd verkies en of hulle bereid is om daarvoor te vra.

Die primêre navorsingsdoel van die studie was om stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se houding, voorkeur en selfgelding ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie te bepaal en verder te ondersoek.

Primêre data is met behulp van rekenaargesteuende telefoononderhoude ingesamel. Die teikenpopulasie was stedelike Afrikaanssprekende verbruikers in Suid-Afrika van 19 jaar en ouer. 'n Verteenwoordigende steekproef van 306 voltooide onderhoude is op 'n nie-ewekansige wyse met behulp van 'n kwotasteekproef verkry.

Die studie het bevind dat stedelike Afrikaanssprekende verbruikers 'n positiewe houding ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie het; dat hulle tot 'n baie groot mate 'n voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie het, maar dat hulle tot 'n mindere mate bereid is om waarskynlik selfgeldend ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie op te tree.

Die resultate dui ook aan dat daar, met die uitsondering van verskillende ouderdomsgroepe, verskeie beduidende verskille in stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se houding, voorkeur en selfgelding ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie voorkom, wat betref: demografiese profiel (inkomste, ras en geslag); Engelse taalvaardigheid; taalgroepidentiteit; die bemarkingskommunikasiemedium (kontakpersoneel, tasbare kommunikasie, reklame en verpakking); produkbetrokkenheid (ooreenkomstig die FCB-matriks); en produkte se posisie op die goedere-dienstekontinuum (suiwer diens, goedere-dienstekruising en suiwer produk).

Onder meer toon die resultate dat vroulike respondente 'n positiewer houding het, 'n groter voorkeur het en meer waarskynlik selfgeldend sal optree ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie as manlike respondente. Die resultate toon ook dat, waar dienste en kontakpersoneel ter sprake is, stedelike Afrikaanssprekende verbruikers by uitstek Afrikaanse bemarkingskommunikasie verkies. Aspekte soos hierdie behoort in ag geneem te word wanneer 'n bemarkingskommunikasieplan, wat hierdie teikengroep insluit, ontwikkel word.

Bemarkers en maatskappye wat daarin belangstel om met stedelike Afrikaanssprekende verbruikers 'n verhouding te bou, behoort ongetwyfeld die moeite te doen om met hierdie teikengroep in Afrikaans te kommunikeer.



## INHOUDSOPGAWE

	<b>Bladsy</b>
<b>HOOFSTUK 1: INLEIDING EN MOTIVERING</b>	
<b>1.1 INLEIDING</b>	1
<b>1.2 PROBLEEMSTELLING</b>	6
<b>1.2.1 Houding teenoor Afrikaanse bemarkingskommunikasie</b>	6
<b>1.2.2 Voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie</b>	6
<b>1.2.3 Selfgelding ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie</b>	7
<b>1.3 PRIMÊRE EN SEKONDÊRE NAVORSINGSDOELWITTE</b>	8
<b>1.3.1 Primêre navorsingsdoel</b>	8
<b>1.3.2 Sekondêre navorsingsdoelwitte</b>	8
<b>1.4 NAVORSINGSHIPOTESES</b>	9
<b>1.5 DIE BELANGRIKHEID VAN DIE STUDIE</b>	13
<b>1.6 NAVORSINGSONTWERP</b>	13
<b>1.7 KONSEPTUELE RAAMWERK</b>	14
<b>1.7.1 Afhanklike veranderlikes</b>	14
<i>1.7.1.1 Houding as konstruk</i>	15
<i>1.7.1.2 Voorkeur as konstruk</i>	16
<i>1.7.1.3 Selfgelding as konstruk</i>	16
<b>1.7.2 Onafhanklike veranderlikes</b>	17
<i>1.7.2.1 Demografiese veranderlikes</i>	17
<i>1.7.2.2 Engelse taalvaardigheid</i>	18
<i>1.7.2.3 Afrikaanse taalgroepidentiteit</i>	18
<i>1.7.2.4 Bemarkingskommunikasiemedium</i>	18
<i>1.7.2.5 Produkbetrokkenheid</i>	19
<i>1.7.2.6 Goedere-dienstekontinuum</i>	20



<b>1.8</b>	<b>DEFINISIE VAN TERME</b>	21
<b>1.8.1</b>	<b>Stedelik</b>	22
<b>1.8.2</b>	<b>Afrikaanssprekende</b>	22
<b>1.8.3</b>	<b>Moedertaal</b>	22
<b>1.8.4</b>	<b>Verbruiker</b>	22
<b>1.8.5</b>	<b>Produk</b>	23
<b>1.8.6</b>	<b>Bank</b>	23
<b>1.8.7</b>	<b>Aansitrestaurant</b>	23
<b>1.8.8</b>	<b>Haarsjampoe</b>	24
<b>1.8.9</b>	<b>Sjokolade</b>	24
<b>1.9</b>	<b>OMVANG EN AFBAKENING VAN DIE STUDIE</b>	24
<b>1.10</b>	<b>UITEENSETTING VAN DIE HOOFSTUKKE</b>	25

## **HOOFSTUK 2: VEELTALIGHEID EN AFRIKAANS IN SUID-AFRIKA**

<b>2.1</b>	<b>INLEIDING</b>	28
<b>2.2</b>	<b>BELANGRIKHEID VAN TAAL</b>	28
<b>2.3</b>	<b>AMPTELIKE TALE VAN SUID-AFRIKA</b>	30
<b>2.4</b>	<b>OORSPRONG VAN TALE IN SUID-AFRIKA</b>	33
<b>2.4.1</b>	<b>Khoisantale</b>	33
<b>2.4.2</b>	<b>Afrikatale</b>	33
<b>2.4.3</b>	<b>Engels</b>	33
<b>2.4.4</b>	<b>Afrikaans</b>	34
<b>2.5</b>	<b>OORSIG VAN DIE TAALBEDELING IN SUID-AFRIKA</b>	35
<b>2.6</b>	<b>DIE GRONDWET EN VEELTALIGHEID NA 1994</b>	36
<b>2.6.1</b>	<b>Bevoorregting van Engels</b>	39
<b>2.6.2</b>	<b>Ontmagtiging van Afrikaans</b>	41
<b>2.6.3</b>	<b>Verwaarlosing van Afrikatale</b>	43
<b>2.7</b>	<b>VERDEELDE AFRIKAANSE TAALGEMEENSKAP</b>	44

<b>2.7.1</b>	<b>Wit Afrikaanssprekendes (Afrikaners)</b>	46
<b>2.7.2</b>	<b>Bruin Afrikaanssprekendes</b>	48
<b>2.8</b>	<b>DEBAT OOR AFRIKAANS</b>	50
<b>2.8.1</b>	<b>Oorsprong van die debat</b>	50
<b>2.8.2</b>	<b>Derde Taalbeweging</b>	51
<b>2.8.3</b>	<b>Afrikaans se posisie teenoor ander taalgroepe</b>	53
<b>2.8.4</b>	<b>Heterogene taalgemeenskap</b>	55
<b>2.8.5</b>	<b>Verskuiwing in taaltrou</b>	55
<b>2.8.6</b>	<b>Skuldgevoelens oor die verlede</b>	56
<b>2.9</b>	<b>NUWE ENERGIE RONDOM AFRIKAANS</b>	57
<b>2.10</b>	<b>OPSOMMING</b>	59

### HOOFSTUK 3: VERBRUIKERSGEDRAG

<b>3.1</b>	<b>INLEIDING</b>	60
<b>3.2</b>	<b>DIE TERREIN VAN VERBRUIKERSGEDRAG</b>	60
<b>3.3</b>	<b>'N VERBRUIKERSGEDRAGMODEL</b>	63
<b>3.4</b>	<b>FAKTORE WAT VERBRUIKERSGEDRAG BEÏNVLOED</b>	67
<b>3.4.1</b>	<b>Kulturele faktore</b>	67
<i>3.4.1.1</i>	<i>Kulturele waardes</i>	71
<i>3.4.1.2</i>	<i>Subkultuurgroepe</i>	74
<i>3.4.1.3</i>	<i>Die verband tussen taal en kultuur</i>	76
<i>3.4.1.4</i>	<i>Taalgroepidentiteit</i>	77
<b>3.4.2</b>	<b>Sosiale faktore</b>	80
<i>3.4.2.1</i>	<i>Verwysingsgroepe</i>	81
<i>3.4.2.2</i>	<i>Gesin</i>	82
<i>3.4.2.3</i>	<i>Rol en status</i>	83
<i>3.4.2.4</i>	<i>Sosiale klasse</i>	84
<b>3.4.3</b>	<b>Persoonlike faktore</b>	86



3.4.3.1	<i>Ouderdom en lewensfase</i>	86
3.4.3.2	<i>Beroep en ekonomiese omstandighede</i>	88
3.4.3.3	<i>Persoonlikheid en selfkonsep</i>	89
3.4.3.4	<i>Lewensstyl en waardes</i>	90
3.4.3.5	<i>Geslag</i>	91
<b>3.4.4</b>	<b>Psigologiese faktore</b>	92
3.4.4.1	<i>Houding</i>	93
3.4.4.1.1	<u>Definiëring van verbruikershouding</u>	93
3.4.4.1.2	<u>Die ABC-model van verbruikershouding</u>	95
3.4.4.2	<i>Voorkeur</i>	101
3.4.4.3	<i>Leervermoë (Engelse taalvaardigheid)</i>	104
3.4.4.4	<i>Motivering</i>	106
3.4.4.4.1	<u>Herzberg se tweefaktorteorie</u>	107
3.4.4.4.2	<u>Selfgeldiging</u>	111
<b>3.5</b>	<b>MARKSEGMENTERING</b>	115
<b>3.6</b>	<b>VERBRUIKERSBESLUITNEMINGSPROSES</b>	117
<b>3.6.1</b>	<b>Invloede op die verbruikersbesluitnemingsproses</b>	119
<b>3.6.2</b>	<b>Fases in die verbruikersbesluitnemingsproses</b>	121
3.6.2.1	<i>Probleem-identifisering</i>	122
3.6.2.2	<i>Inligtingsoektog</i>	123
3.6.2.3	<i>Evaluering van alternatiewe</i>	123
3.6.2.4	<i>Aankoopbesluit</i>	124
3.6.2.5	<i>Na-aankoop evaluering</i>	124
<b>3.7</b>	<b>OPSOMMING</b>	125

## **HOOFSTUK 4: ELEMENTE VAN DIE BEMARKINGSMENGSEL**

<b>4.1</b>	<b>INLEIDING</b>	126
<b>4.2</b>	<b>'N BEMARKINGSRAAMWERK</b>	126

<b>4.3</b>	<b>PRODUKTE</b>	128
<b>4.3.1</b>	<b>Produkbetrokkenheid</b>	129
<b>4.3.2</b>	<b>Die goedere-dienstekontinuum</b>	132
<b>4.4</b>	<b>BEMARKINGSKOMMUNIKASIE</b>	134
<b>4.4.1</b>	<b>Definiëring van bemarkingskommunikasie</b>	134
<b>4.4.2</b>	<b>Die doel van bemarkingskommunikasie</b>	135
<b>4.4.3</b>	<b>Die klassieke kommunikasiemodel</b>	138
<b>4.4.4</b>	<b>Die bemarkingskommunikasieproses</b>	141
<b>4.4.5</b>	<b>Bemarkingskommunikasie-elemente</b>	144
<i>4.4.5.1</i>	<i>Reklame</i>	146
<i>4.4.5.2</i>	<i>Persoonlike verkope</i>	146
<i>4.4.5.3</i>	<i>Verkoopspromosies</i>	147
<i>4.4.5.4</i>	<i>Openbare skakeling</i>	147
<i>4.4.5.5</i>	<i>Borgskappe</i>	148
<i>4.4.5.6</i>	<i>Direkte bemarking</i>	148
<i>4.4.5.7</i>	<i>Nuwe media bemarking</i>	148
<i>4.4.5.8</i>	<i>Verpakking</i>	149
<b>4.4.6</b>	<b>Geïntegreerde bemarkingskommunikasie</b>	150
<b>4.4.7</b>	<b>Effektiewe bemarkingskommunikasie</b>	152
<b>4.4.8</b>	<b>Akkommodasie in bemarkingskommunikasie</b>	155
<i>4.4.8.1</i>	<i>Taal en denke</i>	155
<i>4.4.8.2</i>	<i>Spraakakkommodasieteorie</i>	157
<i>4.4.8.3</i>	<i>Kommunikasie-akkommodasieteorie in massakommunikasie</i>	158
<b>4.4.9</b>	<b>Die belang van moedertaalbemarkingskommunikasie</b>	160
<b>4.4.10</b>	<b>Bemarkingskommunikasie aan kultuur- en taalsubgroepe</b>	162
<b>4.4.11</b>	<b>Afrikaans in die reklame-industrie, gedrukte en elektroniese media</b>	166
<i>4.4.11.1</i>	<i>Reklame-industrie</i>	166
<i>4.4.11.2</i>	<i>Gedrukte media</i>	169



4.4.11.3	<i>Elektroniese media</i>	171
<b>4.5</b>	<b>BEMARKINGSKOMMUNIKASIE MEDIUMS</b>	172
<b>4.5.1</b>	<b>Reklame</b>	174
<b>4.5.2</b>	<b>Verpakking</b>	174
<b>4.5.3</b>	<b>Kontakpersoneel</b>	175
<b>4.5.4</b>	<b>Tasbare kommunikasie</b>	176
<b>4.6</b>	<b>OPSOMMING</b>	177

## **HOOFTUK 5: PROBLEEMSTELLING EN FORMULERING VAN HIPOTEESES**

<b>5.1</b>	<b>INLEIDING</b>	178
<b>5.2</b>	<b>PROBLEEMSTELLING</b>	178
<b>5.3</b>	<b>PRIMÊRE EN SEKONDÊRE NAVORSINGSDOELWITTE</b>	182
<b>5.3.1</b>	<b>Primêre navorsingsdoel</b>	182
5.3.1.1	<i>Houding</i>	182
5.3.1.2	<i>Voorkeur</i>	184
5.3.1.3	<i>Selfgeldig</i>	185
<b>5.3.2</b>	<b>Sekondêre navorsingsdoelwitte</b>	186
<b>5.4</b>	<b>NAVORSINGSHIPOTEESES</b>	188
<b>5.4.1</b>	<b>Hipotese 1 (Demografiese eienskappe)</b>	188
5.4.1.1	<i>Hipotese 1.1 (Ouderdom)</i>	189
5.4.1.2	<i>Hipotese 1.2 (Inkomste)</i>	191
5.4.1.3	<i>Hipotese 1.3 (Ras)</i>	193
5.4.1.4	<i>Hipotese 1.4 (Geslag)</i>	195
<b>5.4.2</b>	<b>Hipotese 2 (Engelse taalvaardigheid)</b>	197
<b>5.4.3</b>	<b>Hipotese 3 (Taalgroepidentiteit)</b>	199
<b>5.4.4</b>	<b>Hipotese 4 (Bemarkingskommunikasiemedium)</b>	202
<b>5.4.5</b>	<b>Hipotese 5 (Produkbetrokkenheid)</b>	204
<b>5.4.6</b>	<b>Hipotese 6 (Goedere-dienstekontinuum)</b>	206



**5.5 OPSOMMING 207**

**HOOFSTUK 6: NAVORSINGSONTWERP EN –METODOLOGIE**

<b>6.1</b>	<b>INLEIDING</b>	208
<b>6.2</b>	<b>DATABRONNE</b>	208
<b>6.3</b>	<b>STEEKPROEF</b>	209
<b>6.3.1</b>	<b>Definiëring van die populasie</b>	209
<b>6.3.2</b>	<b>Steekproefraamwerk</b>	211
<b>6.3.3</b>	<b>Steekproefprosedure</b>	212
<b>6.3.4</b>	<b>Steekproefgrootte</b>	213
<b>6.4</b>	<b>DATA-INSAMELINGSMETODE</b>	214
<b>6.5</b>	<b>VRAELYSONTWIKKELING</b>	218
<b>6.5.1</b>	<b>Metingsvlakke</b>	218
<b>6.5.2</b>	<b>Skaaltipes</b>	219
<b>6.5.3</b>	<b>Vraelysontwerp</b>	223
<i>6.5.3.1</i>	<i>Doel van 'n vraelys</i>	223
<i>6.5.3.2</i>	<i>Uiteensetting van die vraelys</i>	223
<i>6.5.3.3</i>	<i>Volgorde van die vrae</i>	224
<i>6.5.3.4</i>	<i>Bewoording en inhoud van die vrae</i>	225
<i>6.5.3.5</i>	<i>Formaat van die response</i>	226
<b>6.5.4</b>	<b>Samestelling van die vraelys</b>	226
<i>6.5.4.1</i>	<i>Deel 1 : Bekendstelling en verduideliking</i>	227
<i>6.5.4.2</i>	<i>Deel 2: Filtervraag (Vraag 1)</i>	228
<i>6.5.4.3</i>	<i>Deel 3: Klassifikasievrae (Vraag 2 tot 5)</i>	228
<i>6.5.4.4</i>	<i>Deel 4: Engelse taalvaardigheidvrae (Vraag 6)</i>	229
<i>6.5.4.5</i>	<i>Deel 5: Identifikasie met Afrikaanssprekendes (Vraag 7)</i>	229
<i>6.5.4.6</i>	<i>Deel 6: Meting van houding (Vraag 8, 9 en 11)</i>	230
<i>6.5.4.7</i>	<i>Deel 7: Meting van voorkeur (Vraag 10)</i>	234



6.5.4.8	<i>Deel 8: Meting van selfgeldigheid (Vraag 12)</i>	235
<b>6.5.5</b>	<b>Voortoetsing van die vraelys</b>	240
<b>6.5.6</b>	<b>Redigering van die vraelys</b>	242
<b>6.6</b>	<b>DATA-ONTLEDING</b>	243
<b>6.6.1</b>	<b>Ontbrekende data</b>	243
<b>6.6.2</b>	<b>Beskrywende statistiek</b>	244
6.6.2.1	<i>Frekwensieverspreiding</i>	244
6.6.2.2	<i>Kruistabulering</i>	245
<b>6.6.3</b>	<b>Inferensiële statistiek</b>	245
6.6.3.1	<i>T-toets vir gepaarde steekproewe (t-test for paired samples)</i>	246
6.6.3.2	<i>Faktorontleding</i>	246
6.6.3.3	<i>Hipotesetoetsing</i>	247
<b>6.6.4</b>	<b>Betroubaarheid en geldigheid</b>	247
6.6.4.1	<i>Betroubaarheid</i>	248
6.6.4.2	<i>Geldigheid</i>	248
<b>6.7</b>	<b>OPSOMMING</b>	249

## HOOFSTUK 7: NAVORSINGSBEVINDINGS EN BESPREKING

<b>7.1</b>	<b>INLEIDING</b>	250
<b>7.2</b>	<b>REALISERINGSTATISTIEK</b>	250
<b>7.3</b>	<b>BESKRYWENDE STATISTIEK</b>	252
<b>7.3.1</b>	<b>Demografiese profiel van respondente</b>	252
<b>7.3.2</b>	<b>Engelse taalvaardigheidsvrae</b>	255
<b>7.3.3</b>	<b>Identifikasie met Afrikaanssprekendes</b>	256
<b>7.3.4</b>	<b>Houding teenoor Afrikaanse bemarkingskommunikasie</b>	259
7.3.4.1	<i>Kognitiewe komponent van houding</i>	259
7.3.4.2	<i>Affektiewe komponent van houding</i>	262
7.3.4.3	<i>Gedragskomponent van houding</i>	264



<b>7.3.5</b>	<b>Voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie</b>	267
<b>7.3.6</b>	<b>Selfgelding ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie</b>	269
<b>7.4</b>	<b>VALIDERING VAN TAALGROEPIDENTITEITSKAAL</b>	272
<b>7.5</b>	<b>HIPOTESETOETSING</b>	275
<b>7.5.1</b>	<b>Hipotesetoetsing deur ANOVA</b>	276
7.5.1.1	<i>H<sub>1.1a</sub>: Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers van verskillende ouderdomsgroepe verskil beduidend in terme van hulle houding teenoor Afrikaanse bemarkingskommunikasie.</i>	278
7.5.1.2	<i>H<sub>1.1b</sub>: Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers van verskillende ouderdomsgroepe verskil beduidend in terme van hulle voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie.</i>	281
7.5.1.3	<i>H<sub>1.1c</sub>: Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers van verskillende ouderdomsgroepe verskil beduidend in terme van hulle selfgelding ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie.</i>	282
7.5.1.4	<i>H<sub>1.2a</sub>: Hoë en lae inkomstegroepe stedelike Afrikaanssprekende verbruikers verskil beduidend in terme van hulle houding teenoor Afrikaanse bemarkingskommunikasie.</i>	284
7.5.1.5	<i>H<sub>1.2b</sub>: Hoë en lae inkomstegroepe stedelike Afrikaanssprekende verbruikers verskil beduidend in terme van hulle voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie.</i>	287
7.5.1.6	<i>H<sub>1.2c</sub>: Hoë en lae inkomstegroepe stedelike Afrikaanssprekende verbruikers verskil beduidend in terme van hulle selfgelding ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie.</i>	289
7.5.1.7	<i>H<sub>1.3a</sub>: Wit en bruin stedelike Afrikaanssprekende verbruikers verskil beduidend in terme van hulle houding teenoor Afrikaanse bemarkingskommunikasie.</i>	291

- 7.5.1.8 *H<sub>1.3b</sub>: Wit en bruin stedelike Afrikaanssprekende verbruikers verskil beduidend in terme van hulle voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie.* 293
- 7.5.1.9 *H<sub>1.3c</sub>: Wit en bruin stedelike Afrikaanssprekende verbruikers verskil beduidend in terme van hulle selfgelding ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie.* 295
- 7.5.1.10 *H<sub>1.4a</sub>: Manlike en vroulike stedelike Afrikaanssprekende verbruikers verskil beduidend in terme van hulle houding teenoor Afrikaanse bemarkingskommunikasie.* 296
- 7.5.1.11 *H<sub>1.4b</sub>: Manlike en vroulike stedelike Afrikaanssprekende verbruikers verskil beduidend in terme van hulle voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie.* 298
- 7.5.1.12 *H<sub>1.4c</sub>: Manlike en vroulike stedelike Afrikaanssprekende verbruikers verskil beduidend in terme van hulle selfgelding ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie.* 300
- 7.5.1.13 *H<sub>2a</sub>: Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n beter Engelse taalvaardigheid verskil beduidend van stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n swakker Engelse taalvaardigheid in terme van hulle houding teenoor Afrikaanse bemarkingskommunikasie.* 301
- 7.5.1.14 *H<sub>2b</sub>: Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n beter Engelse taalvaardigheid verskil beduidend van stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n swakker Engelse taalvaardigheid in terme van hulle voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie.* 304
- 7.5.1.15 *H<sub>2c</sub>: Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n beter Engelse taalvaardigheid verskil beduidend van stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n swakker Engelse taalvaardigheid in terme van hulle selfgelding ten opsigte van Afrikaanse* 305

- bemarkingskommunikasie.*
- 7.5.1.16  $H_{3a}$ : *Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n sterker taalgroepidentiteit verskil beduidend van stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n laer taalgroepidentiteit in terme van hulle houding teenoor Afrikaanse bemarkings-kommunikasie.* 307
- 7.5.1.17  $H_{3b}$ : *Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n sterker taalgroepidentiteit verskil beduidend van stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n laer taalgroepidentiteit in terme van hulle voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie.* 310
- 7.5.1.18  $H_{3c}$ : *Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n sterker taalgroepidentiteit verskil beduidend van stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n laer taalgroepidentiteit in terme van hulle selfgelding ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie.* 311
- 7.5.2 Hipotesetoetsing deur gepaarde steekproef t-toetse** 313
- 7.5.2.1  $H_{4a}$ : *Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se houding teenoor Afrikaanse bemarkingskommunikasie verskil beduidend ten opsigte van die medium van bemarkingskommunikasie.* 314
- 7.5.2.2  $H_{4b}$ : *Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie verskil beduidend ten opsigte van die medium van bemarkingskommunikasie.* 315
- 7.5.2.3  $H_{4c}$ : *Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se selfgelding ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie verskil beduidend in terme van die medium van bemarkingskommunikasie.* 317
- 7.5.2.4  $H_{5a}$ : *Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se houding teenoor Afrikaanse bemarkingskommunikasie verskil beduidend ten opsigte* 318

*van hulle produkbetrokkenheid.*

7.5.2.5	<i>H<sub>5b</sub>: Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie verskil beduidend ten opsigte van hulle produkbetrokkenheid.</i>	320
7.5.2.6	<i>H<sub>5c</sub>: Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se selfgeding ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie verskil beduidend in terme van hulle produkbetrokkenheid.</i>	321
7.5.2.7	<i>H<sub>6a</sub>: Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se houding teenoor Afrikaanse bemarkingskommunikasie verskil beduidend ten opsigte van die produk se posisie op die goedere-dienstekontinuum.</i>	322
7.5.2.8	<i>H<sub>6b</sub>: Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie verskil beduidend ten opsigte van die produk se posisie op die goedere-dienstekontinuum.</i>	324
7.5.2.9	<i>H<sub>6c</sub>: Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se selfgeding ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie verskil beduidend in terme van die produk se posisie op die goedere-dienstekontinuum.</i>	325
<b>7.5.3</b>	<b>Opsomming van hipotese-uitslag</b>	327
<b>7.6</b>	<b>OPSOMMING</b>	329

## **HOOFSTUK 8: GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS**

<b>8.1</b>	<b>INLEIDING</b>	331
<b>8.2</b>	<b>BEVINDINGS: DEMOGRAFIESE GROEPERINGS (SND1)</b>	332
<b>8.2.1</b>	<b>Ouderdom</b>	332
<b>8.2.2</b>	<b>Inkomste</b>	333
8.2.2.1	<i>Houding</i>	333



8.2.2.2	<i>Voorkeur</i>	335
8.2.2.3	<i>Selfgelding</i>	336
<b>8.2.3</b>	<b>Ras</b>	337
8.2.3.1	<i>Houding</i>	337
8.2.3.2	<i>Voorkeur</i>	339
8.2.3.3	<i>Selfgelding</i>	340
<b>8.2.4</b>	<b>Geslag</b>	341
8.2.4.1	<i>Houding</i>	341
8.2.4.2	<i>Voorkeur</i>	342
8.2.4.3	<i>Selfgelding</i>	343
<b>8.3</b>	<b>BEVINDINGS: ENGELSE TAALVAARDIGHEID (SND2)</b>	344
<b>8.3.1</b>	<b>Houding</b>	344
<b>8.3.2</b>	<b>Voorkeur</b>	345
<b>8.3.3</b>	<b>Selfgelding</b>	346
<b>8.4</b>	<b>BEVINDINGS: TAALGROEPIDENTITEIT (SND3)</b>	347
<b>8.4.1</b>	<b>Houding</b>	347
<b>8.4.2</b>	<b>Voorkeur</b>	348
<b>8.4.3</b>	<b>Selfgelding</b>	349
<b>8.5</b>	<b>BEVINDINGS: BEMARKINGSKOMMUNIKASIEMEDIUMS (SND4)</b>	351
<b>8.5.1</b>	<b>Houding</b>	351
<b>8.5.2</b>	<b>Voorkeur</b>	352
<b>8.5.3</b>	<b>Selfgelding</b>	353
<b>8.6</b>	<b>BEVINDINGS: PRODUKBETROKKENHEID (SND5)</b>	355
<b>8.6.1</b>	<b>Houding</b>	355
<b>8.6.2</b>	<b>Voorkeur</b>	356
<b>8.6.3</b>	<b>Selfgelding</b>	357
<b>8.7</b>	<b>BEVINDINGS: GOEDERE-DIENSTEKONTINUUM (SND6)</b>	359
<b>8.7.1</b>	<b>Houding</b>	359



<b>8.7.2</b>	<b>Voorkeur</b>	360
<b>8.7.3</b>	<b>Selfgeldig</b>	361
<b>8.8</b>	<b>FINALE BEVINDINGS, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS</b>	362
<b>8.8.1</b>	<b>Houding</b>	363
<b>8.8.2</b>	<b>Voorkeur</b>	368
<b>8.8.3</b>	<b>Selfgeldig</b>	371
<b>8.9</b>	<b>BEPERKINGS EN AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING</b>	374
<b>8.9.1</b>	<b>Beperkings</b>	374
<b>8.9.2</b>	<b>Aanbevelings vir verdere navorsing</b>	375
<b>8.10</b>	<b>SAMEVATTING</b>	376
	<b>VERWYSINGS</b>	379
	<b>BYLAE</b>	
	Bylaag 1: Lys van tipiese wit en bruin Afrikaanse vanne	409
	Bylaag 2: Meetinstrument vir opname	413
	Bylaag 3: Meetinstrument vir voortoetsing (persoonlike onderhoude)	420
	Bylaag 4: Meetinstrument vir voortoetsing (telefoniese onderhoude)	427
	Bylaag 5: Opsommende beskrywing van die hipoteses se uitslag	434

## LYS VAN TABELLE

	<b>Bladsy</b>	
<b>Tabel 1.1</b>	<b>Sekondêre navorsingsdoelwitte en toepaslike hipoteses</b>	<b>10</b>
<b>Tabel 1.2</b>	<b>Surrogate vir bemarkingskommunikasiemedium, produkbetrokkenheid en goedere-dienstekontinuum</b>	<b>20</b>
<b>Tabel 1.3</b>	<b>Hipoteses, afhanklike en onafhanklike veranderlikes</b>	<b>21</b>
<b>Tabel 2.1</b>	<b>Huistaal volgens rasgroep: 2001</b>	<b>30</b>
<b>Tabel 2.2</b>	<b>Huistaal per provinsie as persentasie: 2001</b>	<b>31</b>
<b>Tabel 2.3</b>	<b>Aantal huistaalsprekers per provinsie: 2001</b>	<b>32</b>
<b>Tabel 3.1</b>	<b>Komponente en manifestering van houding</b>	<b>97</b>
<b>Tabel 4.1</b>	<b>Oorsprong van bemarkingskommunikasie-mediums</b>	<b>173</b>
<b>Tabel 6.1</b>	<b>Aantal respondente per ras en provinsie</b>	<b>214</b>
<b>Tabel 6.2</b>	<b>Beskrywende statistiek van identifikasieskale</b>	<b>230</b>
<b>Tabel 6.3</b>	<b>Vraag 8 en 9 volgens onafhanklike veranderlikes</b>	<b>231</b>
<b>Tabel 6.4</b>	<b>Vraag 11 volgens produkbetrokkenheid, goedere-dienstekontinuum en toekomstige optrede</b>	<b>233</b>
<b>Tabel 6.5</b>	<b>Vraag 10 volgens onafhanklike veranderlikes</b>	<b>234</b>
<b>Tabel 6.6</b>	<b>Vraag 12 volgens onafhanklike veranderlikes</b>	<b>236</b>
<b>Tabel 6.7</b>	<b>Opsomming van sekondêre navorsingsdoelwitte, hipoteses en vraagnommer</b>	<b>237</b>
<b>Tabel 7.1</b>	<b>Beplande teenoor gerealiseerde steekproef</b>	<b>251</b>
<b>Tabel 7.2</b>	<b>Uiteensetting van oproeppogings</b>	<b>252</b>
<b>Tabel 7.3</b>	<b>Engelse taalvaardigheid</b>	<b>256</b>
<b>Tabel 7.4</b>	<b>Persentasie verspreidings vir taalgroepidentiteit</b>	<b>257</b>
<b>Tabel 7.5</b>	<b>Kognitiewe komponent van houding</b>	<b>260</b>
<b>Tabel 7.6</b>	<b>Affektiewe komponent van houding</b>	<b>262</b>

<b>Tabel 7.7</b>	<b>Gedragskomponent van houding</b>	<b>265</b>
<b>Tabel 7.8</b>	<b>Gemiddelde indekspunt vir houdingkomponente</b>	<b>267</b>
<b>Tabel 7.9</b>	<b>Voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie</b>	<b>268</b>
<b>Tabel 7.10</b>	<b>Selfgelding ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie</b>	<b>270</b>
<b>Tabel 7.11</b>	<b>Gemiddelde indekspunt vir afhanklike veranderlikes</b>	<b>272</b>
<b>Tabel 7.12</b>	<b>Faktorlading vir taalgroepidentiteitskaal</b>	<b>273</b>
<b>Tabel 7.13</b>	<b>Verklaarde variansie</b>	<b>273</b>
<b>Tabel 7.14</b>	<b>Itemontleding en Cronbach alfakoëffisiënt</b>	<b>275</b>
<b>Tabel 7.15</b>	<b>ANOVA resultate: ouderdomsgroep en houding</b>	<b>279</b>
<b>Tabel 7.16</b>	<b>ANOVA resultate: ouderdomsgroep en voorkeur</b>	<b>281</b>
<b>Tabel 7.17</b>	<b>ANOVA resultate: ouderdomsgroep en selfgelding</b>	<b>283</b>
<b>Tabel 7.18</b>	<b>ANOVA resultate: inkomstegroep en houding</b>	<b>285</b>
<b>Tabel 7.19</b>	<b>ANOVA resultate: inkomstegroep en voorkeur</b>	<b>288</b>
<b>Tabel 7.20</b>	<b>ANOVA resultate: inkomstegroep en selfgelding</b>	<b>290</b>
<b>Tabel 7.21</b>	<b>ANOVA resultate: ras en houding</b>	<b>291</b>
<b>Tabel 7.22</b>	<b>ANOVA resultate: ras en voorkeur</b>	<b>294</b>
<b>Tabel 7.23</b>	<b>ANOVA resultate: ras en selfgelding</b>	<b>295</b>
<b>Tabel 7.24</b>	<b>ANOVA resultate: geslag en houding</b>	<b>297</b>
<b>Tabel 7.25</b>	<b>ANOVA resultate: geslag en voorkeur</b>	<b>299</b>
<b>Tabel 7.26</b>	<b>ANOVA resultate: geslag en selfgelding</b>	<b>300</b>
<b>Tabel 7.27</b>	<b>ANOVA resultate: Engelse taalvaardigheid en houding</b>	<b>302</b>
<b>Tabel 7.28</b>	<b>ANOVA resultate: Engelse taalvaardigheid en voorkeur</b>	<b>304</b>
<b>Tabel 7.29</b>	<b>ANOVA resultate: Engelse taalvaardigheid en selfgelding</b>	<b>306</b>
<b>Tabel 7.30</b>	<b>ANOVA resultate: taalgroepidentiteit en houding</b>	<b>308</b>
<b>Tabel 7.31</b>	<b>ANOVA resultate: taalgroepidentiteit en voorkeur</b>	<b>310</b>



<b>Tabel 7.32</b>	<b>ANOVA resultate: taalgroepidentiteit en selfgelding</b>	<b>312</b>
<b>Tabel 7.33</b>	<b>T<sub>r</sub>-toets resultate: kommunikasiemedium en houding</b>	<b>315</b>
<b>Tabel 7.34</b>	<b>T<sub>r</sub>-toets resultate: kommunikasiemedium en voorkeur</b>	<b>316</b>
<b>Tabel 7.35</b>	<b>T<sub>r</sub>-toets resultate: kommunikasiemedium en selfgelding</b>	<b>318</b>
<b>Tabel 7.36</b>	<b>T<sub>r</sub>-toets resultate: betrokkenheidskwadrant en houding</b>	<b>319</b>
<b>Tabel 7.37</b>	<b>T<sub>r</sub>-toets resultate: betrokkenheidskwadrant en voorkeur</b>	<b>320</b>
<b>Tabel 7.38</b>	<b>T<sub>r</sub>-toets resultate: betrokkenheidskwadrant en selfgelding</b>	<b>322</b>
<b>Tabel 7.39</b>	<b>T<sub>r</sub>-toets resultate: goedere-dienstekontinuum en houding</b>	<b>323</b>
<b>Tabel 7.40</b>	<b>T<sub>r</sub>-toets resultate: goedere-dienstekontinuum en voorkeur</b>	<b>325</b>
<b>Tabel 7.41</b>	<b>T<sub>r</sub>-toets resultate: goedere-dienstekontinuum en selfgelding</b>	<b>326</b>
<b>Tabel 7.42</b>	<b>Uitslag van die alternatiewe hipoteses</b>	<b>327</b>
<b>Tabel 7.43</b>	<b>Hipotese uitslag, afhanklike en onafhanklike veranderlikes</b>	<b>329</b>

## LYS VAN FIGURE

	<b>Bladsy</b>
<b>Figuur 1.1 Uiteensetting van die hoofstukke</b>	<b>25</b>
<b>Figuur 3.1 'n Verbruikersgedragmodel</b>	<b>64</b>
<b>Figuur 3.2 Sosiale klassestruktuur in Suid-Afrika en die VSA</b>	<b>85</b>
<b>Figuur 3.3 Bi-dimensionele model van diensstrategieë</b>	<b>110</b>
<b>Figuur 4.1 Bemarkingsraamwerk</b>	<b>127</b>
<b>Figuur 4.2 Goedere-dienstekontinuum</b>	<b>132</b>
<b>Figuur 4.3 Bemarkingskommunikasieproses</b>	<b>142</b>
<b>Figuur 6.1 CATI-stelsel op die rekenaarmonitor</b>	<b>216</b>
<b>Figuur 7.1 Respondente per ouderdomskategorie</b>	<b>253</b>
<b>Figuur 7.2 Respondente per inkomstekategorie</b>	<b>253</b>
<b>Figuur 7.3 Respondente per raskategorie</b>	<b>254</b>
<b>Figuur 7.4 Respondente per geslag</b>	<b>254</b>



## LYS VAN AFKORTINGS EN AKRONIEME

<b>AMPS</b>	All Media Product Survey
<b>ANC</b>	African National Congress
<b>ANOVA</b>	Eenrigting analise van variansie
<b>CATI</b>	Computer-assisted Telephone Interviewing
<b>CRM</b>	Customer Relationship Management
<b>FCB</b>	Foote, Cone & Belding
<b>LSM<sup>®</sup></b>	Living Standards Measure
<b>MFSA</b>	Marketing Federation of Southern Africa
<b>NFA</b>	Nasionale Forum vir Afrikaans
<b>NPS</b>	Net Promoter Score
<b>NTLA</b>	Nasionale Taalliggaam vir Afrikaans
<b>Pansat</b>	Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad
<b>RSG</b>	Radio Sonder Grense
<b>SAARF</b>	South African Research Foundation
<b>SABC</b>	South African Broadcasting Corporation
<b>SAV</b>	Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers
<b>SND</b>	Sekondêre navorsingsdoelwit
<b>VSA</b>	Verenigde State van Amerika

# HOOFSTUK 1

## Inleiding en motivering

---

### 1.1 INLEIDING

Bemarkers wat met verbruikers kommunikeer, het die verwagting dat hulle bemarkingsboodskap die verbruiker sal bereik en beïnvloed (Connett, 2004:2). Die taal waarin die bemarkingsboodskap gestuur word, moet egter vir die verbruiker verstaanbaar wees en ook binne 'n kultuurraamwerk plaasvind wat tot die verbruiker se emosie spreek (De Mooij, 2004:193). Daarom dat verskeie outeurs waarskynlik aanvoer dat bemarkingskommunikasie in 'n verbruiker se moedertaal meer doeltreffend is as bemarkingskommunikasie in enige ander taal wat deur die verbruiker verstaan word (De Villiers, 2005:43; Mashigo, 2005:38; Oosthuizen, 2004:64; Roslow & Nicholls, 1996:67; Ross, 1995:5).

Wêreldwyd word toenemend erkenning aan die belang van taalregte en veeltaligheid gegee, terwyl wegbeweeg word van 'n smeltkroes-ideologie waar gepoog word om 'n eenvormige etnisiteit tot stand te bring (Giliomee & Schlemmer, 2001:123; Huntington, 1996:64; Toffler, 1990:25). Die erkenning van taalregte as 'n basiese mensereg, spesifiek vir minderheidsgroepe, word vandag wyd aanvaar en gepropageer (Lubbe & Truter, 2005:38). Volgens dié outeurs gaan voorstanders van die siening, van die veronderstelling uit dat taal essensieel tot lewe is.

Wat die taalsituasie in Suid-Afrika betref, maak die grondwet, ná demokratisering in 1994, vir 11 amptelike landstale voorsiening. Hoewel hierdie beleid as regverdig beskou word, is die praktiese implikasies en uitvoerbaarheid daarvan dikwels moeilik en onduidelik omdat daar min of geen vaste riglyne hiervoor bestaan nie. Vanweë historiese en praktiese redes word Engels dikwels as

bemarkingstaal vir alle Suid-Afrikaanse verbruikers ingespan (De Villiers, 2005:43; Vorster, 2005:22).

Die Afrikaanse taal, as een van die 11 amptelike landstale, bevind hom in 'n unieke posisie. Voor 1994 het Afrikaans baie aansien geniet, veral vanweë die Afrikaner se politieke mag. Afrikaanssprekendes het egter na 1994 grootskaalse afskaling en uitskakeling van Afrikaans, onder meer as bemarkingstaal, beleef vanweë die Afrikaner se verlies aan politieke mag en aangesien Afrikaans se status sogenaamd aan die ander 10 landstale gelykgestel is (Du Plessis, 2004b:20). Buiten die afskaling wat Afrikaans beleef het, het Afrikaans sedert die 1990's 'n politieke sensitiewe saak geword as gevolg van Afrikaans se assosiasie met die apartheidsregering voor 1994 (Giliomee, 2005:276-277).

Afrikaans as bemarkingstaal staar dus 'n heel ander Suid-Afrika in die gesig as die een vóór en pas ná 1994. Die tersaaklikheid van Afrikaanse bemarkingskommunikasie is dikwels die onderwerp van bespreking onder adverteerders, reklame-agentskappe en die verbruikerspubliek. Twee uiteenlopende menings oor die Afrikaanssprekende verbruikersmark in Suid-Afrika kom na vore. Die een groep is oortuig dat die Afrikaanssprekende verbruikersmark dieselfde bemarkingskommunikasie as die res van die land se bevolking moet ontvang, naamlik, gewis in Engels. Die ander groep beskou Afrikaanssprekende verbruikers as 'n afsonderlike teikenmark met eiesoortige behoeftes na wie unieke bemarkingskommunikasieboodskappe versend moet word, en wel in Afrikaans. Hierdie twee uiteenlopende beskouings het noodwendig 'n uitwerking op maatskappye, adverteerders van produkte en ook op verbruikers.

Suid-Afrikaanse maatskappye word daagliks met die werklikheid van 'n veeltalige verbruikersomgewing gekonfronteer. Wanneer dit by die praktiese uitvoering van bemarkingskommunikasieboodskappe kom, word daar om verskeie redes nie aan

Afrikaans as bemarkingskommunikasietaal aandag gegee nie. Eerstens word dikwels geargumenteer dat dit polities nie-korrek, onnodig en onregverdig is om die Afrikaanssprekendes as 'n aantreklike teikenmark te beskou en met hulle in Afrikaans te kommunikeer (Du Toit, 2004a:49-50). Tweedens word bemarkingskommunikasie in Afrikaans as bevoordeling van Afrikaans bo die ander 10 amptelike landstale beskou. Derdens is daar sogenaamde verhoogde uitgawes vir adverteerders wat in meer as een taal met verbruikers moet kommunikeer (De Villiers, 2005:43). Vierdens word die argument, dat Afrikaanssprekendes almal Engels kan verstaan, dikwels as argument téén die gebruik (of vir die verminderde gebruik) van Afrikaanse bemarkingskommunikasie geopper (Vorster, 2005:22).

Uit *All Media Product Survey* (AMPS)-navorsing en ook navorsing gedoen deur Unisa se Buro vir Marknavorsing blyk dit dat die Afrikaanssprekende mark 'n "gerekende speler" is wat die grootste persentasie van die totale Suid-Afrikaanse mark se bestedingsvermoë verteenwoordig (*All Media Product Survey*, 2007; Mashigo, 2005:42; Vorster, 2005:23). Naas Zulu en Xhosa is Afrikaans die grootste taalgroep in Suid-Afrika. Boonop is hierdie teikenmark maklik bereikbaar deur verskeie Afrikaanse teikengerigte media wat 'n verskeidenheid onderwerpe dek, onder meer: die ekonomie, leefstyl, kos, babas en kleuters, vroue, buitelug en motors.

In redelik onlangse jare het sommige adverteerders studies onderneem met die doel om die Afrikaanssprekende verbruikersmark te kategoriseer en om dit beter te begryp ten einde meer effektief met hulle te kommunikeer (*Afrikaanse koopkrag verlang moedertaalreklame*, 2001:21). Een rede vir hierdie verhoogde fokus is die herontwaking van die Afrikanerkultuur. Gedurende die 1990's het dit voorgekom asof baie Afrikaners bewustelik van die Afrikanerkultuur wegbeweeg het. Volgens Korf (1998:328-9) was hierdie skuif tot 'n groot mate eintlik net 'n wegbeweeg van die politiek wat steeds by die Afrikanerkultuur geïmpliseer was.

Soos wat die politieke konnotasie aan die kultuur begin vervaag het, is toenemend plek gemaak vir 'n verhoogde bewuswording van kultuur by verskillende Afrikanergroeperings. In dié verband stel Du Plessis (1997:15) reeds 'n dekade gelede voor dat georganiseerde kultuur rondom Afrikaans moet wentel en nie rondom Afrikaners nie, aangesien laasgenoemde met wit politiek geassosieer word en nie in 'n nuwe konteks geduld sou word nie. Volgens die outeur wil dit voorkom asof wit Afrikaners ook die bruin gemeenskap as deel van die Afrikaanse taalgemeenskap begin beskou het. Hoewel dit moeilik is om 'n klinkklare definisie van hierdie opkomende Afrikaneridentiteit te gee, is dit duidelik dat die Afrikaanse taal 'n integrale deel daarvan uitmaak.

Die debat oor die Afrikaanssprekende verbruikersmark lewer teenstrydige menings in die populêre literatuur. Oënskynlik is Afrikaanssprekendes baie bereidwillig dat daar met hulle in Engels gekommunikeer word. Volgens Jacobs, toe kopieskrywer by *The Agency*, in 'n artikel in die tydskrif *De Kat*, lei hierdie situasie daartoe dat die Afrikaanse reklamebedryf aan 'n dun draadjie hang (*Die groot trek vorentoe*, 1999:29) (vergelyk soortgelyke, resente menings van Noganta, 2003:40; Vorster, 2005:22). Volgens Jacobs loop talle Afrikaanssprekendes met bagasie en skuldgevoelens rond as gevolg van die verlede en "daarom wil niemand die boot te veel skud nie" (*Die groot trek vorentoe*, 1999:29).

Hierdie siening strook weer nie met Stein, redakteur en aandeelhouer van *Ontspan* wat in die tydskrif *Marketing Mix* aanvoer dat die Afrikaanssprekende verbruikersmark lewend, belese en trots daarop is om te sê wat hulle wil lees en in watter taal, naamlik Afrikaans (*A relaxing read*, 2001:40) (vergelyk ook die mening van Mashigo, 2005:38). In dié verband voer Du Plessis, besturende direkteur van *Impact Information*, in die tydskrif *Financial Mail* aan dat dit 'n mite is om te veronderstel dat die Afrikaanssprekende verbruikersmark meestal tweetalig is en daarom in slegs Engels aangespreek hoef te word (*Afrikaans is*

*alive and waiting*, 2001:55). Du Toit (2004a:50) huldig 'n soortgelyke mening. Volgens Du Plessis verstaan 24% van Afrikaanssprekendes nie Engels goed genoeg om dit gemaklik te gebruik nie en selfs diegene wat dit goed verstaan, verkies dikwels om in Afrikaans aangespreek te word (*Afrikaans is alive and waiting*, 2001:55) (vergelyk ook Du Plessis, 2004a:125; Mashigo, 2005:38).

In aansluiting hierby wys gesaghebbende wetenskaplike bronne daarop dat, hoewel Engels dikwels as internasionale taal beskou word, dit nie noodwendig in werklikheid die geval is nie (Warden, Lai & Wu, 2002:73). Monye (2000:190) wys daarop dat daar geen universele besigheidstaal is nie en dat daar ook geen rede is waarom daar ooit een sal wees nie. Die outeur gee toe dat Engels tans wêreldwyd die mees gebruikte tweedetaal is. Tog verkies tweede- of derdetaalsprekers (wat vlot in Engels is) om tydens ontspanning en in dag-vir-dag-gebeure, insluitend dit wat aan hulle bemark word, hulle moedertaal te gebruik (Money, 2000:190).

Navorsing oor die belangrikheid van die taal waarin met verbruikers gekommunikeer word, is skaars. Met enkele uitsonderings het verbruikersnavorsers grootliks nagelaat om die effek van groepspeesifieke kommunikasie op die persepsies van verbruikers in verskillende subkulture te bestudeer (Koslow, Shamdasani & Touchstone, 1994:575) (vergelyk ook Du Plessis, 2004a:129). Ook navorsing oor die oorredingsprosesse vir tweetalige verbruikers beleef 'n droogte (Luna & Peracchio, 2005:43). Dit wil voorkom asof daar in Suid-Afrika tans verdeeldheid en onkunde bestaan oor die belang daarvan om met Afrikaanssprekende verbruikers in Afrikaans te kommunikeer. Boonop is weinig bekend oor hoe Afrikaanssprekende verbruikers self oor bemarkingskommunikasie in Afrikaans voel en of hulle dit hoegenaamd verkies (Bester & Hattingh, 2006:3). Die belangrikheid van Afrikaanse bemarkingskommunikasie aan Afrikaanssprekende verbruikers is dus grotendeels 'n onbeantwoorde vraagstuk in die Suid-Afrikaanse verbruikersomgewing.



## 1.2 PROBLEEMSTELLING

Teen hierdie agtergrond kan die probleemstelling van die studie as 'n driedelige vraag opgesom word: In die lig van die verandering rondom Afrikaans se posisie in Suid-Afrika sedert die vroeë 1990's,

- wat is Afrikaanssprekende verbruikers se houding teenoor Afrikaanse bemarkingskommunikasie;
- het Afrikaanssprekende verbruikers 'n voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie; en
- is Afrikaanssprekende verbruikers gewillig om hulleself te laat geld ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie?

### 1.2.1 Houding teenoor Afrikaanse bemarkingskommunikasie

Verskeie negatiewe en positiewe faktore kon sedert 1994 'n invloed op Afrikaanssprekende verbruikers se houding teenoor Afrikaanse bemarkingskommunikasie gehad het, onder meer Afrikaanssprekendes se verlies aan politiek mag; die gedeelde status van Afrikaans met 10 ander amptelike landstale; die grootskaalse afskaling van Afrikaans op haas alle terreine; en die polities sensitiewe aard van Afrikaans. Wat positiewe faktore betref, kry die belangrikheid van taal en taalregte van veral minderhede wêreldwyd al hoe meer erkenning; Afrikaanssprekende verbruikers vorm steeds 'n wesentlike deel van die koopkrag in Suid-Afrika en is maklik bereikbaar; en laastens beleef Afrikaans as kultuurinstrument 'n opbloei in Suid-Afrika.

### 1.2.2 Voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie

In die lig daarvan dat Engels as die *lingua franca* van Suid-Afrika beskou word en dat dikwels aanvaar word dat Afrikaanssprekende verbruikers Engels sodanig verstaan dat bemarkingskommunikasieboodskappe in Engels aan hulle gestuur

kan word, ontstaan die vraag wat Afrikaanssprekendes se voorkeur sou wees indien hulle die geleentheid gegee sou word om te kies tussen 'n bemarkingskommunikasieboodskap in Afrikaans of Engels.

### **1.2.3 Selfgeldig ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie**

In die lig van die voorafgaande posisie van Afrikaans en Afrikaanse bemarkingskommunikasie ontstaan die vraag of Afrikaanssprekende verbruikers bereid sou wees om hulleself te laat geld, al dan nie, wanneer dit by hulle voorkeur vir Afrikaans as bemarkingskommunikasietaal kom. Anders gestel, gaan dit daaroor of Afrikaanssprekendes bloot die keuse van bemarkingskommunikasietaal wat aan hulle gerig word, aanvaar of nie. Hierdie aspek van die studie gaan spesifiek oor die waarskynlike gedrag wat van Afrikaanssprekende verbruikers verwag kan word wanneer dit oor die gebruik van (of gebrek aan) Afrikaanse bemarkingskommunikasie gaan.

In die lig van die voorafgaande driedelige vraag as probleemstelling, kan die navorsingsprobleem as **'n gebrek aan beskikbare literatuur oor en kennis van Afrikaanssprekende verbruikers se houding, voorkeur en selfgeldig ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie**, geformuleer word. Op grond van hierdie navorsingsprobleem word 'n primêre navorsingsdoel en verskeie navorsingsdoelwitte, soos bespreek in die volgende afdeling, geformuleer.

### 1.3 PRIMÊRE EN SEKONDÊRE NAVORSINGSDOELWITTE

#### 1.3.1 Primêre navorsingsdoel

Om stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se houding, voorkeur en selfgelding ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie te bepaal en verder te ondersoek.

Ten einde die primêre navorsingsdoel van die studie aan te spreek, moet die sekondêre navorsingsdoelwitte van die studie eers bereik word. Ses sekondêre navorsingsdoelwitte (SND1 tot SND6) is geïdentifiseer.

#### 1.3.2 Sekondêre navorsingsdoelwitte

- ***Sekondêre navorsingsdoelwit 1*** (SND1):

Om verskille tussen stedelike Afrikaanssprekende verbruikers in terme van hulle demografiese eienskappe en hulle houding, voorkeur en selfgelding ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie te identifiseer.

- ***Sekondêre navorsingsdoelwit 2*** (SND2):

Om verskille tussen stedelike Afrikaanssprekende verbruikers in terme van hulle Engelse taalvaardigheid en hulle houding, voorkeur en selfgelding ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie te identifiseer.

- ***Sekondêre navorsingsdoelwit 3*** (SND3):

Om verskille tussen stedelike Afrikaanssprekende verbruikers in terme van hulle taalgroepidentiteit en hulle houding, voorkeur en selfgelding ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie te identifiseer.

- ***Sekondêre navorsingsdoelwit 4*** (SND4):

Om verskille in stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se houding, voorkeur en selfgeldigheid ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie en die medium van bemarkingskommunikasie te identifiseer.

- ***Sekondêre navorsingsdoelwit 5*** (SND5):

Om verskille in stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se houding, voorkeur en selfgeldigheid ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie en hulle produkbetrokkenheid te identifiseer.

- ***Sekondêre navorsingsdoelwit 6*** (SND6):

Om verskille in stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se houding, voorkeur en selfgeldigheid ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie en die produk se posisie op die goedere-dienstekontinuum te identifiseer.

#### **1.4 NAVORSINGSHIPOTESES**

Tabel 1.1 gee 'n uiteensetting van die onderskeie hipoteses, wat op grond van die ses gestelde navorsingsdoelwitte geformuleer is. 'n Totaal van 27 hipoteses word empiries in die studie getoets. Die hipoteses word in Hoofstuk 5 verder toegelig.

Tabel 1.1 Sekondêre navorsingsdoelwitte en toepaslike hipoteses

SEKONDÊRE NAVORSINGSDOELWITTE (SND) EN TOEPASLIKE HIPOTEESES	
<b>SND1</b>	<p>Om verskille tussen stedelike Afrikaanssprekende verbruikers in terme van hulle demografiese eienskappe en hulle houding, voorkeur en selfgelding ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie te identifiseer.</p> <p><i>H<sub>1.1a</sub></i>: Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers van verskillende <b>ouderdomsgroepe</b> verskil beduidend in terme van hulle <b>houding</b> teenoor Afrikaanse bemarkingskommunikasie.</p> <p><i>H<sub>1.1b</sub></i>: Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers van verskillende <b>ouderdomsgroepe</b> verskil beduidend in terme van hulle <b>voorkeur</b> vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie.</p> <p><i>H<sub>1.1c</sub></i>: Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers van verskillende <b>ouderdomsgroepe</b> verskil beduidend in terme van hulle <b>selfgelding</b> ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie.</p> <p><i>H<sub>1.2a</sub></i>: Hoë en lae <b>inkomstegroepe</b> stedelike Afrikaanssprekende verbruikers verskil beduidend in terme van hulle <b>houding</b> teenoor Afrikaanse bemarkingskommunikasie.</p> <p><i>H<sub>1.2b</sub></i>: Hoë en lae <b>inkomstegroepe</b> stedelike Afrikaanssprekende verbruikers verskil beduidend in terme van hulle <b>voorkeur</b> vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie.</p> <p><i>H<sub>1.2c</sub></i>: Hoë en lae <b>inkomstegroepe</b> stedelike Afrikaanssprekende verbruikers verskil beduidend in terme van hulle <b>selfgelding</b> ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie.</p> <p><i>H<sub>1.3a</sub></i>: <b>Wit en bruin</b> stedelike Afrikaanssprekende verbruikers verskil beduidend in terme van hulle <b>houding</b> teenoor Afrikaanse bemarkingskommunikasie.</p> <p><i>H<sub>1.3b</sub></i>: <b>Wit en bruin</b> stedelike Afrikaanssprekende verbruikers verskil beduidend in terme van hulle <b>voorkeur</b> vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie.</p> <p><i>H<sub>1.3c</sub></i>: <b>Wit en bruin</b> stedelike Afrikaanssprekende verbruikers verskil beduidend in terme van hulle <b>selfgelding</b> ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie.</p> <p><i>H<sub>1.4a</sub></i>: <b>Manlike en vroulike</b> stedelike Afrikaanssprekende verbruikers verskil beduidend in terme van hulle <b>houding</b> teenoor Afrikaanse bemarkingskommunikasie.</p> <p><i>H<sub>1.4b</sub></i>: <b>Manlike en vroulike</b> stedelike Afrikaanssprekende verbruikers verskil beduidend in terme van hulle <b>voorkeur</b> vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie.</p> <p><i>H<sub>1.4c</sub></i>: <b>Manlike en vroulike</b> stedelike Afrikaanssprekende verbruikers verskil beduidend in terme van hulle <b>selfgelding</b> ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie.</p>

SEKONDÊRE NAVORSINGSDOELWITTE (SND) EN TOEPASLIKE HIPOTEESES	
<b>SND2</b>	<p><b>Om verskille tussen stedelike Afrikaanssprekende verbruikers in terme van hulle Engelse taalvaardigheid en hulle houding, voorkeur en selfgelding ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie te identifiseer.</b></p> <p><i>H<sub>2a</sub>: Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n beter <b>Engelse taalvaardigheid</b> verskil beduidend van stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n swakker Engelse taalvaardigheid in terme van hulle <b>houding</b> teenoor Afrikaanse bemarkingskommunikasie.</i></p> <p><i>H<sub>2b</sub>: Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n beter <b>Engelse taalvaardigheid</b> verskil beduidend van stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n swakker Engelse taalvaardigheid in terme van hulle <b>voorkeur</b> vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie.</i></p> <p><i>H<sub>2c</sub>: Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n beter <b>Engelse taalvaardigheid</b> verskil beduidend van stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n swakker Engelse taalvaardigheid in terme van hulle <b>selfgelding</b> ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie.</i></p>
<b>SND3</b>	<p><b>Om verskille tussen stedelike Afrikaanssprekende verbruikers in terme van hulle taalgroepidentiteit en hulle houding, voorkeur en selfgelding ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie te identifiseer.</b></p> <p><i>H<sub>3a</sub>: Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n sterker <b>taalgroepidentiteit</b> verskil beduidend van stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n laer taalgroepidentiteit in terme van hulle <b>houding</b> teenoor Afrikaanse bemarkingskommunikasie.</i></p> <p><i>H<sub>3b</sub>: Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n sterker <b>taalgroepidentiteit</b> verskil beduidend van stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n laer taalgroepidentiteit in terme van hulle <b>voorkeur</b> vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie.</i></p> <p><i>H<sub>3c</sub>: Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n sterker <b>taalgroepidentiteit</b> verskil beduidend van stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n laer taalgroepidentiteit in terme van hulle <b>selfgelding</b> ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie.</i></p>
<b>SND4</b>	<p><b>Om verskille in stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se houding, voorkeur en selfgelding ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie en die medium van bemarkingskommunikasie te identifiseer.</b></p> <p><i>H<sub>4a</sub>: Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se <b>houding</b> teenoor Afrikaanse bemarkingskommunikasie verskil beduidend ten opsigte van die <b>medium van bemarkingskommunikasie</b>.</i></p> <p><i>H<sub>4b</sub>: Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se <b>voorkeur</b> vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie verskil beduidend ten opsigte van die <b>medium van bemarkingskommunikasie</b>.</i></p>

<b>SEKONDÊRE NAVORSINGSDOELWITTE (SND) EN TOEPASLIKE HIPOTEESES</b>	
	<p><i>H<sub>4c</sub></i>: Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se <b>selfgelding</b> ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie verskil beduidend in terme van die <b>medium van bemarkingskommunikasie</b>.</p>
<b>SND5</b>	<p><b>Om verskille in stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se houding, voorkeur en selfgelding ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie en hulle produkbetrokkenheid te identifiseer.</b></p> <p><i>H<sub>5a</sub></i>: Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se <b>houding</b> teenoor Afrikaanse bemarkingskommunikasie verskil beduidend ten opsigte van hulle <b>produkbetrokkenheid</b>.</p> <p><i>H<sub>5b</sub></i>: Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se <b>voorkeur</b> vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie verskil beduidend ten opsigte van hulle <b>produkbetrokkenheid</b>.</p> <p><i>H<sub>5c</sub></i>: Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se <b>selfgelding</b> ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie verskil beduidend ten opsigte van hulle <b>produkbetrokkenheid</b>.</p>
<b>SND6</b>	<p><b>Om verskille in stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se houding, voorkeur en selfgelding ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie en die produk se posisie op die goedere-dienstekontinuum te identifiseer.</b></p> <p><i>H<sub>6a</sub></i>: Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se <b>houding</b> teenoor Afrikaanse bemarkingskommunikasie verskil beduidend ten opsigte van die produk se posisie op die <b>goedere-dienstekontinuum</b>.</p> <p><i>H<sub>6b</sub></i>: Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se <b>voorkeur</b> vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie verskil beduidend ten opsigte van die produk se posisie op die <b>goedere-dienstekontinuum</b>.</p> <p><i>H<sub>6c</sub></i>: Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se <b>selfgelding</b> ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie verskil beduidend ten opsigte van die produk se posisie op die <b>goedere-dienstekontinuum</b>.</p>

Die empiriese navorsing spreek spesifieke aspekte van Afrikaanssprekende verbruikers se houding, voorkeur en selfgelding ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie aan. In Hoofstuk 5 word die teoretiese begroning, wat elkeen van die hipoteses ondersteun, verskaf.

## **1.5 DIE BELANGRIKHEID VAN DIE STUDIE**

Hierdie studie het ten doel om die houding, voorkeur en selfgeldig van stedelike Afrikaanssprekende verbruikers en onderskeie demografiese groepe binne die Afrikaanssprekende teikenmark, ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie te bepaal en verder te ondersoek. Dit kan moontlik bydra tot die verbreding van kennis aangaande stedelike Afrikaanssprekende verbruikers as teikengroep. Die resultate sal moontlik antwoorde genereer op die vraag of dit die moeite en koste werd is om Afrikaanse bemarkingskommunikasie aan Afrikaanssprekende verbruikers, of segmente daarvan, te rig. In dié verband voer Brand (2004:102) aan dat die insameling van inligting oor Afrikaans nodig is vir taalbeplanning. Dit is belangrik om te verstaan waarom mense Afrikaans gebruik of nie gebruik nie, naamlik: vir watter doel, wanneer, waar, hoe, en ook gebruikers se doelwitte en die funksies wat hulle met die taal wil verrig.

In terme van 'n breër perspektief op Afrikaans as taal, beskou kenners onder meer die ekonomiese bruikbaarheid en nuttigheid van 'n taal as onweglaatbaar noodsaaklik vir 'n taal se oorlewing (Brand, 2004:92; Scholtz 2001:10; Steyn, 1996:12; Webb, 2004a:102). Juis hierdie veronderstelling bevestig die belangrikheid van hierdie ondersoek na Afrikaanssprekendes se houding, voorkeur en selfgeldig ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie om sodoende moontlik aan te dui of die Afrikaanse taal op die terrein van bemarkingskommunikasie, bruikbaarheid en gevolglik finansiële belangrikheid inhou.

## **1.6 NAVORSINGSONTWERP**

Die hoofmomente van die navorsingsontwerp word oorsigtelik in die onderstaande afdeling uitgelig. 'n Diepgaande bespreking van die literatuuroorsig volg in Hoofstuk 2 tot 4, Hoofstuk 5 gee (soos reeds genoem) die teoretiese



begroning van die 27 hipoteses, terwyl die empiriese opname breedvoerig in Hoofstuk 6 uiteengesit word.

Die empiriese opname het voldoen aan die vereistes van kwantitatiewe navorsing. Primêre data is aan die hand van gestruktureerde vraelyste, wat as meetinstrument gedien het, met behulp van rekenaargesteunde telefoononderhoude ingesamel. Die vraelys is op grond van 'n omvattende literatuuroorsig ontwikkel. Die teikenpopulasie was stedelike Afrikaanssprekende verbruikers in Suid-Afrika van 19 jaar en ouer (sien Afdeling 6.3.1 vir die motivering van die ouderdomskriteria). Die steekproefraamwerk vir hierdie studie was 'n telefoonlys bestaande uit 3 000 maatskappywerknemers. Die steekproefraamwerk is volgens bepaalde kriteria, naamlik: werkende mense; in Suid-Afrikaanse stede; met tipiese Afrikaanse vanne, opgestel en by 'n lysmakelaar aangekoop. Die vraelys is vooraf by verbruikers in onder meer die steekproefraamwerk getoets. 'n Verteenwoordigende steekproef van die teikenpopulasie is op 'n nie-ewekansige wyse met behulp van 'n kwotasteekproef verkry. Data is geverifieer om te verseker dat geen data-invoerfoute gemaak is nie. Data-ontleding is met behulp van die Microsoft-program, Statistica<sup>®</sup> gedoen. Verskeie data-ontledingsprosedures, insluitend kruistabulering, frekwensieverspreiding, faktorontleding en enkelveranderlike ontledings is gedoen. Betroubaarheid- en geldigheidstoetsing is ook uitgevoer.

## **1.7 KONSEPTUELE RAAMWERK**

### **1.7.1 Afhanklike veranderlikes**

In die praktyk word die term veranderlike as 'n sinoniem vir konstruk, of die entiteit wat bestudeer word, gebruik (Cooper & Schindler, 2006:40). 'n Konstruk is 'n beeld of abstrakte idee wat spesifiek met die oog op bepaalde navorsing ontwikkel word. Konsepte bestaan uit progressiewe vlakke van abstraksie – dit

verwys na die graad waartoe die konsep iets objektief het om na te verwys of nie (Cooper & Schindler, 2006:37). Konstrukte word opgebou uit die kombinasie van konkrete konsepte, veral wanneer die konstruk abstrak is (Churchill & Iacobucci, 2002:400; Welman & Kruger, 1999:24).

Konstrukte/veranderlikes wat in die verbruikersomgewing ondersoek word, is dikwels psigologiese veranderlikes wat nie direk waarneembaar is nie (Churchill & Iacobucci, 2002:400). Ten einde onwaarneembare konstrukte te meet, moet afleidings van die wyse waarop 'n individu ten opsigte van 'n stimulus reageer, gemaak word. Zikmund (2003:308) verwys hierna as hipotetiese konstrukte. Dit is dus veranderlikes wat nie direk waargeneem kan word nie, maar wat op 'n indirekte wyse, deur byvoorbeeld verbale uitdrukking of openbare gedrag, gemeet word. In hierdie studie word na die veranderlikes houding, voorkeur en selfgelling as hipotetiese konstrukte verwys. Hierdie drie hipotetiese konstrukte tree as afhanklike veranderlikes op, aangesien hierdie veranderlikes in die navorsing gemeet word (Cooper & Schindler, 2006:40).

#### *1.7.1.1 Houding as konstruk*

Sosiale psigoloë gebruik die term houding om na mense se evaluering van feitlik enige aspek van die sosiale wêreld te verwys (Baron, Byrne & Branscombe, 2006:125). Zikmund (2003:308) definieer houding as 'n durende disposisie om konstant op 'n gegewe manier ten opsigte van verskeie aspekte in die wêreld te reageer, bestaande uit 'n kognitiewe, affektiewe en gedragskomponent. Vir die studie is 'n bekende en meetbare konsep vir elkeen van die drie komponente gekies. Die kognitiewe komponent is gemeet deur te bepaal tot watter mate Afrikaanssprekende verbruikers dit as 'n reg beskou om Afrikaanssprekende bemarkingskommunikasie te ontvang. Die affektiewe komponent is gemeet deur te bepaal tot watter mate Afrikaanssprekende verbruikers dit waardeer wanneer hulle Afrikaanse bemarkingskommunikasie ontvang. Die gedragskomponent is

gemeet deur te bepaal hoe waarskynlik Afrikaanse bemarkingskommunikasie 'n verbruiker sal beïnvloed om 'n produk: 1) aanvanklik te koop; 2) aan te beveel vir ander; en 3) te bly ondersteun. Houding is geoperasionaliseer as 'n stel van twee vyfpunt Likertskale (10 stellings per skaal), met die responsmoontlikhede "Stem glad nie saam nie" (1) en "Stem volkome saam" (5) as ankerpunte en een elfpunt gedragsintensie-skaal (12 stellings), met die responsmoontlikhede "Glad nie waarskynlik nie" (0) en "Hoogs waarskynlik" (10) as ankerpunte.

#### *1.7.1.2 Voorkeur as konstruk*

Voorkeur word deur Holbrook en Schindler (1991:330) as 'n algemene behae/geneentheid of gunstige indruk ten opsigte van objekte beskryf. Voorkeur dui daarop dat een objek bo 'n ander objek verkies word (Griffin, 2003:265; Koekemoer, 2004:85). In hierdie studie is voorkeur gekonseptualiseer deur na verskillende situasies te verwys waar verbruikers 'n keuse tussen Afrikaanse bemarkingskommunikasie en Engelse bemarkingskommunikasie gegee word. Voorkeur is geoperasionaliseer deurdat respondente 10 stellings op 'n vyfpunt Likertskaal, met die responsmoontlikhede "Stem glad nie saam nie" (1) en "Stem volkome saam" (5) as ankerpunte, moes evalueer.

#### *1.7.1.3 Selfgelding as konstruk*

Vir die doeleindes van die huidige studie verwys die konstruk selfgelding na die vermoë om vir eie billike regte op te kom en om met selfvertroue 'n versoek ten opsigte hiervan te rig (Shelton, 1977:465; Wilk & Coplan, 1977:460-461). Selfgelding is in die studie gekonseptualiseer deur na verskillende verbruikersituasies te verwys waarin respondente moes aantoon of hulle bereid sou wees om 'n versoek te rig om Afrikaanse bemarkingskommunikasie te ontvang.

Selfgeldig is geoperasionaliseer deurdat respondente 10 stellings op 'n elfpunt gedragsintensieskaal, met die responsmoontlikhede "Glad nie waarskynlik nie" (0) en "Hoogs waarskynlik" (10) as ankerpunte, moes evalueer.

## **1.7.2 Onafhanklike veranderlikes**

Die onderlinge verhouding tussen veranderlikes vorm ook 'n belangrike komponent van hierdie studie. Onafhanklike veranderlikes word deur navorsers gemanipuleer wat dan weer 'n effek op die afhanklike veranderlikes uitoefen (Cooper & Schindler, 2006:40). Die volgende onafhanklike veranderlikes, wat moontlik 'n effek op die afhanklike veranderlikes kon hê, is geïdentifiseer:

### *1.7.2.1 Demografiese veranderlikes*

- **Ouderdom**

Die konsep ouderdom is as drie groepe geoperasionaliseer, naamlik jonger Afrikaanssprekende verbruikers (19-35 jaar), middel ouderdomsgroep Afrikaanssprekende verbruikers (36-55 jaar) en ouer Afrikaanssprekende verbruikers (55+ jaar).

- **Inkomste**

Die konsep inkomste is gespesifiseer as 'n huishouding se maandelikse bestebare inkomste. Die konsep is ooreenkomstig die inkomstegroepe van die *South African Advertising Research Foundation* (SAARF) (2007:55) se *Living Standards Measure* (LSM<sup>®</sup>) geoperasionaliseer.

- **Ras**

Die konsep ras is as vier groepe, naamlik: wit, bruin, swart en Asiër geoperasionaliseer. Ter wille van die somtyds sensitiewe konnotasies aan ras, is die term bevolkingsgroep eerder in die vraelys gebruik. Maar in hierdie studie sélf

is die term ras gebruik, aangesien die term vir lesers van hierdie studie onwaarskynlik sensitief sal wees.

- **Geslag**

Die konsep geslag is as manlik en vroulik geoperasionaliseer.

#### *1.7.2.2 Engelse taalvaardigheid*

Die konstruk Engelse taalvaardigheid is uit die konsepte verstaan, lees, praat en skryf van Engels, saamgestel. Engelse taalvaardigheid is geoperasionaliseer deurdat respondente op 'n vyfpunt semantiese differensiaalskaal, met die responsmoontlikhede "Baie swak" en "Uitstekend" as die bipolêre byvoeglike naamwoorde, hulleself ten opsigte van elk van die konsepte moes evalueer.

#### *1.7.2.3 Afrikaanse taalgroepidentiteit*

Die konstruk Afrikaanse taalgroepidentiteit verwys na die sterkte waarmee 'n respondent met Afrikaanssprekendes as groep identifiseer. Die konstruk is geoperasionaliseer deur Brown, Condor, Mathews, Wade en Williams (1986:276) se skaal wat die sterkte van identifikasie met 'n verskeidenheid van groepe meet. Hierdie skaal bestaan uit 10 stellings, waarvan vyf bevestigend en vyf ontkenend is. Die stellings is op 'n vyfpunt Likertskaal met die responsmoontlikhede "Stem glad nie saam nie" (1) en "Stem volkome saam" (5) as ankerpunte, gemeet.

#### *1.7.2.4 Bemerkingskommunikasiemedium*

Bemerkingskommunikasie word deur Keller (2001:819) beskryf as die middel waarmee maatskappye poog om op 'n direkte of indirekte wyse verbruikers in te lig, te oortuig of te herinner aan die produk wat hulle verkoop. Keller (2001:823)

beskryf bemarkingskommunikasie voorts as die “stem” van ’n handelsmerk en die wyse waarop maatskappye ’n gesprek met verbruikers aangaande hulle produkaanbiedings vestig. Die bemarkingskommunikasieboodskap se oordrag vind deur ’n medium of kanaal plaas (Koekemoer, 2004:46). Vir die doeleindes van hierdie studie is die konstruk bemarkingskommunikasiemedium uit die konsepte kontakpersoneel (bankpersoneellid en restaurantkelner), tasbare kommunikasie (bankbrosjure, restaurantspyskaart) verpakking (verpakkingsinligting) en reklame (advertensie) saamgestel.

#### *1.7.2.5 Produkbetrokkenheid*

Die konstruk produkbetrokkenheid is met behulp van Foote, Cone en Belding se kommunikasiemodel, bekend as die FCB-matriks gekonseptualiseer (Vaughn, 1986:57) (vergelyk ook Ratchford, 1987:24). Volgens die model, wat hoë-lae betrokkenheid en linker-regterbrein spesialisering kombineer, verskil verbruikersreaksie van hoë teenoor lae betrokkenheid produkte en dáárdie produkte wat meer denke (linkerbrein) as gevoelinsinligting (regterbrein) vereis (vir ’n bespreking van die model, sien Afdeling 4.3.1). Hierdie model verdeel produkte volgens vier primêre aankoopbesluite. Beide Ratchford (1987:31) en Vaughn (1986:58) maak van surrogaatprodukte (ook genoem plaasvervangende produkte) gebruik om elkeen van die vier primêre aankoopbesluite te verteenwoordig. Die vier aankoopbesluite is:

- **Inligtinggewend** wat hoë betrokkenheid/dink behels – bank dien as surrogaat in hierdie studie;
- **Emosioneel** wat hoë betrokkenheid/gevoel behels – aansitrestaurant dien as surrogaat in hierdie studie;
- **Gewoonte** wat lae betrokkenheid/dink behels – haarsjampoe dien as surrogaat in hierdie studie; en

- **Bevrediging** wat lae betrokkenheid/gevoel behels – sjokolade dien as surrogaat in hierdie studie.

### 1.7.2.6 *Goedere-dienstekontinuum*

Produkte kan op 'n kontinuum geplaas word met 'n suiwer diens aan die een kant van die kontinuum en 'n suiwer produk aan die teenoorgestelde kant van die kontinuum (Kotler & Keller, 2006:403). In hierdie studie is gebruik gemaak van 'n suiwer diens (bank het as surrogaat gedien), 'n goedere-dienstekruising (aansitrestaurant het as surrogaat gedien ) en 'n suiwer produk (haarsjampoe en sjokolade het as surrogaat gedien).

Duidelikheidshalwe word in Tabel 1.2 'n opsommende uiteensetting van die surrogaatprodukte, wat gebruik is vir die onafhanklike veranderlikes: bemarkingskommunikasiemedium (Afdeling 1.7.2.4), produkbetrokkenheid (Afdeling 1.7.2.5) en goedere-dienstekontinuum (Afdeling 1.7.2.6) gegee.

**Tabel 1.2 Surrogate vir bemarkingskommunikasiemedium, produkbetrokkenheid en goedere-dienstekontinuum**

SURROGAAT	BEMARKINGS-KOMMUNIKASIEMEDIUM		PRODUK-BETROKKENHEID	GOEDERE-DIENSTE-KONTINUUM
Bank	Kontak-personeel	Personeellid	Inligtinggewend: Hoë betrokkenheid/ dink	Suiwer diens
	Tasbare kommunikasie	Brosjure		
	Reklame	Advertensie		
Aansit-restaurant	Kontak-personeel	Kelner	Emosioneel: Hoë betrokkenheid/ gevoel	Goedere-dienstekruising
	Tasbare kommunikasie	Spyskaart		
	Reklame	Advertensie		
Haarsjampoe	Verpakking	Verpakkingsinligting	Gewoonte: Lae betrokkenheid/ dink	Suiwer produk
	Reklame	Advertensie		
Sjokolade	Verpakking	Verpakkingsinligting	Bevrediging: Lae betrokkenheid/ gevoel	Suiwer produk
	Reklame	Advertensie		

In Tabel 1.3 word 'n opsomming van die hipoteses (Afdeling 1.4), afhanklike veranderlikes (Afdeling 1.7.1) en onafhanklike veranderlikes (Afdeling 1.7.2) van hierdie studie verskaf. Die doel van hierdie tabel is om die leesbaarheid van die studie te vergemaklik, aangesien die leser hier, in een oogopslag, die verhouding tussen die hipoteses, afhanklike en onafhanklike veranderlikes kan sien.

**Tabel 1.3 Hipoteses, afhanklike en onafhanklike veranderlikes**

		<b>AFHANKLIKE VERANDERLIKES</b>		
		<b>Houding</b>	<b>Voorkeur</b>	<b>Selfgeldig</b>
<b>ONAFHANKLIKE VERANDERLIKES</b>	<b>Ouderdom</b>	H <sub>1.1a</sub>	H <sub>1.1b</sub>	H <sub>1.1c</sub>
	<b>Inkomste</b>	H <sub>1.2a</sub>	H <sub>1.2b</sub>	H <sub>1.2c</sub>
	<b>Ras</b>	H <sub>1.3a</sub>	H <sub>1.3b</sub>	H <sub>1.3c</sub>
	<b>Geslag</b>	H <sub>1.4a</sub>	H <sub>1.4b</sub>	H <sub>1.4c</sub>
	<b>Engelse taalvaardigheid</b>	H <sub>2a</sub>	H <sub>2b</sub>	H <sub>2c</sub>
	<b>Taalgroepidentiteit</b>	H <sub>3a</sub>	H <sub>3b</sub>	H <sub>3c</sub>
	<b>Bemarkings-kommunikasiemedium</b>	H <sub>4a</sub>	H <sub>4b</sub>	H <sub>4c</sub>
	<b>Produkbetrokkenheid</b>	H <sub>5a</sub>	H <sub>5b</sub>	H <sub>5c</sub>
	<b>Goedere-dienstekontinuum</b>	H <sub>6a</sub>	H <sub>6b</sub>	H <sub>6c</sub>

## **1.8 DEFINISIE VAN TERME**

Naas die veranderlikes of konstrunkte wat in die Afdeling 1.7 bespreek is, word die volgende terme wat in die studie gebruik word, ter wille van duidelikheid omskryf.



### **1.8.1 Stedelik**

Die opname is onder respondente woonagtig in die metropole van Johannesburg, Durban, Kaapstad, Oos-Londen, Bloemfontein, Pretoria en Port Elizabeth gedoen. Daarom word respondente as onder meer stedelik beskryf.

### **1.8.2 Afrikaanssprekende**

Dit is belangrik om daarop te let dat vir doeleindes van hierdie studie 'n Afrikaanssprekende as enige persoon wat Afrikaans as voertaal gebruik en hom/haarself as Afrikaanssprekend beskou, gedefinieer word. In Hoofstuk 2 word die term omvattend bespreek. Naas Afrikaanssprekende, gebruik Brand (2004:95) die term "Afrikaansgebruikers" om te verwys na diegene wat Afrikaans gebruik, al is dit nie hulle moedertaal nie. In die studie word volstaan met Afrikaanssprekende(s).

### **1.8.3 Moedertaal**

Moedertaal is, volgens die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns (2006:5), die taal wat eerste aangeleer word, gewoonlik hoofsaaklik deur die toedoen van die moeder, of taal wat die meeste in die huis gebruik word, waarmee iemand die beste kan identifiseer of wat iemand die beste ken.

### **1.8.4 Verbruiker**

'n Verbruiker word as 'n persoon wat 'n behoefte of begeerte identifiseer, 'n aankoop maak en daarna die produk benut, omskryf (Solomon, 2002:5). Dit kan egter, volgens die outeur wees dat die aankoper en gebruiker van die produk nie dieselfde persoon is nie of dat die verbruiker 'n groep of organisasie is. Tradisioneel word die term verbruiker (*consumer*) gebruik om na persone te

verwys wat deel van 'n huishouding is, terwyl die ooreenstemmende term vir die besigheidsmark 'n klant (*customer*) is (Cant, Brink & Brijball, 2002:3). 'n Persoon wat in 'n bank of restaurant bedien word, sal dus as 'n klant van die bank of restaurant beskou word, terwyl die aankoper van haarsjampoe en sjokolade weer as 'n verbruiker van die produk beskou kan word (Cant *et al.*, 2002:3). Ten einde die uiteenlopende gebruik van terme te oorkom, word die term verbruiker inklusief in hierdie studie gebruik.

### **1.8.5     Produk**

Die term produk verwys in die studie inklusief na goedere en dienste. Waar slegs goedere of dienste ter sprake is, word laasgenoemde twee terme onderskeidelik gebruik. Die term suiwer produk verwys na suiwer, tasbare goedere.

### **1.8.6     Bank**

Hierdie term verwys na die konsep van 'n finansiële instelling waardeur verbruikers hulle persoonlike finansies kan bestuur. Die konsep vorm deel van die konstruk produkbetrokkenheid en dien as surrogaat vir die **inligtinggewende kwadrant** (hoë betrokkenheid/dink) van die FCB-matriks. Die konsep vorm ook deel van die konstruk goedere-dienstekontinuum en tree as surrogaat vir 'n suiwer diens op.

### **1.8.7     Aansitrestaurant**

Die term verwys na die konsep van 'n eetplek waar verbruikers deur 'n kelner bedien word. Die konsep vorm deel van die konstruk produkbetrokkenheid en dien as surrogaat vir die **emosionele kwadrant** (hoë betrokkenheid/gevoel) van die FCB-matriks. Die konsep vorm ook deel van die konstruk goedere-dienstekontinuum en tree as surrogaat vir 'n goedere-dienstekruising op.

### 1.8.8 Haarsjampoe

Die term verwys na 'n persoonlike higiëne produk wat deur verbruikers aangewend word om hare te was. Die konsep vorm deel van die konstruk produkbetrokkenheid en dien as surrogaat vir die **gewoontekwadrant** (lae betrokkenheid/dink) van die FCB-matriks. Die konsep vorm ook deel van die konstruk goedere-dienstekontinuum en tree as surrogaat vir 'n suiwer produk op.

### 1.8.9 Sjokolade

Hierdie term verwys na enige verpakte sjokoladeproduk. Die konsep vorm deel van die konstruk produkbetrokkenheid en dien as surrogaat vir die **bevredigingkwadrant** (lae betrokkenheid/gevoel) van die FCB-matriks. Die konsep vorm ook deel van die konstruk goedere-dienstekontinuum en tree as surrogaat vir 'n suiwer produk op.


## 1.9 OMVANG EN AFBAKENING VAN DIE STUDIE

Die navorsing het ten doel om stedelike verbruikers, wat hulleself as Afrikaanssprekend beskou, se houding, voorkeur en selfgeding ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie te ondersoek. Die studie word nie onder verbruikers van 'n bepaalde kultuur- of rasgroep ondersoek nie, maar wel onder verbruikers van 'n taalgroep, ongeag of die lede van hierdie taalgroep hulleself tot dieselfde kultuur- of rasgroep beskou al dan nie. Die studie word tot stedelike Afrikaanssprekende verbruikers van 19 jaar en ouer in sewe metropoolgebiede van Suid-Afrika beperk en sluit dus plattelandse Afrikaanssprekende verbruikers uit. In die lig hiervan kan die resultate nie na alle Afrikaanssprekende verbruikers veralgemeen word nie. Die hoeveelheid bemarkingskommunikasie-elemente is te groot om almal by die studie in te sluit. Daarom is sekere elemente geselekteer en ander (byvoorbeeld borgskappe en digitale of nuwe media) uitgesluit.

## 1.10 UITEENSETTING VAN DIE HOOFSTUKKE

Die studie word in 8 hoofstukke, insluitend hierdie een, beskryf. In hierdie hoofstuk is 'n kort oorsig oor die literatuur en die navorsingsprobleem verskaf; die navorsingsdoelwitte en hipoteses is gestel; die navorsingsontwerp is kortliks beskryf, die vernaamste konstrukte en konsepte is verduidelik en gedefinieer en 'n afbakening van die studie is gegee. 'n Visuele voorstelling van die uiteensetting van die hoofstukke word in Figuur 1.1 gegee.

**Figuur 1.1** Uiteensetting van die hoofstukke



## **Hoofstuk 2: Veeltaligheid en Afrikaans in Suid-Afrika**

Hoofstuk 2 is die eerste hoofstuk van die literatuuroorsig. In hierdie hoofstuk word kortliks aandag aan die belangrikheid van taal gegee. Inligting oor die oorsprong van tale in Suid-Afrika, met klem op die geskiedenis van Afrikaans, word verskaf. Die grondwet en veeltaligheid, na die demokratisering van Suid-Afrika in 1994, word belig. Die sprekers van Afrikaans word in oënskou geneem en ook die debat wat die afgelope twee of meer dekades rondom die taal en sy sprekers ontstaan het. Ter afsluiting van die hoofstuk word na nuwe energie, wat rondom Afrikaans posgevat het, verwys.

## **Hoofstuk 3: Verbruikersgedrag**

Hoofstuk 3 behels literatuur wat met die gedrag van verbruikers verband hou. Klem word op eienskappe wat verbruikers se gedrag beïnvloed geplaas, naamlik kulturele, sosiale, persoonlike en psigologiese faktore. Die afhanklike veranderlikes wat in hierdie studie gebruik word, naamlik: houding, voorkeur en selfgelling word bespreek en ook drie van die onafhanklike veranderlikes, naamlik: demografiese eienskappe; Engelse taalvaardigheid en taalgroepidentiteit. Die hoofstuk word met die belangrikheid van marksegmentering en 'n bespreking van die verbruikersbesluitnemingsproses afgesluit.

## **Hoofstuk 4: Elemente van die bemarkingsmengsel**

Hierdie hoofstuk word grootliks aan twee elemente (oftewel twee "P's") van die bemarkingsmengsel, naamlik produkte en bemarkingskommunikasie, gewy. Die elemente word aan die hand van 'n bemarkingsraamwerk belig. Ten opsigte van produkte word aan produkbetrokkenheid en die goedere-dienstekontinuum aandag geskenk. Wat bemarkingskommunikasie betref, word onder meer na die doel, proses en elemente daarvan gekyk. Ondersoek word na effektiewe en geïntegreerde bemarkingskommunikasie; akkommodasie in bemarkingskommunikasie; en moedertaalbemarkingskommunikasie ingestel. Aan die hand

van literatuur, grootliks afkomstig uit die Verenigde State van Amerika (VSA), word na Afrikaanse bemarkingskommunikasie, met spesifieke verwysing na die reklame- en media-industrie, ondersoek ingestel. Die bemarkingskommunikasie-mediums wat vir hierdie studie relevant is, word aan die einde van Hoofstuk 4 uiteengesit.

### **Hoofstuk 5: Probleemstelling en formulering van hipoteses**

In Hoofstuk 5 word daar, gebaseer op die literatuuoroorsig in Hoofstuk 2 tot 4, teoretiese begronding vir die 27 hipoteses van die studie verskaf.

### **Hoofstuk 6: Navorsingsontwerp en -metodologie**

In hierdie hoofstuk word die navorsingsontwerp en metodologie wat gevolg is, uiteengesit. Hier word die steekproef, steekproefraamwerk en ook die samestelling van die meetinstrument bespreek. Die hoofstuk word afgesluit met 'n kort bespreking van die statistiese tegnieke wat in die data-ontleding gebruik is.

### **Hoofstuk 7: Navorsingsbevindings en bespreking**

In Hoofstuk 7 word die navorsingsbevindings van die empiriese navorsing uiteengesit. Die bevindings sluit die algemene en spesifieke resultate en ook hipotesetoetsing in. Die resultate word op so 'n wyse aangebied, geïnterpreteer en bespreek dat toepaslike gevolgtrekkings gemaak kan word.

### **Hoofstuk 8: Gevolgtrekkings en aanbevelings**

In die slothoofstuk word 'n opsomming van die vernaamste resultate weergegee en word gevolgtrekkings gemaak. Die hoofstuk word afgesluit deur beperkings in die studie uit te wys en voorstelle vir toekomstige navorsing aan die hand te doen.



## HOOFSTUK 2

### Veeltaligheid en Afrikaans in Suid-Afrika

---

#### 2.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word kortliks aangetoon waarom die taal (of tale) van 'n land belangrik is. Daar word ook oorsigtelik na die oorsprong en verdeling van die tale in Suid-Afrika gekyk en hoe die taalbedeling sedert die ontstaan van die land daaruit gesien het. Die fokus verskuif dan na die veeltalige bedeling in Suid-Afrika ná 1994 en hoe dit die onderskeie taalgroepe, veral Afrikaans, raak. Ten slotte word die Afrikaanse taal van nader bekyk – wie die sprekers daarvan is en wat die debat behels wat rondom die taal ontstaan het.

Die inwoners van Suid-Afrika het sedert die land se demokratisering in die begin van die 1990's 'n tydperk van intensiewe verandering op onder meer politieke, ekonomiese en veral sosiale gebied ondergaan. Die sosiale verandering het noodwendig ook 'n invloed op die tale wat in die land gebruik word (Van Rensburg, 1992:183). In Suid-Afrika is gesprekvoering oor taal algemeen in die lig van die rol wat taal in die geskiedenis van die land gespeel het en die werklikheid van 11 amptelike tale.

#### 2.2 BELANGRIKHEID VAN TAAL

Taal is, volgens Webb (1998:50), 'n simbool van die mens se sosiokulturele identiteit en daarom bied dit aan mense 'n hawe. Die veronderstelling word ook gemaak dat taal essensieel tot lewe is (Lubbe & Truter, 2005:31) en dat taal 'n emosionele kwessie is (Kotzé, 2006a:6). Behalwe dat taal as kommunikasie-instrument in die menslike gemeenskap dien, is taal ook 'n simbool van 'n gemeenskap se mees besondere prestasies: onder meer sy kennis, wysheid,



wetenskap en kuns (Senekal, 1998:90; Van Rensburg, Malherbe & Landman, 2001a:8).

Taal is belangrik omdat dit 'n fundamentele reg is waardeur 'n landsburger sy individuele vryheid en menswaardigheid gestalte gee en uitleef. Enigiemand wat 'n ander se moedertaal verkleineer, ignoreer of misken, tas daardie persoon se menswaardigheid, dit wil sê 'n fundamentele mensereg, aan (Kotzé, 2006a:6; Pienaar in Van Rensburg *et al.*, 2001a:9). Die erkenning van taalregte (spesifiek ook dié van minderheidsgroepe) is nie 'n voorreg wat na goedgesdunke en welwillendheid van 'n regering toegeken word nie, dit is inderwaarheid 'n basiese mensereg – 'n standpunt wat volgens Kotzé (2006a:6) en Lubbe en Truter (2005:38) vandag wyd aanvaar en gepropageer word.

Kotzé (2006a:6) voer aan dat dit nie primêr net om die voortbestaan van 'n taal gaan nie, maar oor die lewenskwaliteit van sodanige voortbestaan. Volgens die outeur word die lewenskragtigheid van tale deur sowel kulturele as funksionele faktore bepaal. Die bevordering van kultuur en die ontwikkeling van funksies behoort hand aan hand te gaan, aangesien die uitskakeling van enige een van hierdie twee tot 'n gebrekkige bestaan aanleiding sal gee (Kotzé, 2006a:6). Hierdie funksies (sien ook Afdeling 2.8.3) sluit volgens Scholtz (2001:10) en Steyn (1980:15-18) in dat 'n taal tuis gepraat moet word; dat die taal letterkundige, wetenskaplike en akademiese funksies moet hê; dat die taal ekonomiese waarde moet hê; en dat kommunikasie met die regering in die taal moontlik is.

Aangesien taal oor die moontlikheid van beïnvloeding beskik, het dit die potensiaal om in 'n magskonteks betrek te word – deur taal kan 'n mens iemand anders bemagtig of ontmagtig, of self bemagtig of ontmagtig word (Van Rensburg *et al.*, 2001a:8). Taal kan ook 'n hekwagter of diskrimineerder wees



wat óf deelname moontlik maak óf 'n versperring tot toegang na geleenthede wees (Webb, 2002:14).

### 2.3 AMPTELIKE TALE VAN SUID-AFRIKA

Suid-Afrika huisves 'n groot hoeveelheid tale, waarvan 11 op nasionale vlak as amptelike tale erken word. Die 11 tale is: Afrikaans, Engels, Ndebele, Xhosa, Zulu, Pedi, Sotho, Tswana, Swazi, Venda en Tsonga. Die tale oorvleuel op demografiese en geografiese gebied, hoewel daar fokusareas bestaan (Webb, 2002:66).

In Tabel 2.1 word die bevolking van Suid-Afrika volgens huistaal en rasgroepe uiteengesit; in Tabel 2.2 word die huistaal per provinsie as 'n persentasie weergegee om die fokusareas aan te dui; en in Tabel 2.3 word die aantal huistaalprekers per provinsie aangedui. Die tabelle is gebaseer op die sensusgegevens van 2001, soos gerapporteer in 2004 (*Statistics South Africa*, 2004). Hierdie was die jongste beskikbare gegewens tydens die studie.

**Tabel 2.1 Huistaal volgens rasgroep: 2001**

HUISTAAL	RASGROEP				TOTAAL
	SWART	BRUIN	ASIËRS	WIT	
Afrikaans	253 282	3 173 972	19 266	2 536 906	<b>5 983 426</b>
Engels	183 631	756 067	1 045 845	1 687 661	<b>3 673 203</b>
Ndebele	703 906	1 882	3 522	2 511	<b>711 821</b>
Xhosa	7 888 999	12 172	703	5 279	<b>7 907 153</b>
Zulu	10 659 309	11 397	2 406	4 193	<b>10 677 305</b>
Pedi	4 204 358	2 706	289	1 627	<b>4 208 980</b>
Sotho	3 544 304	8 566	250	2 065	<b>3 555 186</b>
Tswana	3 657 796	16 532	373	2 315	<b>3 677 016</b>
Swazi	1 191 015	2 360	255	801	<b>1 194 430</b>
Venda	1 020 133	852	114	658	<b>1 021 757</b>
Tsonga	1 989 062	1 595	142	1 409	<b>1 992 207</b>
Ander	120 369	6 406	42 302	48 216	<b>217 293</b>
<b>Totaal</b>	<b>35 416 166</b>	<b>3 994 505</b>	<b>1 115 467</b>	<b>4 293 640</b>	<b>44 819 778</b>

Bron: *Statistics South Africa* (2004:11)

Uit Tabel 2.1 is dit duidelik dat Afrikaans, naas Zulu en Xhosa, die derde grootste huistaal in die land is met sprekers uit al vier die rasgroepe waarna die sensusgewens verwys.

**Tabel 2.2 Huistaal per provinsie as persentasie: 2001**

HUISTAAL	PROVINSIE									
	O-K	VS	GT	KZN	LP	ML	N-K	NW	W-K	S-A
Afrikaans	9,3	11,9	14,4	1,5	2,3	6,2	68,0	7,5	55,3	<b>13,3</b>
Engels	3,6	1,2	12,5	13,6	0,5	1,7	2,5	1,2	19,3	<b>8,2</b>
Ndebele	0,1	0,4	1,9	0,2	1,5	12,1	0,1	1,3	0,0	<b>1,6</b>
Xhosa	83,4	9,1	7,6	2,3	0,3	1,5	6,2	5,8	23,7	<b>17,6</b>
Zulu	0,8	5,1	21,5	80,9	0,7	26,4	0,3	2,5	0,2	<b>23,8</b>
Pedi	0,0	0,3	10,7	0,1	52,1	10,8	0,1	4,2	0,0	<b>9,4</b>
Sotho	2,4	64,4	13,1	0,7	1,3	3,7	1,1	5,7	0,7	<b>7,9</b>
Tswana	0,0	6,8	8,4	0,1	1,6	2,7	20,8	65,4	0,1	<b>8,2</b>
Swazi	0,1	0,3	1,4	0,1	1,1	30,8	0,1	0,6	0,0	<b>2,7</b>
Venda	0,0	0,1	1,7	0,0	15,9	0,2	0,0	0,5	0,0	<b>2,3</b>
Tsonga	0,0	0,3	5,7	0,0	22,4	3,8	0,0	4,7	0,0	<b>4,4</b>
Ander	0,2	0,2	1,0	0,4	0,3	0,3	0,7	0,6	0,4	<b>0,5</b>
<b>Totaal</b>	<b>100</b>	<b>100</b>	<b>100</b>	<b>100</b>	<b>100</b>	<b>100</b>	<b>100</b>	<b>100</b>	<b>100</b>	<b>100</b>

Bron: Prinsloo (2004:5)

SLEUTEL VIR PROVINSIENAME			
<b>O-K</b>	Oos-Kaap	<b>ML</b>	Mpumalanga
<b>VS</b>	Vrystaat	<b>N-K</b>	Noord-Kaap
<b>GT</b>	Gauteng	<b>NW</b>	Noordwes
<b>KZN</b>	KwaZulu-Natal	<b>W-K</b>	Wes-Kaap
<b>LP</b>	Limpopo	<b>S-A</b>	Suid-Afrika

Uit Tabel 2.2 kan afgelei word dat Afrikaans as huistaal 'n noemenswaardige en soms sterk teenwoordigheid in al nege provinsies van Suid-Afrika het.

**Tabel 2.3 Aantal huistaalsprekers per provinsie: 2001**

HUISTAAL	PROVINSIE				
	OOS-KAAP	VRYSTAAT	GAUTENG	KWAZULU-NATAL	LIMPOPO
Afrikaans	600 057	323 082	<b>1 269 176</b>	140 833	122 531
Engels	232 952	31 246	1 105 192	1 285 011	28 939
Ndebele	4 134	10 000	171 018	18 570	78 617
Xhosa	5 369 672	246 192	671 045	219 826	14 225
Zulu	51 434	138 091	1 902 025	7 624 284	34 358
Pedi	2 966	7 007	945 656	10 844	2 750 175
Sotho	152 340	1 742 939	1 159 589	66 925	69 370
Tswana	1 944	185 389	741 219	5 195	83 130
Swazi	5 201	7 451	122 560	12 792	57 703
Venda	766	1 433	154 183	1 215	839 704
Tsonga	816	8 960	505 380	3 289	1 180 611
Ander	14 482	4 985	90 134	37 232	14 278
<b>Totaal</b>	<b>6 436 763</b>	<b>2 706 775</b>	<b>8 837 178</b>	<b>9 426 017</b>	<b>5 273 642</b>

**Tabel 2.3 Aantal huistaalsprekers per provinsie: 2001 (vervolg)**

HUISTAAL	PROVINSIE				SUID-AFRIKA
	MPUMALANGA	NOORD-KAAP	NOORDWES	WES-KAAP	
Afrikaans	192 129	559 189	257 681	<b>2 500 748</b>	<b>5 983 426</b>
Engels	51 833	20 662	42 709	874 660	<b>3 673 203</b>
Ndebele	377 688	581	48 997	2 216	<b>711 821</b>
Xhosa	46 553	51 228	214 461	1 073 951	<b>7 907 153</b>
Zulu	822 934	2 724	92 288	9 166	<b>10 677 305</b>
Pedi	336 451	762	153 220	1 898	<b>4 208 980</b>
Sotho	114 169	9 101	209 315	31 438	<b>3 555 186</b>
Tswana	84 911	171 340	2 398 366	5 522	<b>3 677 016</b>
Swazi	963 188	591	23 206	1 738	<b>1 194 430</b>
Venda	5 935	358	16 880	1 284	<b>1 021 757</b>
Tsonga	117 921	397	172 768	2 065	<b>1 992 207</b>
Ander	9 277	5 794	21 460	19 650	<b>217 293</b>
<b>Totaal</b>	<b>3 122 990</b>	<b>822 727</b>	<b>3 669 349</b>	<b>4 524 335</b>	<b>44 819 778</b>

Bron: Prinsloo (2004:5)

Tabel 2.3 toon die presiese getal Afrikaanshuistaliges per provinsie, naas die gebruikers van ander tale. Uit die tabel is dit duidelik dat Gauteng en Wes-Kaap die provinsies met die grootste hoeveelheid Afrikaanssprekende persone in Suid-Afrika is.

## **2.4 OORSPRONG VAN TALE IN SUID-AFRIKA**

### **2.4.1 Khoisantale**

Webb (2002:71) voer aan dat die eerste inwoners van die Suider-Afrikaanse subkontinent sprekers van die Khoi en San tale was. Vandag word die tale grootliks in Suid-Afrika se buurlande Namibië en Botswana gebruik, terwyl dit in Suid-Afrika teen 1994 feitlik uitgesterf het (Smith, 2007).

### **2.4.2 Afrikatale**

Die Afrikatale het teen 800 na Christus in suidelike Afrika gearriveer as deel van die Afrikataalsprekende mense se migrasie vanaf Sentraal-Afrika. Die Afrikatale is 'n subgroep van die Niger-Kongo taalfamilie. In suidelike Afrika is ongeveer 35 Afrikatale wat 'n suid-westelike groep en suid-oostelike groep vorm. Die Afrikatale van Suid-Afrika is deel van laasgenoemde groep (Webb, 2002:72). In Suid-Afrika is die Afrikatale verdeel in vier hoofgroepe, naamlik: Nguni (Ndebele, Swazi, Zulu en Xhosa); Sotho-Tswana (Pedi, Suid-Sotho en Tswana), Tsonga en Venda (Webb, 2002:73).

### **2.4.3 Engels**

Die teenwoordigheid van Engels in Suid-Afrika kom sedert die einde van die 16de eeu voor toe Britse skepe op hulle pad na die Verre Ooste by die Suid-Afrikaanse kus gestop en met veral die Khoi-mense handel gedryf het (Webb, 2002:75). In 1795 het die Britte die beheer oor die Kaap by die Nederlanders afgeneem, in 1803 het hulle die beheer aan die Nederlanders teruggee, maar in 1806 finaal die beheer teruggeneem (Giliomee & Mbenga, 2007:85). Met die vestiging van die Britse Setlaars aan die Oos-Kaapse kus in 1820 en in die 1840's en 1850's in die huidige KwaZulu-Natal, het die Britte die openbare en ekonomiese terrein



oorheers en daarin geslaag om hulle regering- en regstelsel en openbare waardes en norme in plek te stel (Webb, 2002:75). Volgens die outeur het Suid-Afrikaanse Engels oor die afgelope eeue merkwaardig goed daarin geslaag om sy linguistieke band met Britse Engels te behou.

#### **2.4.4 Afrikaans**

Die geskiedenis van Afrikaans is onlosmaaklik deel van die geskiedenis van Suid-Afrika en die Afrikaner. Die Afrikaanse taal het van die 17de eeu af aan die Kaap uit Nederlands ontwikkel en het voor die tyd nie op Europese bodem as taal bestaan nie (Ponelis, 1989:38). Die taal wat deur die Nederlanders gepraat is, het volgens Webb (2002:74) dramatiese veranderinge en aanpassings ondergaan deur die gebruik daarvan in verskillende plaaslike gemeenskappe, veral die van die Khoi; slawe van Wes-Afrika, Oos-Afrika en die Verre-Ooste; en ook die Franse en Duitse immigrante wat in die laat 17de eeu na die Kaap gekom het (vergelyk ook Giliomee & Mbenga, 2007:71; Roberge, 1995:68).

Webb (2002:74) dui aan dat Afrikaans teen die middel van die negentiende eeu die *lingua franca* van die laer klas gekleurde en wit persone in die Kaapkolonie was (die huidige Wes-Kaap, Oos-Kaap en Noord-Kaap). Terwyl Nederlands en Engels die taal van die sosiale elite was en gebruik is vir hoër taalfunksies, byvoorbeeld kommunikasie met die regering (verwys na Afdeling 2.2 en Afdeling 2.8.3 vir nog voorbeelde van hoër taalfunksies).

Vanaf 1870 het 'n eerste en 'n tweede taalbeweging rondom Afrikaans gelei tot die erkenning van Afrikaans in 1925 as ampstaal – naas Nederlands en Engels (Carstens, 2001:10-11).

Behalwe kleiner groeperings, bestaan Afrikaans uit twee groepe moedertaalsprekers van ongeveer twee tot drie miljoen sprekers elk: die



grootliks bruin sprekers wat herkenbaar Kaapse Afrikaans praat (maar ook Standaardafrikaans kan praat), en die grootliks wit sprekers wat herkenbaar byna Standaardafrikaans praat (Van Rensburg, 1992:185). Verskeie faktore is vir die verdeling verantwoordelik, waarvan die belangrikste waarskynlik die politieke bestel van die afgelope paar dekades en langer is waardeur Afrikaanssprekendes in verskillende bevolkingsgroepe (meesal bruin en wit), sonder veel kennis van mekaar, verdeel is (Van Rensburg, 1992:185,192). Hierdie verdeling van Afrikaanssprekendes word meer volledig in Afdeling 2.7 bespreek.

## **2.5 OORSIG VAN DIE TAALBEDELING IN SUID-AFRIKA**

In die politieke bedelings voor 1994 was daar drie tale wat, op verskillende tye, amptelike status in Suid-Afrika geniet het, naamlik: Nederlands, Engels en Afrikaans.

Vanaf 1652 tot 1806 is Nederlands die amptelike taal ná die vestiging van die nuwe kolonie aan die Kaap deur die *Vereenigde Oost-Indische Compagnie* (Carstens, 2004:2).

Vanaf 1806 tot 1925 is Engels die amptelike landstaal ná die herbesetting van die Kaap in 1806 deur Brittanje en mettertyd ook weer Nederlands. In hierdie tydperk was Afrikaans nog besig om as taal gevestig te word (Carstens, 2004:2).

Tussen 1925 en 1948 was die staatsadministrasie, die Weermag en die radiodiens hoofsaaklik Engels, met Afrikaans wel as amptelike taal (vanaf 1925) en as 'n skooltaal, maar sonder enige werklike mag. In hierdie tydperk het die Afrikatale in Suid-Afrika geen openbare rol gehad nie (Webb, 2001:171).

Ná die politieke bewindsoorname in 1948 deur wit Afrikaanssprekende kiesers het Afrikaans spoedig die dominante taal in die openbare lewe (staatsdiens,



Weermag, media, Kerk en onderwys) geword (Webb, 2001:171). Engels, as amptelike taal, het wel 'n groot rol in die openbare lewe bly speel, maar die politiek is grootliks in Afrikaans bedryf. Engels was in 'n groot mate ondergeskik aan Afrikaans (Carstens, 2004:2). Sedert 1961 is die Afrikatale in Suid-Afrika formeel in gereguleerde nasionale state en selfregerende gebiede erken (Lubbe & Truter, 2005:37; Webb, 2001:171).

In 1994 kom wit oorheersing in Suid-Afrika tot 'n einde met die vestiging van 'n demokratiese regering onder beheer van swart mense; hiermee saam word 11 amptelike tale (sien Afdeling 2.3) op nasionale vlak aanvaar (Webb, 2002:77). Die kwessie van amptelike tale in Suid-Afrika was tydens die oorgang tot 'n volle demokratiese regeringsvorm (net soos met Uniewording in 1910) 'n kontroversiële aangeleentheid wat byna die onderhandelingsproses gekelder het (Lubbe, 2001:81; Lubbe & Truter, 2005:38). In dié verband meld Du Plessis (2000b:103) dat die elftaalbeleid nie die nuwe swart regering, onder leiding van die *African National Congress* (ANC), se voorkeur was nie, maar dat dit bloot 'n kompromie tussen die ANC-regering se verskuilde voorkeur vir Engels en die Afrikaanssprekende gemeenskap se openlike aandrang op Afrikaans was.

## **2.6 DIE GRONDWET EN VEELTALIGHEID NA 1994**

Die taallandskap het na 1994 drasties verander met Afrikaans en Engels wat sedertdien hulle amptelike status met nege ander tale moes deel (Carstens, 2004:16). Status- en selfs getalsgewys was dit 'n terugslag vir veral Afrikaans, maar aan die ander kant weer 'n mosie van vertroue in die vermoë van die voorheen gemarginaliseerde tale (oftewel Afrikatale) om 'n eie status te ontwikkel (Carstens, 2004:5).

Webb (2001:169-170) voer aan dat die begrip “linguistiese pluraliteit” of veeltaligheid, hierdeur gevestig is. Dit veronderstel ’n kultuur van meertaligheid wat onder meer die volgende inhou:

- ’n sterk sin vir verdraagsaamheid teenoor ander se tale;
- ’n sterk sin vir respek vir ander se eiesoortigheid; en
- die aanvaarding van taaldiversiteit as ’n konstruktiewe hulpbron.

Webb (2001:170) stel dit soos volg: “Ideaal gesien, behoort die 11 amptelike tale van Suid-Afrika in ‘volkome ewewig’ te bestaan, dit wil sê hulle moet werklik gelykwaardig wees, Suid-Afrikaanse burgers moet mekaar se tale ken en geen huiwering ondervind om van een oor te slaan na ’n ander in ’n gees van respek en erkenning nie, en die konflikpotensiaal wat daar dikwels in taalgemengde gemeenskappe voorkom, moet afwesig wees.” Carstens (2004:5) meen egter dat hierdie “uiters lofwaardige ideaal” nog baie ver van verwesenliking in die dag-vir-dag-praktyk van Suid-Afrika is.

Artikel Ses van die Grondwet van Suid-Afrika het nie net vir 11 amptelike tale voorsiening gemaak nie, dit bepaal ook dat dit die plig van die Regering is om die status van veral die “inheemse tale” te verhoog en hulle gebruik te bevorder; dat alle tale gelykheid van aansien moet geniet en billik behandel moet word; en dat ’n Pan-Suid-Afrikaanse Taalraad (Pansat) tot stand moet kom, wat toesien dat die riglyne en voorskrifte van die Grondwet eerbiedig en veeltaligheid bevorder word (Carstens, 2004:10; Van Rensburg *et al.*, 2001a:16). ’n Verdere oogmerk van Pansat is om alle inheemse taalgroepe van hulle taalregte bewus te maak, ’n uitgangspunt wat volgens Lubbe en Truter (2005:29) impliseer dat taalgebruikers die reg het om ’n taal van hulle keuse te gebruik waar en wanneer hulle dit goedvind.

Pansat het egter met stampe en stote tot stand gekom en ontwikkel. Volgens Van Rensburg *et al.* (2001a:16) het dit private, halfstaatlike en openbare



liggame, onder meer die Regeringsdepartemente, nie lank geneem om Pansat as 'n tandlose waghond te beskou en te behandel nie.

Carstens (2004:11) is van mening dat die rede vir die skynbare gebrek aan effektiwiteit van die Pansat-strukture tweeledig is, naamlik:

- gebrekkige finansiële steun van sowel die Nasionale as Provinsiale Regerings; en
- 'n gebrek aan politieke wil om aan taal die staanplek te gee wat dit in die Suid-Afrikaanse samelewing behoort te kry. Volgens die outeur is "taal lastig vir die Regering en nie vir politici 'n dringende saak nie".

Hoewel veeltaligheid dus die hart van die Grondwet se taalbedoeling is, het dit na die inwerkingstelling van die Grondwet geblyk dat veeltaligheid nie in die praktyk in Suid-Afrika slaag nie. Trouens, 'n groeiende eentaligheid (na Engels) is in die geleedere van die politieke, sake en onderwys-elite bespeur (Van Rensburg *et al.*, 2001a:23) (vergelyk soortgelyke menings deur De Kadt, 1996:188; Lubbe & Truter, 2005:29; Webb, 2002:83). 'n Omvattende studie is gedoen oor die taalverskuiwings sedert 1994. Die studie is onderneem deur 'n gespreksgroep, bekend as die Vrydaggroep, wat saamgestel is uit individue met belangstelling in taal van oor die hele Afrikaanstalige gemeenskap (Van Rensburg, Malherbe & Landman, 2001b). Die slotsom waartoe die studie gekom het, is: "Dit bevestig die getuienis wat prakties op elke terrein wat in die hierdie projek ondersoek is, gelewer is:

- die disproporsionele deel van die koek waaroor Engels beskik;
- die sistematiese afskaling van Afrikaans; en
- die onsekerheid waarin die Afrikatale hulle bevind, onder meer vanweë die geloof van soveel van hulle gebruikers dat hul tale nie oor die vermoë beskik om die hoogste funksievlakke te behartig nie."



In al drie die opsigte gaan dit egter om een en dieselfde oorsaak: dat daar veral van Regeringskant nie erns gemaak is en word met die Grondwet se riglyne in verband met taal nie (vergelyk ook Scholtz, 2007b:15). In aansluiting hierby meld Lubbe en Truter (2005:38) dat die erkenning van taalregte as basiese mensereg nie veel beteken as dit nie deur wetgewing van 'n betrokke land gewaarborg word nie. Die outeurs verwys in dié verband na onder meer België en Kanada waar die aangeleentheid met daadwerklike erns deur hulle Regerings aangespreek word (vergelyk ook Scholtz, 2008:16).

Vervolgens word elkeen van die bogenoemde drie aspekte, naamlik; die bevoorregting van Engels, die ontmagtiging van Afrikaans, en die verwaarlosing van die Afrikatale kortliks in oënskou geneem.

### **2.6.1 Bevoorregting van Engels**

Die genoemde verslag aangaande die taalverskuiwing sedert 1994 deur die Vrydaggroep is uitgesproke oor die bevoorregting van Engels wat "onmisverstaanbaar oor die Regering se hantering van die land se taalboedel geskryf [is]" (Van Rensburg *et al.*, 2001b:65) (vergelyk ook Kotzé, 2006a:6; Slabbert, 2007). Webb (2004a:101) stel dit dat Engels in Suid-Afrika byna onaantasbaar sterk is.

Die skynbaar gebrekkige vermoë van Pansat om as waghond vir die taalbeleid in Suid-Afrika op te tree is, volgens Van Rensburg *et al.* (2001a:20), die eerste en moontlik die grootste bydraende faktor wat die eentaligmaking van die land aangehelp het.

Die proses van bevordering van Engels tot hoof-amptelike taal van die land, is in die tweede plek vergemaklik met gebruikmaking van veral twee stellings, naamlik: dat Engels 'n internasionale taal is en dat almal Engels verstaan (Van



Rensburg *et al.*, 2001a:21,30). Dit is nie binne die omvang van hierdie studie om die juistheid van die genoemde stellings te toets of te bevraagteken nie. Wat van belang is, is dat hierdie twee oortuigings, volgens Van Rensburg *et al.* (2001a:30), herhaaldelik deur top Regeringspersone en ander hoëprofiel figure gebruik is.

’n Derde motivering (waarvan die geldigheid ook bevraagteken kan word) vir die bevoorregting van Engels is dat dit die enigste nie-Afrikataal is, wat gevolglik los van die “interne taalkonflikte” in die land is en daarom ’n sogenaamde “neutrale taal” is (Gouws, 1996:22; Van Rensburg *et al.*, 2001a:22). Verdere redes vir die neiging na ’n eentaligheid in die land sou volgens die verslag die volgende kan wees: die administrasie van een taal is vir die Regering veel makliker as 11 tale; die Regering beskou ander sake waaraan aandag gegee moet word, as belangriker as taal; en die uitvoering van die Grondwet se taalriglyne is vir die Regering te duur (Van Rensburg *et al.*, 2001a:22,23).

Uit ’n inhoudsontleding van mediaberigte oor Afrikaans, bevind Lubbe (2001:86) grootliks dieselfde motiverings vir die neiging na eentaligheid. Volgens die outeur word die gebruik van Engels dikwels vanuit ’n sogenaamde praktiese oorweging geregverdig, hetsy om in pas met die nuwe Suid-Afrika te wees, of bloot omdat die gebruik van een taal geriefliker is as byvoorbeeld drie tale wat op ’n produk of brosjure aangebring moet word. Afrikaanssprekendes se versoek om wel Afrikaans te ontvang word dan as emosioneel en onprakties afgemaak. Brand (2004:91) dui ook aan dat die belang van taalbeskerming en veeltaligheid in Suid-Afrika dikwels teen die ekonomiese waarde van vaardigheid in Engels afgespeel word. Volgens die outeur is die rede hiervoor dat die politieke ekonomie van Suid-Afrika tans so gestruktureer is dat dit inderdaad diegene wat Engels goed praat en verstaan, beloon.

Du Plessis (2000a:22) huldig 'n soortgelyke mening en stel ook dat sedert die instelling van die 11 amptelike tale, Afrikaans (en van die ander amptelike tale) meermale moes terugstaan vir Engels uit sogenaamde "praktiese oorwegings". Die gebruik van slegs Engels word dikwels geregverdig met stellings soos "om in te pas by die veranderde Suid-Afrika". Afrikaanssprekendes word meermale opgeroep tot "verdraagsaamheid", "realisme en aanvaarding" en "om nie emosioneel oor die saak te wees nie". Ook diegene uit Engelssprekende geleedere, wat die belang van Afrikaans erken, wys daarop dat dit die internasionale neiging is om Engels as die hoof *lingua franca* te erken, aangesien Engels oor menige etniese en taalgrense heen beweeg het en wyd gebruik en verstaan word.

### **2.6.2 Ontmagtiging van Afrikaans**

Teenoor Engels wat onaantasbaar sterk is, staan Afrikaans wat sedert 1994 byna al sy mag verloor het (Eloff, 2007:[4]; Webb, 2004a:101). Uit die Vrydaggroep se ondersoek blyk dit dat Afrikaans op die terreine van regering en administrasie; parastatale liggame; regsweese; wetenskap en tegnologie; media en kommunikasie; onderwys; sport en ontspanning; en die sakewêreld dramatiese afskaling beleef het (Van Rensburg *et al.*, 2001b). Hierdie mening word ook deur Carstens (2007a:9); Giliomee (2001:15) en Van Coller (2006:3) benadruk. Die stiefbehandeling van Afrikaans is volgens Van Rensburg *et al.* (2001a:30) en Van Rensburg (2007:5) die huidige Regering se manier om die Afrikaner te straf vir die apartheidsbedeling en juis deur die Afrikaner se taal van sy voormalige amptelike funksies te stroop. Hierdie marginalisering van die Afrikaner (en dus Afrikaans) is volgens kenners ook aanwesig in die huidige geskiedskrywing oor Suid-Afrika. Deelnemers aan die 12de Geskiedenisberaad van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns het tot die gevolgtrekking gekom dat die Afrikaner nie 'n plek in die nuwe geskiedenis van Suid-Afrika kry nie – anders as dié van sondaar en skurk. Tydens die beraad het professor Hermann Giliomee,



hoogleraar aan die Universiteit van Stellenbosch, aangevoer dat die Afrikaner gemarginaliseer is in geskiedskrywing, aangesien Engelse en swart geskiedskrywers weier om te erken dat die Afrikaner 'n sentrale rol in die geskiedenis gespeel het (Rademeyer, 2006b:17).

Hoewel Afrikaans as taal wel 'n groot en positiewe rol in die ontwikkeling van Suid-Afrika gespeel het sedert die land se vestigingsjare, het die politieke tydperk van 1948 tot 1994 (toe die Afrikaners die politieke beheer in Suid-Afrika gehad het) inderdaad daartoe bygedra dat Afrikaans die etiket van "taal van die onderdrukker" gekry het – 'n stigma waarvan Afrikaans steeds sukkel om ontslae te raak (Carstens, 2004:4; Cloete, 1992:42; Van Rensburg, 1993:17). Afrikaans word deur baie Suid-Afrikaners as 'n apartheidsimbool beskou en ook vir politieke ideologieë uit die apartheidsera verantwoordelik gehou. Die apartheidstigma kan waarskynlik as Afrikaans se enkele grootste vyand uitgewys word (Van Rensburg, 1992:193-194).

Die Soweto-opstande van 1976 het die beeld van Afrikaans baie negatief beïnvloed. Op 16 Junie van die genoemde jaar het swart skoliere in Soweto as gevolg van polisiekwade tydens 'n protesoptog teen onderrig deur die medium van Afrikaans, gesterf. Hierdie gebeure het 'n groot rol in die ontvouing van die politieke proses in Suid-Afrika ná 1976 gespeel (Carstens, 2004:2; Pienaar, 2004:133). Al twee die outeurs wys egter daarop dat Afrikaans as taal die blaam moes dra vir foute wat sprekers van die taal op politieke vlak gemaak het. En dat Afrikaans slegs één van die redes was (naas onder meer die opbouende frustrasie oor die Regering se apartheidsbeleid) wat die opstande laat ontvlam het en nie die primêre rede daarvoor nie – soos dikwels te kenne gegee word (Carstens, 2004; Pienaar, 2004). Wat belangriker is, is die feit dat die Soweto-opstande op 'n dramatiese wyse getoon het hoe sentraal taal in die nasionale gebeure van hierdie land staan (Webb, 2002:5).



Verder het die Waarheid- en Versoeningskommissieverhore, met veral Afrikaanssprekendes in die beskuldigdebank, volgens Du Toit (2002:[4]) onvermydelik die persepsie oor Afrikaans as 'n "onregmatig bevoordeelde taal" en "taal van die onderdrukker" versterk.

Verskeie outeurs is dit wel eens dat die keuses wat die Afrikaner in die verlede uitgeoefen het met betrekking tot magmisbruik of ten gunste van sekere kulturele en identiteitswaardes nie die Afrikaanse táál ten laste gelê behoort te word nie (Erasmus, 2003:97; Van Rensburg, 1992:193; Van Rensburg *et al.*, 2001a:30-31).

### **2.6.3 Verwaarlosing van Afrikatale**

Die Vrydaggroep se verslag oor die taalverskuiwing sedert 1994 dui aan dat die verwaarlosing van die Afrikatale kontakpunte het met die verontregting van Afrikaans omdat albei as gevolg van die bevoorregting van Engels die status van gemarginaliseerde tale beklee (Van Rensburg *et al.*, 2001b:66) (vergelyk soortgelyke menings van Maartens, 1995:161; Rademeyer, 2006c:7; Webb, 2002:83). Verder verloop die proses van ontwikkeling van die Afrikatale baie traag en wil dit voorkom of dit die Regering se houding is dat die Afrikatale eintlik net huistale sal wees omdat hulle sprekers tevrede daarmee is dat hoë funksievlakke beter in Engels behartig kan word (Van Rensburg *et al.*, 2001b:66-67).

In die verslag oor taalverskuiwing sedert 1994 (Van Rensburg *et al.*, 2001b) word bevind dat daar in die eerste ongeveer sewe jaar van 'n sogenaamde veeltalige Suid-Afrika 'n klimaat of gees in die breë gemeenskap sigbaar geword het, wat die volgende oortuigings en aanvaardings weerspieël:

- Veeltaligheid is 'n mooi ideaal, maar dit kan nie prakties toegepas word nie;



- Die maklikste oplossing vir die taleverskeidenheid in Suid-Afrika is om een enkele amptelike taal, Engels, as *lingua franca* te kies, terwyl die ander tale die vryheid het om huistale te wees of te word (vergelyk in dié verband Giliomee & Schlemmer, 2001:3);
- Die Afrikataalgemeenskappe stel nie werklik daarin belang dat hulle tale hoëfunksietale moet wees nie, Engels word vir hierdie doel aangewend; en
- Afrikaans is nie 'n betalende taal nie omdat dit as gevolg van die afskaling daarvan nie meer ekonomiese waarde het nie.

Dit is nie alleen in Suid-Afrika waar huiwerigheid om minderheidstaalregte te erken, bestaan nie (Lubbe & Truter, 2005:33). Volgens die outeurs is die huiwering, wat by vele nasiestate voorkom, op reeds gemelde mites gegrond, naamlik: dat eentaligheid bevorderlik vir ekonomiese groei is en dat minderheidsregte 'n bedreiging vir die nasionale eenheid van 'n nasiestaat is (vergelyk Afdeling 2.6.1 en Lubbe, 2001:116). Lubbe (2001:116) is egter van mening dat meertaligheid in Suid-Afrika as 'n gegewe aanvaar moet word en dat eentaligheid (na Engels) die belang van Afrikaans (en ander minderheidstale) as moedertaal, brugbouer, bemagtigingsfunksie, kulturele bate, ekonomiese hulpbron, vak- en wetenskaptaal en godsdiensttaal geheel en al ontken (Lubbe 2001:117).

## **2.7 VERDEELDE AFRIKAANSE TAALGEMEENSKAP**

Soos aangetoon in Tabel 2.1, is die Afrikaanssprekende taalgemeenskap 'n verdeelde groep met sprekers uit al vier rasgroepe van Suid-Afrika, naamlik: wit, bruin, swart en Asiërs. Dit blyk verder uit Tabel 2.1 dat wit en bruin sprekers verreweg die grootste van die vier bevolkingsgroepe is. In die lig hiervan en, aangesien daar by swart en Asiër gemeenskappe 'n groter aantrekkingskrag na Engels is (Penstone, 2002:13), is daar tydens hierdie studie op wit en bruin Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners gefokus.



Volgens Steyn (1980:120) (vergelyk ook Nel, 2007:4; Wyngaard, 2007a:17) was kleur en geskiedenis die verdelende faktore sedert die ontstaan van die Afrikaanse taalgemeenskap, met wit Afrikaanssprekendes as die bevoorregte groep terwyl bruin Afrikaanssprekendes nie voorheen die regte en status van wit mense kon verwerf nie. Verder is Afrikaans ook as etnies gesien, want met Afrikaans is uitsluitlik na Standaardafrikaans, wat hoofsaaklik deur wit sprekers gebruik is, verwys. Die Afrikaans van die bruin sprekers (Kaapse Afrikaans) is nie beskou as deel van Afrikaans nie en daar is ook nie iets gedoen om Afrikaans onder hulle uit te bou of op te hef nie (Webb, 1998:48; Zietsman, 1992:203).

Apartheid, met die klem op gedwonge groepslidmaatskap het, volgens Giliomee (2005:277), die konsepte van *Afrikaner-wees* en *Afrikaans* erg verpolitiseer en dit meer "rasgebaseerd" as "kultuurgebaseerd" gemaak. Die outeur dui aan dat, volgens meningsopnames van die vroeë 1990's, die ras-element in Afrikaneridentiteit die taal- en kultuurelement sterk oorheers, Afrikaners was dus in hul selfkonsep eerder wit as Afrikaans. Tradisioneel word na wit Afrikaanssprekende persone as Afrikaners verwys. Korf (1998:38) beskou die grense van hierdie term (Afrikaner) egter as besonder onduidelik, aangesien sommige van mening is dat almal wat Afrikaans as moedertaal het in die groep tuishoort, terwyl ander die addisionele afbakening van ras insluit, wat dan bruin (ook swart en Asiër) persone uitsluit. In dié verband meld Steyn (1988:15) en Zietsman (1992:204) dat daar sedert die jare sestig pogings aangewend is om die betekenis van Afrikaner uit te brei sodat dit alle Afrikaanssprekendes insluit – die adjektief "bruin" is dan meestal voor die naam geplaas. Ten spyte hiervan was die algemeenste betekenis van Afrikaner nog altyd wit Afrikaanssprekendes (Cloete, 1992:42; Steyn, 1988:15). Giliomee (1992:361) toon aan dat die meerderheid wit Afrikaanssprekendes reeds in 1970 aangedui het dat hulle Afrikaanssprekende bruin mense as Afrikaners beskou. Die politieke en kulturele Afrikanerelite het egter in die verlede hierdie inklusiewe definisie teengestaan, terwyl bruin intellektuele enige assosiasie met die Afrikaner verwerp het.





Verskeie opinieleiers stel tans die verwydering van die ras-element uit die begrip Afrikaner as 'n voorwaarde vir die oorlewing van die Afrikaner (Eloff, 2007:[5]; Phosa, 2007:15; Scholtz, 2007a:14).

Uit resente koerantberigte en lesersbriewe is dit duidelik dat daar steeds in die Afrikaanssprekende geledere debatvoering bestaan oor die mate waartoe bruin en wit Afrikaanssprekendes as 'n verenigde taalgemeenskap in 'n demokratiese Suid-Afrika kan of wil optree en verder ook hoe hierdie groepering(s) hulleself moet noem (Gaum, 2007:15; Goosen & Rossouw, 2007:21; Rossouw, 2007:2; Van der Merwe 2007a:6; Van der Rheede, 2007:21; Van Rensburg, 2007:5; Wyngaard, 2005:14; Wyngaard, 2007a:17; Wyngaard, 2007c:20). Hoewel 'n breedvoerige ondersoek na hierdie aspekte nie binne die omvang van hierdie studie val nie, word enkele relevante aspekte rondom wit en bruin Afrikaanssprekendes kortliks uitgelig.

### **2.7.1 Wit Afrikaanssprekendes (Afrikaners)**

'n Universele definisie van die Afrikaner bestaan waarskynlik nie, aangesien die definisie grootliks deur die beskouings van diegene wat dit formuleer, bepaal word (Korf, 1998:56). In 'n poging om meer inklusief te wees, word dikwels van alternatiewe woordkeuses of verbuigings soos "Afrikaanssprekende Suid-Afrikaners" en "Afrikaanses" gebruik gemaak (*Ons is nie almal só nie*, 2001:8). Verder kan wit Afrikaanssprekendes (of dan Afrikaners) beswaarlik as 'n homogene groep beskou word (Cloete, 1992:42; Scholtz, 2007a:14). Serfontein (in Cloete, 1992:43) se beskouing hieroor is soos volg: "Afrikanerdom of die Afrikanervolk of die Afrikaner bestaan nie langer as 'n afsonderlike, identifiseerbare groep nie. Daar is eerder verskillende groepe of fragmente Afrikaners of Afrikaanssprekende wittes. Sommige beskou hulleself as die Afrikanervolk, of bloot as Boere, ander beskou hulleself as Suid-Afrikaners en ander is weer Afrikaanssprekende Afrikane" (vergelyk soortgelyke menings van



Eloff, 2007:[1-2]; Korf, 1998:56-58). In 'n omvattende marknavorsingstudie deur *Impact Information* en *Strategic Diagnostics* oor wie die Afrikaner is (*Ons is nie almal só nie*, 2001:8,10), is bewys dat daar nie 'n stereotipe Afrikaner bestaan nie, trouens Afrikaners skram juis daarvan weg om gestereotipeer te word.

Die kwessie van Afrikaneridentiteit kan egter nie bloot as 'n uitgediende term uit die verlede afgemaak word nie (Cloete, 1992:43). In dié verband meld Giliomee (2004) dat daar in die wit Afrikaanssprekendes se geledere diegene is wat heeltemal van die term 'Afrikaner' ontslae wil raak en diegene wat nuwe inhoud en definisie daaraan wil gee (vergelyk soortgelyke menings van De Vries, 2007b:52; Eloff, 2007). Die term Afrikaner is dus in wese kompleks omdat al die sprekers van Afrikaans nie sommer goedsmoeds met die moontlike bagasie van sommige Afrikaners belas kan of wil word nie (Van Rensburg, 1993:60).

De Wet (2004:69-71) dui aan dat die Afrikaanse taal sedert 1875 sentraal in die ontwikkeling van die sogenaamde Afrikaner se kultuurlewe gestaan het. Die Afrikaner se kultuurverenigings het egter net een deel van die Afrikaanse taalgemeenskap, naamlik die wit sprekers, bedien (De Wet, 2004:72). Die Afrikaanse taal is beskou as vernaamste onderskeidende kenmerk vir Afrikanerskap (De Wet, 2004:69; Swart, 1987:23; Zietsman, 1999:40). Senekal (1998:88) stel dit sterker deur op te merk dat die handhawing van Afrikaans noodsaaklik is, omdat die identiteit van die Afrikaner en die kulturele volksbestaan van die Afrikaner ten nouste met die dryfkragfunksies van die Afrikaanse taal saamhang (vergelyk ook Webb, 1998:49). Daarom dat die politieke veranderinge sedert 1990 deur baie Afrikaners as 'n direkte bedreiging vir die voortbestaan van Afrikaans en dus Afrikaners beskou is (Webb, 1998:49).

Doktor Theuns Eloff, rektor en visekanselier van die Noordwes Universiteit, beskou Afrikaners en Afrikaanses as terme wat "twee kante van dieselfde munt" uitbeeld. Verder behoort daar, volgens Eloff (2007:[2]), nie in die semantiek van



Afrikaners en Afrikaanses verval te word nie, maar behoort daar ruimte vir albei terme te wees. In 'n poging om met 'n "nuwe" tipering van Afrikaners vorendag te kom, voer Eloff aan dat 'n eendimensionele siening van die Afrikaner, of taal as enigste onderskeidende kenmerk, nie slaag nie. In dié verband stel Eloff (2007:[4]) voor dat Afrikaners en Afrikaanses hulleself moet tipeer in terme van eenheid (houding en gesindheid teenoor die demokratiese Suid-Afrika) en verskeidenheid (waardering vir die Afrikaanse taal en kultuur in sy wydste vorm). Hierdie twee fasette van taal- en kulturbewustheid aan die een kant en verbondenheid aan die demokratiese Suid-Afrika aan die ander kant, bied 'n matriks waarbinne vier tiperings van Afrikaners na vore kom. Hieruit volg dan dat daar nie meer 'n eksklusiewe groep "ware Afrikaners" behoort te wees nie, maar dat 'n verskeidenheid van politieke standpunte, geloofstandpunte en kultuurstandpunte deur die begrip Afrikaner omsluit kan word (Eloff, 2007:[5]).

Ten slotte beskou Du Toit (2000:12) die debatvoering van allerlei aard oor die Afrikaner juis as 'n aanduiding dat sogenaamde Afrikaners besig is om uit 'n posisie van passiwiteit te beweeg (sien Afdeling 2.9 wat hierna verwys). De Beer (in Korf, 1998:366) verwys ook na hierdie passiwiteit en apatie wat in die laat 1990's by Afrikaners te bespeur was. In dié verband kan genoem word dat wit Afrikaanssprekendes veral oor die afgelope twee dekades die hand in eie boesem gesteek het en stelselmatig elke aspek van die Afrikanerdom ontleed het. Heelwat pleidooie vir vergifnis, aanvaarding, maar ook vir hoop vir die toekoms en 'n inklusiewe benadering tot veral Afrikaans as spreektaal het opgegaan. Hierdie uitreik is veral op die bruin Afrikaanssprekendes gerig wat, sedert die vroegste tye aan die Kaap, Afrikaans gepraat het (Van Rensburg, 1993:18,62).

### **2.7.2 Bruin Afrikaanssprekendes**

Die geskiedenis van bruin mense in Suid-Afrika toon 'n hegte band met die Afrikaner, wat teruggaan tot minstens 1652 (Ross, 1997:13). Volgens die outeur



is dit juis die Afrikaanse taal wat die twee groepe met mekaar deel, aangesien beide groepe daartoe bygedra het (vergelyk ook Lloyd, 2002:15). Apartheid het wel veroorsaak dat bruin mense van die Afrikaner vervreem geraak het en dat min bruin mense hulleself Afrikaners noem, maar tog is verwerping van Afrikaners as sodanig nie kenmerkend van bruin mense as geheel nie (Gaum, 2007:15; *Ons is nie almal só nie*, 2001:8; Ross, 1997:13,14; Scholtz, 2007a:14; Scholtz, 2007b:15).

Die direkte gevolg van apartheid en wit Afrikaanssprekendes se uitsluiting van bruin Afrikaanssprekendes is, volgens Scholtz (2007b:15), dat bruin Afrikaanssprekendes hul taal histories slegs as 'n kommunikasiemiddel gesien het en dat veral die middelklas Engels as die taal van die toekoms ervaar het en daarom in groot getalle verengels het. "Selfs dié wat Afrikaans wél wou koester, kon hulself emosioneel nie sover bring om 'n 'taalstryd' te steun nie," beweer Scholtz (2007b:15).

Tog word meermale kommer oor die groeiende arm, ongeletterde bruin en swart Afrikaanssprekendes, wat nie Engels praat nie, uitgespreek. Juis hierom is die volhoubaarheid van Afrikaans op skool-, tersiêre onderrigvlak en televisie volgens die skrywer Abraham Philips, "noodsaaklik om duisende arm bruin en swart Afrikaanssprekendes uit hul moeras van ellende te trek". Volgens die skrywer is dit skokkend dat niemand sigbaar teen die taalonreg wat teenoor Afrikaanse bruinmense op die platteland gepleeg word, opstaan nie (Malan, 2006:11) (vergelyk ook Giliomee, 2005:280; Lloyd, 2002:15).

Ten spyte van teenstrydige menings is bruin Afrikaanssprekendes onmiskenbaar deel van die Afrikaanse taalgemeenskap. Ross (1997:13) (vergelyk ook Malan, 2007) voer aan dat Afrikaans inderdaad die taal van bruin mense is. Hierdie stelling word sigbaar ondersteun deur bruin Afrikaanssprekende intellektuele soos doktor Neville Alexander en professor Jakes Gerwel, wat volgens professor

Hermann Giliomee, in 'n kritieke tyd vir Afrikaans as onderrigtaal op tersiêre vlak in die bresse getree het. Professor Giliomee voer ook aan dat daar in die afgelope 15 jaar radikaal anders oor Afrikaans begin praat is en dat die mense wat die voortou hierin geneem het nie die wit Afrikaanssprekendes is nie, maar bruin en swart intellektuele soos Alexander en Gerwel (Maarman, 2007:6). Verder word daar uit die geledere van bruin Afrikaanssprekende intellektuele 'n beroep op politieke leiers van Suid-Afrika en Afrikaanssprekendes gedoen om deur middel van gesprekvoering by oplossings uit te kom oor die sake wat Afrikaanssprekendes na aan die hart lê, naamlik: taalkwessies, plek- en straatname, vakansiedae en geloofsake (Sidego, 2007). Giliomee in Lubbe (2001:81) wys ook daarop dat bruin Afrikaanssprekendes se ongekwalifiseerde toe-eiening van Afrikaans, gewis Afrikaans se basis en politieke legitimiteit dramaties verbreed het.

Net soos die identiteit van wit Afrikaanssprekendes voortdurend in oënskou geneem word, word die identiteit van bruin Afrikaanssprekendes en waar presies hulle binne 'n demokratiese Suid-Afrika en as deel van die Afrikaanse taalgemeenskap inpas, deur lewendige debatvoering en besprekings in onder meer die Afrikaanse koerante gekenmerk (Brand, 2004:88; Rooi, 2007; Ross, 1997:13; Van der Merwe, 2007a:6). Dit is egter ook nie binne die omvang van dié studie om die spesifieke vraagstukke te ontleed nie.

## **2.8 DEBAT OOR AFRIKAANS**

### **2.8.1 Oorsprong van die debat**

Gesprekke en debattering oor die posisie van Afrikaans, spesifiek uit die geledere van Afrikaanssprekendes, het reeds in die vroeë 1980's begin en nie eers teen die vroeë 1990's nie (Carstens, 2004:3). Die taalkenner en akademikus, J.C. Steyn, se bekroonde boek *Tuiste in eie taal* (Steyn, 1980) het die gesprek oor

Afrikaans aan die gang gesit en dit was duidelik dat daar veranderinge sou moes kom om Afrikaans se posisie, na die demokratisering van Suid-Afrika, te handhaaf (vergelyk ook Senekal, 1998:90). Nog 'n belangrike boek oor die toekoms van Afrikaans het in 1984 verskyn, naamlik Prinsloo en Van Rensburg (reds.) se *Afrikaans: stand, taak, toekoms*. Uit titels van hoofstukke uit die werk blyk dit duidelik, volgens Carstens (2004:3), dat daar toe reeds bekommernis oor die toekoms van Afrikaans in 'n verwagte nuwe politieke bedeling bestaan het: "Die oorlewing van Afrikaans"; "Afrikaans binne meertalige verband"; "Stand van die Afrikaanse taal: tans en in die toekoms"; "Gesindhede ten opsigte van taal in die onderwys in Suid-Afrika"; "Die handhawing van Afrikaans"; "Afrikaans: die pad vorentoe". In die vroeë 1990's dra Zietsman se boek *Die taal is gans die volk*, met die subtitel *Woelinge en dryfvere in die stryd om die Afrikaner se taal*, ook tot die Afrikaanse taaldebat by (Zietsman, 1992).

Die gesprekke sedert 1980 oor die sogenaamde toekoms van Afrikaans het reeds 'n groeiende bewuswording onder Afrikaanssprekendes vertoon van meer as net twee tale (Afrikaans en Engels) se regmatige aandeel aan die Suid-Afrikaanse taalopset (Van Rensburg, 1992:183). Tog is gesprekke in hierdie tyd ook gekenmerk deur bekommernis oor die behoud of nie van taalfunksies wat die ampstale, veral Afrikaans, verkry het (Van Rensburg, 1992:183).

### **2.8.2 Derde Taalbeweging**

Die verandering van Afrikaans se grondwetlike posisie in 1994 is gekenmerk deur 'n debat (of stryd) rondom Afrikaans wat deur sommiges as die Derde Taalbeweging beskou word (De Kadt, 1996:189; Kriel, 1997:75). In dié verband wys Carstens (2001:8) egter daarop dat die betekenis van 'n taalbeweging en die hoeveelheid taalbewegings in Afrikaans 'n debat op sy eie is. Kriel (1997:75) bevestig wel dat die oorsprong van die huidige taaldebat verder terug as 1993 lê en dat dit met die antisipering van die einde van apartheid verhewig het. Volgens

J.C. Steyn (taalkenner en akademikus) is die Derde Taalbeweging wel reeds aan die gang en is die doel daarvan om die ongunstige en negatiewe prosesse wat Afrikaans bedreig, te stuit (Gericke, 2006:2). Webb (2004b:[7]) is egter van mening dat die debat oor Afrikaans op 'n betreklik lae vlak gevoer word. Die outeur stel voor dat enige strategie om Afrikaans te bevorder, gebaseer moet word op 'n geldige raamwerk vir taalbevordering, en op feite en nie emosies nie.

Die Afrikaanse taaldebate word veral gevoer op die internet; in Afrikaanstalige koerante en tydskrifte; radio (Radio Sonder Grense, ook bekend as RSG); televisie (veral die digitale satellietkanaal, KykNET); en in sommige akademiese joernale (Alant, 2007; Brand, 2004:87; De Kadt, 1996:185; Kriel, 1997:75). Op die literêre webruimte *LitNet* (*LitNet*, 2006) is 'n toegewysde taaldebatskakel waar onder meer artikels, referate, menings en kennisgewings wat met die Afrikaanse taaldebate verband hou, gevind kan word. Volgens Carstens (2004:6) en Kriel (1997:75) is die posisie van Afrikaans die afgelope jare feitlik daagliks 'n onderwerp van lewendige bespreking in veral Afrikaanse dagblaaie, hetsy in lesersbriewe, redaksionele kommentaar, berigte of artikels. Buiten debatvoering oor die sogenaamde identiteit van wit en bruin Afrikaanssprekendes (sien Afdeling 2.7) sluit onderwerpe onder meer die volgende in:

- Afrikaans as onderrigtaal op skool (De Vries, 2004:3; Kotzé, 2007; *Moedertaalonderrig kardinaal*, 2006; Rademeyer, 2007a; Versluis, 2005);
- Afrikaans as onderrigtaal op tersiêre vlak (Du Toit, 2005:2; Du Toit, 2007b:18; Giliomee, 2007:12; Maarman, 2007:6; O'Connor, 2006; Rademeyer, 2006a:8; Rademeyer, 2006c:7; Van der Rheede, 2006:19);
- Afrikaans as studierigting op tersiêre vlak (Steyn, 1997:8; Van der Merwe, 2007b:8);
- Skending van Afrikaanstaalregte op Nasionale en Plaaslike Regeringsvlak (Claassen, 2007:2; Dawie, 2007a:18; Fredericks, 2007:1; Janse van Rensburg, 2007:8) en by professionele liggame (Carstens, 2007b:7);





- Verandering van Afrikaanse plek- en straatname (Dawie, 2007b:18; Du Plessis, 2007:16; Rademeyer, 2005:6);
- Afrikaans se toekoms in Suid-Afrika (*'Afrikaans hét toekoms in SA'*, 2007; Bezuidenhout, 2007);
- Afrikaans se rol om veeltaligheid in Suid-Afrika te help bevorder (Stone, 2007; Wyngaard, 2006:18).

### **2.8.3 Afrikaans se posisie teenoor ander taalgroepe**

Carstens (2006:17-18) sit drie belangrike argumente, wat in die debat oor Afrikaans gebruik word om Afrikaans se posisie ten opsigte van ander taalgroepe in Suid-Afrika te bepaal, soos volg uiteen:

- **Die getalle-argument**

Soos gemeld in Afdeling 2.3 is Afrikaans die derde grootste moedertaalsprekersgroep in Suid-Afrika (ongeveer 14%), naas Zulu (ongeveer 22%) en Xhosa (ongeveer 18%). Op grond hiervan behoort Afrikaans getalsgewys bó Engels as taal gereken te word. Dit blyk wel, volgens Carstens (2006:18) dat Afrikaans demografiese verliese lei vanweë 'n laer geboortesyfer en die effek van emigrasie op veral die Afrikaanse bevolking (vergelyk 'n soortgelyke mening deur Steyn, 2001:130).

- **Die funksie-argument**

Scholtz (2001:10) en Steyn (1980:15-18) gee 'n aantal funksies wat 'n taal behoort te hê om behoue te bly, naamlik: 1) die taal moet tuis gepraat word; 2) die taal moet 'n letterkundige funksie hê en juis 'n skriftelike weergawe daarvan; 3) die taal moet wetenskaplike en akademiese funksies hê (met ander woorde onderwys op verskeie vlakke); 4) die taal moet ekonomiese nut hê (mense moet dus die taal kan gebruik in die werksplek en wanneer hulle sake doen); en 5) die taal moet 'n regeringstaal wees (mense moet in hulle taal met die regering kan





kommunikeer). Sou daar op enige van die funksies ingeboet moet word, skep dit probleme. Anders gestel, sodra een funksie verlore gaan, kan dit tot ander funksies se afname en uiteindelijke verval lei. Carstens (2006:18) voer aan, dat in die lig hiervan, die strewes van sogenaamde taalstryders sin maak.

- **Die gesindheidsargument**

Volgens Carstens (2006:18) is die houding wat nie-Afrikaanssprekendes teenoor Afrikaans het, bepalend vir die taal se pad vorentoe. Die outeur dui ook aan dat die realiteit van die stigma van Afrikaans as 'taal van die onderdrukker' (sien Afdeling 2.6.2) 'n bepalende invloed op die houding het. Carstens (2006:18) stel voor dat die volgende vrae gestel word: 1) Hoe voel mense oor Afrikaans en veral oor die sprekers van Afrikaans?; 2) Watter beeld projekteer politici en openbare figure oor Afrikaans na buite?; 3) Watter beeld kom oor Afrikaanssprekendes na vore in publikasies?; 4) Watter bydraes het Afrikaanssprekendes gemaak om van die 'Nuwe Suid-Afrika' 'n sukses te maak?

Vir die Afrikaanssprekendes wat aan die taaldebat deelneem, blyk die primêre bron van kommer die onmiskenbare feit te wees dat Afrikaans sy sogenaamde hoër funksies een vir een aan Engels afstaan en dan die kernkwessie, of Afrikaans op die lang termyn sy plek as taal van openbare kommunikasie sal behou (Carstens, 2004:6; Giliomee & Schlemmer, 2001:117; Kriel, 1997:75; Van Coller, 2006:3). Steyn (2001:129) verwys na die suksesse en prestasies wat die Afrikaanse taalgemeenskap beleef het, byvoorbeeld die vestiging van *LitNet* en *KykNET*; die verskyning van goeie boeke; en die goeie gehalte van Afrikaanse koerante en tydskrifte. Die outeur waarsku egter ook dat hierdie, meestal private inisiatiewe van individue en ondernemings, nie kan herskep wat regeringsinstansies en talle groot private ondernemings vernietig het nie.

#### **2.8.4 Heterogene taalgemeenskap**

Dit is duidelik uit die debat oor Afrikaans dat Afrikaanssprekendes 'n heterogene taalgemeenskap met uiteenlopende menings is. Giliomee (2004) voer aan dat ná 10 jaar van 'n inklusiewe demokrasie die Afrikaners nie meer 'n volk in die ou terme is nie, maar 'n veelrassige taalgemeenskap met 'n besondere geskiedenis. Steyn (1980:120) meld in dié verband dat mense wat dieselfde taal praat nie vanselfsprekend 'n eenheid vorm nie. Hoewel daar in die bestek van hierdie studie nie na die identiteit van wit of bruin Afrikaanssprekendes *per se* gekyk word nie, is dit in die lig van die heterogene aard van die taalgemeenskap nodig om vas te stel tot watter mate wit en bruin Afrikaanssprekendes hulleself met hierdie taalgemeenskap (of taalgroep) identifiseer al dan nie (sien Afdeling 3.4.1.4 vir 'n bespreking van taalgroepidentiteit).

Wat betref Afrikaanssprekendes se taalgroepidentiteit meld die taalkenner en intellektueel, doktor Neville Alexander, dat 'n kollektiewe identiteit vir alle Afrikaanssprekendes 'n "verbeelde identiteit" is. Volgens hom moet identiteit iets wees wat op 'n natuurlike manier ontwikkel. Volgens Alexander, "Merk [mens] nou al hoe die jong Afrikaanse mense, wit en bruin, wat nie die bitterheid en bagasie van die verlede ken nie, spontaan na mekaar groei, en dit kan moontlik in die toekoms 'n nuwe identiteit meebring" (Dawie, 2004).

#### **2.8.5 Verskuiwing in taaltrou**

Volgens De Klerk en Bosch (1998:43,44) voel alle moedertaalsprekers van Afrikaans nie dieselfde oor hulle taal nie, en is daar 'n merkbare verskuiwing in taaltrou ten gunste van Engels besig om in Suid-Afrika plaas te vind. Dit is onder meer waarneembaar in die konstante toevoer van veral wit Afrikaanssprekende ouers wat hulle kinders in Engels laat onderrig (De Klerk & Bosch, 1998:45; Giliomee, 2005:278; *In watter taal leer jy jou kind?*, 2001:38-41; Kotzé, 2007;

Kotzé, 2006a:6; *Moedertaalonderrig kardinaal*, 2006). Volgens De Klerk en Bosch (1998:45) word algemeen aanvaar dat Afrikaanssprekendes meer tweetalig as Engelsprekendes in Suid-Afrika is, of dat hulle minstens meer bereid is om hulle tweede taal in te span om 'n luisteraar te akkommodeer. Die outeurs voer ook aan dat 'n groeiende, positiewe houding teenoor Engels onder Afrikaanssprekendes aanwesig is en dat 'n verbloemde prestige aan die vermoë om Engels te praat, gekoppel kan word (vergelyk ook Steyn, 1996:12).

### **2.8.6 Skuldgevoelens oor die verlede**

Volgens Scholtz (2007b:15) is daar sommige Afrikaanssprekendes wat "lou oor hulle taal is," en dat hulle hul nie wil identifiseer met wat hulle as 'n agterhaalde ideologie beskou nie, gevolglik is hulle ook nie bereid om die sigbare agteruitgang van Afrikaans te probeer keer nie. King (2001:[1]) en Steyn (2001:130) voer weer aan dat baie Afrikaners hulle aan selfbejammering en oordrewe politieke korrektheid oorgegee het, terwyl skuldgevoelens oor die verlede sommige heeltmaal laat onttrek het. Volgens Steyn (2001:130) is die bewusmaking van Afrikaans 'n moeilike taak in 'n taalgemeenskap wat verdeel en verlam is deur selfbejammering en politieke korrektheid. Verder lei dit, volgens King (2001:[1]), onder meer daartoe dat min Afrikaanssprekendes eerste hulle moedertaal gebruik wanneer hulle met 'n vreemdeling gesels – hulle begin in Engels. King (2001:[6]) stel voor dat Afrikaanssprekendes sal moet vasstaan en selfs kragdadig moet optree om hul taal te handhaaf.

Giliomee (2005:277) is van mening dat, vanweë die sterk premie wat apartheid op die "volkseie" geplaas het, die nuwe geslag wit Afrikaanssprekendes huiwerig is om verantwoordelikheid vir Afrikaans te aanvaar en te agiteer teen die grootskaalse afskaling van Afrikaans as openbare taal. Teen die einde van die 1990's was die handhawing van hulle taal en kultuur vir Afrikaners die laagste op hulle prioriteitslys (Giliomee, 2005:277). Tog is Scholtz (2007b:15) van mening



dat juis jong wit mense vandag toenemend bereid is om vir onder meer Afrikaans te veg. Volgens hom het byvoorbeeld die sanger Bok van Blerk se lied oor generaal Koos de la Rey 'n aar by jong wit mense raakgeboor.

## 2.9 NUWE ENERGIE RONDOM AFRIKAANS

Ter afsluiting van die bespreking oor die verdeelde Afrikaanse taalgemeenskap (Afdeling 2.7) en die debatvoering oor Afrikaans (Afdeling 2.8) behoort gemeld te word dat verskillende inisiatiewe in die afgelope jare onderneem is om die posisie van Afrikaans in 'n demokratiese Suid-Afrika te ondersoek en te bevorder. Onder meer het die Nasionale Taalliggaam vir Afrikaans (NTLA), 'n subkomitee van Pansat, in September 2003 'n landwye taaloudit vir Afrikaans aangevra. Die doel hiervan was om vas te stel wat 10 jaar na demokratisering deur die Afrikaanse gemeenskap self deur verskeie instansies en projekte in die belang van Afrikaans gedoen is. Die oudit is suksesvol in 2004 voltooi en tydens 'n Afrikaanse Taalberaad in Augustus van die genoemde jaar in Stellenbosch bespreek (Prinsloo, 2004:1). In 2007 is vordering gemaak met die skep van 'n Nasionale Afrikaanse Taalbelangeraad deur die Nasionale Forum vir Afrikaans (NFA). Volgens professor Wannie Carstens, voorsitter van die NFA, is die doel met die raad om een liggaam te kry wat Afrikaanse belange kan koördineer ten einde Afrikaanse organisasies se hulpbronne en energie maksimaal te benut (Rademeyer, 2007b). Tydens 'n beraad van die NFA het die volgende sake, wat in die aanloop tot die skep van die Taalbelangeraad oorweeg moet word, onder bespreking gekom (Venter, 2007):

- Die tydiggewrig noodsaak 'n Afrikaanse Taalraad;
- Die skep van 'n geloofwaardige liggaam wat almal insluit; en
- Die organisasie moet nie 'n teenreaksie teen Pansat en andere wees nie.

Die volgende aspekte het ook na vore gekom:

- Fondse sal vir projekte beskikbaar gestel moet word – ook deur die Regering;



- Moedertaalonderrig moet as basis aanvaar word;
- Afrikaans as akademiese taal moet nie verlore gaan nie; en
- Afrikaanssprekendes, veral jongmense, moet gemotiveer word om Afrikaans te gebruik.

Tim du Plessis, redakteur van die Sondagkoerant *Rapport*, is positief oor die inisiatiewe wat ná die eerste 10 jaar van 'n demokratiese Suid-Afrika uit die Afrikaanse geleedere kom, dit ten spyte van die statusverlies wat Afrikaans in die eerste 10 jaar van demokratisering gelei het. Na aanleiding van die Afrikaanse Taalberaad wat in 2004 in Stellenbosch gehou is, meen Du Plessis dat verskuilde politieke agendas uit die weggeruim is en dat "wit en bruin Afrikaanspraters skouer aan skouer in die projek loop" (Du Plessis, 2004b:20).

Buys (2004a) dui aan dat hoewel dit nog te vroeg is om te praat van 'n grootskaalse herlewing, daar by die Afrikaanssprekende gemeenskap 'n nuwe energie, na die eerste 10 jaar van 'n demokratiese Suid-Afrika, losgekom het. Hierdie energie verteenwoordig juis nie 'n "laertrek-isolasiementaliteit nie, maar 'n nuwe selfvertroue met die moed om 'n uitwaartse beweging te wees". Hoewel hierdie beweging verskeie vertakkings en verskyningvorme het, is daar volgens Buys (2004a) 'n gemeenskaplike geloof in 'n Afrikaanse toekoms. Toenemend positiewe uitsprake word oor Afrikaans gemaak en selfs uit geleedere waar dit nie altyd verwag word nie. Waar Afrikaans nog ongeveer 15 jaar gelede as taal van die onderdrukker beskou is, het die taal grootliks 'n ommekeer gemaak (Prins, 2006). Ook gaan meer stemme op, danksy onder meer die Afrikaanse kunstefeeste, wat voel dat "Afrikaans die borsrok wat hy vroeër gehad het, van hom afgewerp het; dat hy loslit en vry kan wees; en dat hy al sy sprekers en alle funksies kan huisves" (Giliomee, 2004). Ten slotte merk Kotzé (2006a:6) op dat meer en meer gewone landsburgers 'n sensitiwiteit oor taalsake ontwikkel, met die potensiaal om nog geweldig te groei.



## 2.10 OPSOMMING

Uit die voorafgaande blyk dit dat Afrikaans geensins 'n neutrale Suid-Afrikaanse taal is nie. Volgens De Kadt (1996:187) lewer die simboliese betekenis van Afrikaans twee uiterste pole op, naamlik: 'n passievolle identifisering daarmee deur diegene wat Afrikaans as simbool van Afrikaneridentiteit beskou, of daarenteen 'n ewe sterk afkeur van Afrikaans deur diegene wat daagliks onder die effek van Afrikanerpolitiek gelei het.

In Hoofstuk 2 is na die oorsprong en verdeling van die tale in Suid-Afrika gekyk en hoe die taalbedeling sedert die ontstaan van die land daaruit gesien het. Die veeltalige bedeling in Suid-Afrika ná 1994 en veral hoe dit Afrikaans raak, is bespreek. Ten slotte is aangetoon wie die sprekers van Afrikaans is, die debat wat rondom Afrikaans ontstaan het, en nuwe energie wat rondom Afrikaans posgevat het.

Afrikaanssprekendes as verbruikers en die posisie van Afrikaans in die reklame- en media-omgewing sal in die volgende twee hoofstukke onder meer in oënskou geneem word.

---

## HOOFSTUK 3

### Verbruikersgedrag

---

#### 3.1 INLEIDING

Ten einde stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se houding, voorkeur en selfgeldigheid ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie te bepaal, word daar in hierdie hoofstuk na aspekte van die teorie van verbruikers se gedrag gekyk. Aanvanklik word kortliks na die terrein van verbruikersgedrag en spesifiek na 'n model van verbruikersgedrag wat vir hierdie studie geld, verwys. Hierna word vier faktore wat verbruikersgedrag beïnvloed, naamlik: kulturele, sosiale, persoonlike en psigologiese faktore, onder die loep geneem. Aan die hand van die genoemde vier faktore, word uitgebrei oor die drie afhanklike veranderlikes in die studie, naamlik: houding, voorkeur en selfgeldigheid en ook drie van die onafhanklike veranderlikes, naamlik: demografiese eienskappe, Engelse taalvaardigheid en taalgroepidentiteit. Al hierdie veranderlikes hou ten nouste met die verbruiker en sy/haar gedrag verband. Die hoofstuk word afgesluit met die belangrikheid van marksegmentering en 'n bespreking van die verbruikersbesluitnemingsproses. Duidelikheidshalwe word opsommend in Hoofstuk 3 en 4, op toepaslike plekke in die teks, na die **afhanklike** en **onafhanklike veranderlikes** van die studie verwys deur dit donkerder te druk.

#### 3.2 DIE TERREIN VAN VERBRUIKERSGEDRAG

Die terrein van verbruikersgedrag is 'n direkte uitvloeisel van die bemarkingskonsep (Schiffman & Kanuk, 2000:5). Volgens die outeurs het die bemarkingskonsep as 'n bemarkingstrategie na Wêreldoorlog II vanuit 'n produksiegeoriënteerde na 'n verkoopgeoriënteerde na 'n verbruikersgeoriënteerde bemarkingsfilosofie ontwikkel. Die onderliggende aanname van die

bemarkingskonsep is dat maatskappye die behoeftes van 'n spesifieke teikenmark moet bepaal en oplossings, wat beter as die mededingers s'n is, moet lewer (Kotler & Keller, 2006:16; Schiffman & Kanuk, 2000:5). Kennis oor die verbruiker dien dus as vertrekpunt en basis vir die formulering van 'n bemarkingstrategie.

Maatskappye is toenemend bewus van die noodsaaklikheid om verbruikers se gedrag te verstaan en ook die kritiese rol wat dit in 'n maatskappy se bemarkingsukses speel (Cant *et al.*, 2002:5; Hoffman, Czinkota, Dickson, Dunne, Griffin, & Hutt, 2003:141). Volgens genoemde outeurs, maak 'n grondige begrip van verbruikers se gedrag dit vir 'n maatskappy moontlik om bemarkingskommunikasie, wat ingestel is op die manier waarop verbruikers reageer, te ontwikkel.

Volgens Cant *et al.* (2002:5) moet maatskappye wat wil oorleef en floreer aan verbruikers 'n langtermyn verbruikerswaarde bied. Hawkins, Best en Coney (2001:11) en Cant *et al.* (2002:11) beskryf verbruikerswaarde as die verskil tussen die voordele wat verkry is van 'n totale produk en die koste om die voordele te bekom. Dit is noodsaaklik om dit wat waarde het, vanuit die verbruiker se perspektief te beskou. Ten einde verbruikerswaarde te bied, word van 'n maatskappy verwag om die verbruiker se behoeftes te antisipeer en om beter daarop te reageer as wat mededingers in staat is om dit te doen. Dit is slegs moontlik indien maatskappye daarin slaag om verbruikers te begryp deur onder meer:

- hulle behoeftes te bevredig en hulle so te behou;
- die bemarkingskonsep, waarvolgens op die bevrediging van verbruikers se behoeftes gefokus word, te aanvaar; en
- op die verbruiker te fokus om sodoende ook die gemeenskap te dien.



Solomon (2002:10) sluit hierby aan wanneer hy na verhoudingsbemarking (*relationship marketing*) verwys (sien bespreking hieroor by Afdeling 4.4.2). Hy voer aan dat bemarkers toenemend besef dat die skep en instandhouding van 'n langtermynverhouding tussen 'n verbruiker en 'n handelsmerk die sleutel tot suksesvolle bemarking is. Só 'n verhouding is alleen moontlik wanneer daar gereelde interaksie met die verbruiker is en die verbruiker genoeg redes vind om met die verhouding voort te gaan.

Die bestuurskonsultant Peter Drucker (in Cant, 2004:1) voeg hierby die bekende beginsel dat bemarking 'n winsdoel moet insluit: "*The basic function of marketing is to attract and retain customers at a profit*". Volgens Cant (2004:2) beteken dit dat bemarking nie die najaag van enige verbruiker teen enige prys is nie. Die outeur gaan voort deur te sê dat bemarking nie meer op die ou manier as die verkoop van iets gesien kan word nie, maar dat dit op die nuwe manier, naamlik, om die behoeftes van die verbruiker te bevredig, beskou moet word.

Volgens Du Plessis en Rousseau (2003:3) hou die terrein van bemarking met die oriëntering of plekbepaling van produkte aan die mark verband. Volgens die outeurs impliseer die konsep dat die identifikasie en bevrediging van verbruikersbehoefte tot verbeterde retensie van verbruikers lei.


Uit bogenoemde kan dus gestel word dat een van die basiese veronderstellings van bemarking is dat die bemarkers, met begrip van die verbruiker se aankoopgewoontes en behoeftes, 'n effektiewe aanbieding kan ontwerp wat die verbruiker sal help om sy doelwitte te bereik. Aangesien bemarking as 'n skakel tussen die verbruiker en maatskappy beskou kan word, is dit noodsaaklik dat die bemarkers basiese vrae oor die verbruiker se gedrag moet kan beantwoord, nog voordat die produk ontwikkel en bemark word (Cant, 2004:196).

Schiffman en Kanuk (2000:5) dui aan dat die bestudering van verbruikersgedrag fokus op hoe individue besluit om hulle tyd, geld en moeite op verbruikersverwante items te spandeer. Dit sluit in wat verbruikers koop, waarom hulle dit koop, wanneer hulle dit koop, waar hulle koop, hoe gereeld hulle koop en hoe gereeld hulle dit gebruik. Volgens Van der Walt, Strydom, Marx en Jooste (1998:76) kan verbruikersgedrag omskryf word as die gedragspatrone van besluitnemingseenhede (individue sowel as gesinne) wat direk by die verkryging en gebruik van behoeftebevredigende produkte betrokke is, insluitend die besluitnemingsproses wat hierdie gedragspatrone voorafgaan en bepaal (vergelyk Du Plessis & Rousseau, 2003:10-11; Hawkins *et al.*, 2001:7; Solomon, 2002:5).

### **3.3 'N VERBRUIKERSGEDRAGMODEL**

Figuur 3.1 (volgende bladsy) is 'n aangepaste stimulus-respons model van Kotler en Keller (2006:184) en dien as vertrekpunt om verbruikersgedrag binne hierdie studie te verstaan en te bespreek.

**Figuur 3.1 'n Verbruikersgedragmodel**



Bron: Aangepas uit Kotler en Keller (2006:184)

Die Scheffé toets se p-waarde toon 'n beduidende verskil ( $p=0.0042$ ) tussen stedelike Afrikaanssprekende mans en vrouens se voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie. Soos met die resultate van houding, toon bogenoemde resultate dat die vroulike respondente 'n beduidend groter voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie as die manlike respondente het. **Die nulhipotese word dus verwerp, aangesien ondersteuning vir die alternatiewe hipotese gevind kon word.** Die daaropvolgende enkelveranderlike ontledings

dui daarop dat die beduidende verskil deur beduidende verskille tussen al die stellings, met die uitsondering van Stellings 10.3 en 10.4 teweeg gebring is. Volgens laasgenoemde stellings was daar nie 'n beduidende verskil tussen manlike en vroulike Afrikaanssprekende verbruikers se voorkeur vir 'n Afrikaanse advertensie van die bank bo dieselfde advertensie in Engels nie en ook nie in hulle voorkeur om in Afrikaans deur 'n restaurantkelner eerder as in Engels bedien te word nie.

*7.5.1.12 H<sub>1,4c</sub>: Manlike en vroulike stedelike Afrikaanssprekende verbruikers verskil beduidend in terme van hulle selfgelding ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie.*

Cant *et al.* (2002:81) en Kotler en Keller (2006:25) dui aan dat geslagseienskappe onder meer verbruikers se gedrag beïnvloed (sien Afdeling 5.4.1.4). In Tabel 7.26 word manlike en vroulike respondente se gemiddelde waardes en die ANOVA resultate vir die stellings oor selfgelding ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie getoon.

**Tabel 7.26 ANOVA resultate: geslag en selfgelding**

NR.	STELLING	GESLAG		Enkel-veranderlike ontleding (p-waarde)	Interpretasie
		Manlik gem.	Vroulik gem.		
	<b>Steekproef (n)</b>	<b>139</b>	<b>161</b>		
12.1	Ek sal versoek om in Afrikaans deur 'n personeelid van my bank bedien te word.	58.8	73.2	<b>0.0002</b>	
12.2	As my bank 'n Engelse brosjure aan my stuur, sal ek versoek dat hulle 'n Afrikaanse weergawe aan my stuur.	49.1	61.3	<b>0.0029</b>	
12.3	As my bank nie in Afrikaans adverteer word nie, sal ek versoek dat dit in Afrikaans adverteer moet word.	47.0	59.1	<b>0.0021</b>	
12.4	Ek sal versoek om in Afrikaans deur 'n restaurantkelner bedien te word.	50.3	59.8	<b>0.0188</b>	
12.5	As ek 'n Engelse spyskaart in 'n restaurant kry, sal ek 'n Afrikaanse een versoek.	42.9	54.5	<b>0.0036</b>	
12.6	As die restaurant wat ek besoek nie in Afrikaans adverteer word nie, sal ek versoek dat dit in Afrikaans adverteer word.	39.3	51.4	<b>0.0018</b>	
12.7	As die sjampoe wat ek koop se verpakkingsinligting nie in Afrikaans is nie, sal ek versoek dat dit in Afrikaans aangebring word.	38.8	47.6	<b>0.0203</b>	
12.8	As die sjampoe wat ek koop nie in Afrikaans adverteer word nie, sal ek versoek dat dit in Afrikaans adverteer word.	38.4	47.8	<b>0.0140</b>	



NR.	STELLING	GESLAG		Enkel-veranderlike ontleding (p-waarde)	Interpretasie
		Manlik gem.	Vroulik gem.		
12.9	As die sjokolade wat ek koop se verpakkingsinligting nie in Afrikaans is nie, sal ek versoek dat dit in Afrikaans aangebring word.	37.9	46.5	0.0249	
12.10	As die sjokolade wat ek koop nie in Afrikaans adverteer word nie, sal ek versoek dat dit in Afrikaans adverteer word.	38.8	47.7	0.0211	

**Scheffé toets p-waarde = 0.0200**

Die Scheffé toets se p-waarde toon 'n beduidende verskil ( $p=0.0200$ ) tussen stedelike Afrikaanssprekende mans en vrouens se selfgelding ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie. Ook hier toon die resultate dat die vroulike respondente beduidend meer waarskynlik selfgeldend ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie as die manlike respondente sal optree. **Die nulhipotese word dus verwerp, aangesien ondersteuning vir die alternatiewe hipotese gevind kon word.** Die daaropvolgende enkelveranderlike ontledings dui aan dat vroulike respondente ten opsigte van al die stellings meer waarskynlik selfgeldend ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie as manlike respondente sal wees.

*7.5.1.13  $H_{2a}$ : Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n beter Engelse taalvaardigheid verskil beduidend van stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n swakker Engelse taalvaardigheid in terme van hulle houding teenoor Afrikaanse bemarkingskommunikasie.*

Op grond van navorsing, in die Suid-Afrikaanse en Hispaniese mark, wat na die invloed van Engelse taalvaardigheid verwys, het die vraag ontstaan of stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se Engelse taalvaardigheid onderliggend 'n invloed op hulle houding teenoor Afrikaanse bemarkingskommunikasie kan hê (sien Afdeling 5.4.2). Volgens antwoorde wat verskaf is vir Vraag 6 in die vraelys (sien Bylaag 2) is respondente in twee betekenisvolle Engelse taalvaardigheidsgroepe verdeel. Elke respondent se taalvaardigheidspunt is gekategoriseer volgens persentiele, die top persentiel (gemiddelde indekspunt



gelyk aan en hoër as 90 uit 100) is geselekteer as beter Engelse taalvaardigheid en die res as swakker Engelse taalvaardigheid. In Tabel 7.27 word die twee Engelse taalvaardigheidsgroepe se gemiddelde waardes en die ANOVA resultate ten opsigte van die stellings oor houding getoon. Die waarde wat grys gemerk is, is baie naby aan die beduidendheidsvlak van 0.05, en aangesien dit 'n grensgeval is, word die resultaat as beduidend beskou.

**Tabel 7.27 ANOVA resultate: Engelse taalvaardigheid en houding**

NR.	STELLING	ENGELSE TAALVAARDIGHEID		Enkel- veranderlike ontleding (p-waarde)	Interpretasie
		Beter groep gem.	Swakker groep gem.		
	<b>Steekproef (n)</b>	<b>150</b>	<b>156</b>		
8.1	Dit is my reg om in Afrikaans deur 'n personeelid van my bank gehelp te word.	83.0	85.3	0.4727	Nie beduidend
8.2	Dit is my reg om 'n brosjure in Afrikaans van my bank te ontvang.	85.7	88.0	0.4186	Nie beduidend
8.3	Dit is my reg dat my bank in Afrikaans adverteer word.	83.2	87.2	0.1903	Nie beduidend
8.4	Dit is my reg om in Afrikaans deur 'n restaurantkelner bedien te word.	72.0	75.8	0.3058	Nie beduidend
8.5	Dit is my reg om 'n Afrikaanse spyskaart in 'n restaurant te ontvang.	65.3	69.2	0.3344	Nie beduidend
8.6	Dit is my reg dat 'n restaurant wat ek besoek, in Afrikaans adverteer word.	67.7	68.3	0.8806	Nie beduidend
8.7	Dit is my reg dat die sjampoe wat ek koop, se verpakkingsinligting in Afrikaans is.	59.3	64.4	0.2290	Nie beduidend
8.8	Dit is my reg dat die sjampoe wat ek koop, in Afrikaans adverteer word.	64.2	67.8	0.3753	Nie beduidend
8.9	Dit is my reg dat die sjokolade wat ek koop se verpakkingsinligting in Afrikaans is.	58.7	63.8	0.2305	Nie beduidend
8.10	Dit is my reg dat die sjokolade wat ek koop in Afrikaans adverteer word.	62.5	67.0	0.2793	Nie beduidend
9.1	Ek voel gewaardeer wanneer 'n personeelid van my bank my in Afrikaans bedien.	89.4	93.6	0.0577	Nie beduidend
9.2	Ek voel gewaardeer as ek 'n brosjure in Afrikaans van my bank ontvang.	86.6	92.5	<b>0.0173</b>	
9.3	Ek voel gewaardeer as my bank in Afrikaans adverteer word.	85.7	90.1	0.1039	Nie beduidend
9.4	Ek voel gewaardeer as 'n restaurantkelner my in Afrikaans bedien.	87.8	89.1	0.5962	Nie beduidend
9.5	Ek voel gewaardeer as ek 'n Afrikaanse spyskaart in 'n restaurant ontvang.	80.5	84.3	0.2435	Nie beduidend
9.6	Ek voel gewaardeer as 'n restaurant wat ek besoek, in Afrikaans adverteer word.	80.2	85.4	0.1006	Nie beduidend
9.7	Ek voel gewaardeer as die sjampoe wat ek koop, se verpakkingsinligting in Afrikaans is.	75.7	79.8	0.2390	Nie beduidend
9.8	Ek voel gewaardeer as die sjampoe wat ek koop in Afrikaans adverteer word.	76.3	80.3	0.2641	Nie beduidend
9.9	Ek voel gewaardeer as die sjokolade wat ek koop, se verpakkingsinligting in Afrikaans is.	75.0	77.6	0.4966	Nie beduidend

NR.	STELLING	ENGELSE TAALVAARDIGHEID		Enkel- veranderlike ontleding (p-waarde)	Interpretasie
		Beter groep gem.	Swakker groep gem.		
9.10	Ek voel gewaardeer as die sjokolade wat ek koop, in Afrikaans adverteer word.	75.5	78.9	0.3680	Nie beduidend
11.1	Ek sal by 'n bank aansluit op grond van die feit dat hulle my in Afrikaans sal bedien.	56.5	64.4	<b>0.0282</b>	
11.2	Ek sal 'n restaurant besoek op grond van die feit dat hulle my in Afrikaans sal bedien.	56.0	61.3	0.1331	Nie beduidend
11.3	Ek sal 'n sjampoe koop op grond van die feit dat die verpakkingsinligting in Afrikaans is.	51.3	55.8	0.2168	Nie beduidend
11.4	Ek sal 'n sjokolade koop op grond van die feit dat die verpakkingsinligting in Afrikaans is.	50.3	53.7	0.3384	Nie beduidend
11.5	Ek sal 'n bank aanbeveel op grond van die feit dat hulle my in Afrikaans bedien.	64.6	70.3	0.1185	Nie beduidend
11.6	Ek sal 'n restaurant aanbeveel op grond van die feit dat hulle my in Afrikaans bedien.	63.3	66.1	0.4416	Nie beduidend
11.7	Ek sal 'n sjampoe aanbeveel op grond van die feit dat die verpakkingsinligting in Afrikaans is.	52.5	56.8	0.2545	Nie beduidend
11.8	Ek sal 'n sjokolade aanbeveel op grond van die feit dat die verpakkingsinligting in Afrikaans is.	52.4	55.1	0.4900	Nie beduidend
11.9	Ek sal aan 'n bank bly behoort op grond van die feit dat hulle my in Afrikaans bedien.	61.8	69.4	<b>0.0505</b>	<b>Grensgeval</b>
11.10	Ek sal 'n restaurant bly besoek op grond van die feit dat hulle my in Afrikaans bedien.	61.4	64.1	0.4780	Nie beduidend
11.11	Ek sal 'n sjampoe bly koop op grond van die feit dat die verpakkingsinligting in Afrikaans is.	53.6	55.7	0.5964	Nie beduidend
11.12	Ek sal 'n sjokolade bly koop op grond van die feit dat die verpakkingsinligting in Afrikaans is.	53.2	53.9	0.8665	Nie beduidend

**Scheffé toets p-waarde = 0.1186**

Die Scheffé toets se p-waarde toon nie 'n beduidende verskil ( $p=0.1186$ ) tussen stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n beter Engelse taalvaardigheid en stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n swakker Engelse taalvaardigheid ten opsigte van hulle houding teenoor Afrikaanse bemarkingskommunikasie nie.

**Die nulhipotese word dus aanvaar, aangesien daar nie genoegsaam ondersteuning vir die alternatiewe hipotese gevind kon word nie.** Die

enkelveranderlike ontledings dui daarop dat daar wel 'n beduidende verskil ten opsigte van drie stellings wat met houding verband hou, spesifiek in die bank omgewing, bestaan. Daar is 'n beduidend groter waardering (affektiewe komponent) by respondente in die swakker Engelse taalvaardigheidsgroep om 'n Afrikaanse brosjure van die bank te ontvang as by respondente in die beter Engelse taalvaardigheidsgroep (Stelling 9.2). Wat die gedragskomponent betref sal respondente met 'n swakker Engelse taalvaardigheid beduidend meer

waarskynlik by 'n bank aansluit en aan 'n bank bly behoort op grond van die feit dat hulle in Afrikaans bedien sal word as respondente met 'n beter Engelse taalvaardigheid (Stelling 11.1 en Stelling 11.9).

*7.5.1.14 H<sub>2b</sub>: Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n beter Engelse taalvaardigheid verskil beduidend van stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n swakker Engelse taalvaardigheid in terme van hulle voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie.*

Na aanleiding van navorsing, in die Suid-Afrikaanse en Hispaniese mark, wat na die invloed van Engelse taalvaardigheid verwys, het die vraag ontstaan of stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se Engelse taalvaardigheid onderliggend 'n invloed op hulle voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie het (Afdeling 5.4.2). Respondente is in twee groepe verdeel, naamlik beter Engelse taalvaardigheid en swakker Engelse taalvaardigheid soos verduidelik in Afdeling 7.5.1.13. In Tabel 7.28 word die twee Engelse taalvaardigheidsgroepe se gemiddelde waardes en die ANOVA resultate ten opsigte van die stellings oor voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie getoon.

**Tabel 7.28 ANOVA resultate: Engelse taalvaardigheid en voorkeur**

NR.	STELLING	ENGELSE TAALVAARDIGHEID		Enkel- veranderlike ontleding (p-waarde)	Interpretasie
		Beter groep gem.	Swakker groep gem.		
	<b>Steekproef (n)</b>	<b>150</b>	<b>156</b>		
10.1	Wanneer ek die keuse kry om in Afrikaans of Engels deur 'n personeelid van my bank bedien te word, verkies ek Afrikaans.	83.4	89.4	<b>0.0379</b>	
10.2	Wanneer my bank 'n produk met 'n Afrikaanse en Engelse brosjure verduidelik, verkies ek die Afrikaanse brosjure.	79.2	86.4	<b>0.0242</b>	
10.3	Ek verkies 'n Afrikaanse advertensie van my bank eerder as dieselfde advertensie in Engels.	74.0	82.9	<b>0.0088</b>	
10.4	Wanneer ek in 'n restaurant die keuse het om in Engels of Afrikaans deur die kelner bedien te word, verkies ek Afrikaans.	80.1	87.8	<b>0.0119</b>	

NR.	STELLING	ENGELSE TAALVAARDIGHEID		Enkel- veranderlike ontleding (p-waarde)	Interpretasie
		Beter groep gem.	Swakker groep gem.		
10.5	Indien die restaurant se spyskaart in Engels en in Afrikaans is, verkies ek om die Afrikaanse deel te lees.	72.1	83.2	<b>0.0015</b>	
10.6	Ek verkies 'n Afrikaanse advertensie van die restaurant wat ek besoek eerder as dieselfde advertensie in Engels.	73.3	81.5	<b>0.0142</b>	
10.7	Indien die sjampoe wat ek koop se verpakkingsinligting in Afrikaans en Engels is, verkies ek om die Afrikaanse deel te lees.	73.7	84.5	<b>0.0015</b>	
10.8	Ek verkies 'n Afrikaanse advertensie van die sjampoe wat ek koop eerder as dieselfde advertensie in Engels.	72.1	80.6	<b>0.0144</b>	
10.9	Indien die sjokolade wat ek koop se verpakkingsinligting in Afrikaans en Engels is, verkies ek om die Afrikaanse deel te lees.	72.8	82.2	<b>0.0083</b>	
10.10	Ek verkies 'n Afrikaanse advertensie van die sjokolade wat ek koop, eerder as dieselfde advertensie in Engels.	72.4	80.7	<b>0.0172</b>	

**Scheffé toets p-waarde = 0.0434**

Die Scheffé toets se p-waarde toon 'n beduidende verskil ( $p=0.0434$ ) tussen stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n beter Engelse taalvaardigheid en stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n swakker Engelse taalvaardigheid ten opsigte van hulle voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie. **Die nulhipotese word dus verwerp, aangesien genoegsaam ondersteuning vir die alternatiewe hipotese gevind kon word.** Die daaropvolgende enkelveranderlike ontledings toon dat respondente met 'n swakker Engelse taalvaardigheid 'n beduidend groter voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie ten opsigte van al die stellings het.

*7.5.1.15  $H_{2c}$ : Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n beter Engelse taalvaardigheid verskil beduidend van stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n swakker Engelse taalvaardigheid in terme van hulle selfgeldig ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie.*

Navorsing in die Suid-Afrikaanse en Hispaniese mark, wat na die invloed van Engelse taalvaardigheid verwys, het die vraag laat ontstaan of stedelike

Afrikaanssprekende verbruikers se Engelse taalvaardigheid onderliggend 'n invloed op hulle selfgeldigheid ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie het (sien Afdeling 5.4.2). Respondente is in twee groepe verdeel, naamlik beter Engelse taalvaardigheid en swakker Engelse taalvaardigheid, soos uiteengesit in Afdeling 7.5.1.13. In Tabel 7.29 word die twee Engelse taalvaardigheidsgroepe se gemiddelde waardes en die ANOVA resultate vir die stellings oor selfgeldigheid ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie getoon.

**Tabel 7.29 ANOVA resultate: Engelse taalvaardigheid en selfgeldigheid**

NR.	STELLING	ENGELSE TAALVAARDIGHEID		Enkel- veranderlike ontleding (p-waarde)	Interpretasie
		Beter groep gem.	Swakker groep gem.		
	<b>Steekproef (n)</b>	<b>150</b>	<b>156</b>		
12.1	Ek sal versoek om in Afrikaans deur 'n personeellid van my bank bedien te word.	61.1	72.2	<b>0.0040</b>	
12.2	As my bank 'n Engelse brosjure aan my stuur, sal ek versoek dat hulle 'n Afrikaanse weergawe aan my stuur.	51.6	60.2	<b>0.0334</b>	
12.3	As my bank nie in Afrikaans adverteer word nie, sal ek versoek dat dit in Afrikaans adverteer moet word.	50.7	56.9	0.1094	Nie beduidend
12.4	Ek sal versoek om in Afrikaans deur 'n restaurantkelner bedien te word.	52.9	58.5	0.1603	Nie beduidend
12.5	As ek 'n Engelse spyskaart in 'n restaurant kry, sal ek 'n Afrikaanse een versoek.	46.7	52.0	0.1846	Nie beduidend
12.6	As die restaurant wat ek besoek nie in Afrikaans adverteer word nie, sal ek versoek dat dit in Afrikaans adverteer word.	43.8	48.4	0.2301	Nie beduidend
12.7	As die sjampoe wat ek koop se verpakkingsinligting nie in Afrikaans is nie, sal ek versoek dat dit in Afrikaans aangebring word.	40.9	46.4	0.1397	Nie beduidend
12.8	As die sjampoe wat ek koop nie in Afrikaans adverteer word nie, sal ek versoek dat dit in Afrikaans adverteer word.	40.8	46.3	0.1461	Nie beduidend
12.9	As die sjokolade wat ek koop se verpakkingsinligting nie in Afrikaans is nie, sal ek versoek dat dit in Afrikaans aangebring word.	40.3	45.0	0.2166	Nie beduidend
12.10	As die sjokolade wat ek koop nie in Afrikaans adverteer word nie, sal ek versoek dat dit in Afrikaans adverteer word.	41.5	45.9	0.2554	Nie beduidend

**Scheffé toets p-waarde = 0.2730**

Die Scheffé toets se p-waarde toon nie 'n beduidende verskil ( $p=0.2730$ ) tussen stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n beter Engelse taalvaardigheid en verbruikers met 'n swakker Engelse taalvaardigheid in terme van selfgeldigheid ten

opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie nie. **Die nulhipotese word dus aanvaar, aangesien daar nie genoegsaam ondersteuning vir die alternatiewe hipotese gevind kon word nie.** Volgens die daaropvolgende enkelveranderlike ontledings is die nie-beduidende resultaat deur die meerderheid stellings wat met selfgelding verband hou, teweeg gebring. Stellings 12.1 en 12.2 toon egter dat swakker Engelse taalvaardigheid respondente beduidend meer waarskynlik selfgeldend sal optree ten opsigte van bediening in Afrikaans deur 'n bankpersoneellid en die verkryging van 'n Afrikaanse brosjure vanaf die bank as respondente met 'n beter Engelse taalvaardigheid.

*7.5.1.16 H<sub>3a</sub>: Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n sterker taalgroepidentiteit verskil beduidend van stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n laer taalgroepidentiteit in terme van hulle houding teenoor Afrikaanse bemarkingskommunikasie.*

In die lig daarvan dat die literatuur aantoon dat Afrikaanssprekendes 'n heterogene taalgemeenskap is, is dit nodig geag om vas te stel tot watter mate Afrikaanssprekendes met die taalgroep identifiseer en of die sterkte van identifikasie, onderliggend 'n invloed op Afrikaanssprekendes se houding ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie het (sien Afdeling 5.4.3). Volgens antwoorde wat verskaf is vir Vraag 7 in die vraelys (sien Bylaag 2) is respondente in twee betekenisvolle groepe vir taalgroepidentiteit verdeel. Elke respondent se taalgroepidentiteitspunt is volgens persentiele gekategoriseer. Die top persentiel (gemiddelde indekspunt gelyk aan en hoër as 90 uit 100) is geselekteer as sterker taalgroepidentiteit en die res as laer taalgroepidentiteit. In Tabel 7.30 (volgende bladsy) word die twee groepe se gemiddelde waardes en die ANOVA resultate ten opsigte van die stellings oor houding getoon. Die waarde wat grys gemerk is, is baie naby aan die beduidendheidsvlak van 0.05, en aangesien dit 'n grensgeval is, word die resultaat as beduidend beskou.

**Tabel 7.30 ANOVA resultate: taalgroepidentiteit en houding**

NR.	STELLING	TAALGROEP-IDENTITEIT		Enkel-veranderlike ontleding (p-waarde)	Interpretasie
		Sterker groep gem.	Laer groep gem.		
	<b>Steekproef (n)</b>	<b>197</b>	<b>109</b>		
8.1	Dit is my reg om in Afrikaans deur 'n personeellid van my bank gehelp te word.	88.6	76.1	<b>0.0001</b>	
8.2	Dit is my reg om 'n brosjure in Afrikaans van my bank te ontvang.	92.3	77.1	<b>0.0000</b>	
8.3	Dit is my reg dat my bank in Afrikaans adverteer word.	91.3	74.3	<b>0.0000</b>	
8.4	Dit is my reg om in Afrikaans deur 'n restaurantkelner bedien te word.	80.1	62.8	<b>0.0000</b>	
8.5	Dit is my reg om 'n Afrikaanse spyskaart in 'n restaurant te ontvang.	73.1	56.9	<b>0.0001</b>	
8.6	Dit is my reg dat 'n restaurant wat ek besoek, in Afrikaans adverteer word.	74.2	56.7	<b>0.0000</b>	
8.7	Dit is my reg dat die sjampoe wat ek koop, se verpakkingsinligting in Afrikaans is.	66.5	53.7	<b>0.0035</b>	
8.8	Dit is my reg dat die sjampoe wat ek koop, in Afrikaans adverteer word.	71.3	56.4	<b>0.0004</b>	
8.9	Dit is my reg dat die sjokolade wat ek koop se verpakkingsinligting in Afrikaans is.	65.2	54.2	<b>0.0117</b>	
8.10	Dit is my reg dat die sjokolade wat ek koop in Afrikaans adverteer word.	69.9	55.5	<b>0.0008</b>	
9.1	Ek voel gewaardeer wanneer 'n personeellid van my bank my in Afrikaans bedien.	95.8	83.8	<b>0.0000</b>	
9.2	Ek voel gewaardeer as ek 'n brosjure in Afrikaans van my bank ontvang.	94.8	80.1	<b>0.0000</b>	
9.3	Ek voel gewaardeer as my bank in Afrikaans adverteer word.	93.1	78.5	<b>0.0000</b>	
9.4	Ek voel gewaardeer as 'n restaurantkelner my in Afrikaans bedien.	92.8	80.6	<b>0.0000</b>	
9.5	Ek voel gewaardeer as ek 'n Afrikaanse spyskaart in 'n restaurant ontvang.	86.9	74.3	<b>0.0002</b>	
9.6	Ek voel gewaardeer as 'n restaurant wat ek besoek, in Afrikaans adverteer word.	87.4	74.5	<b>0.0001</b>	
9.7	Ek voel gewaardeer as die sjampoe wat ek koop, se verpakkingsinligting in Afrikaans is.	83.4	67.6	<b>0.0000</b>	
9.8	Ek voel gewaardeer as die sjampoe wat ek koop in Afrikaans adverteer word.	83.5	69.0	<b>0.0001</b>	
9.9	Ek voel gewaardeer as die sjokolade wat ek koop, se verpakkingsinligting in Afrikaans is.	81.0	67.8	<b>0.0008</b>	
9.10	Ek voel gewaardeer as die sjokolade wat ek koop, in Afrikaans adverteer word.	81.1	70.0	<b>0.0044</b>	
11.1	Ek sal by 'n bank aansluit op grond van die feit dat hulle my in Afrikaans sal bedien.	63.1	55.8	<b>0.0519</b>	Grensgeval
11.2	Ek sal 'n restaurant besoek op grond van die feit dat hulle my in Afrikaans sal bedien.	61.8	52.8	<b>0.0152</b>	
11.3	Ek sal 'n sjampoe koop op grond van die feit dat die verpakkingsinligting in Afrikaans is.	56.1	49.0	0.0588	Nie beduidend
11.4	Ek sal 'n sjokolade koop op grond van die feit dat die verpakkingsinligting in Afrikaans is.	53.7	49.0	0.2127	Nie beduidend
11.5	Ek sal 'n bank aanbeveel op grond van die feit dat hulle my in Afrikaans bedien.	69.9	63.1	0.0756	Nie beduidend
11.6	Ek sal 'n restaurant aanbeveel op grond van die feit dat hulle my in Afrikaans bedien.	67.1	60.2	0.0643	Nie beduidend
11.7	Ek sal 'n sjampoe aanbeveel op grond van die feit dat die verpakkingsinligting in Afrikaans is.	57.5	49.4	<b>0.0400</b>	



NR.	STELLING	TAALGROEP-IDENTITEIT		Enkel-veranderlike ontleding (p-waarde)	Interpretasie
		Sterker groep gem.	Laer groep gem.		
11.8	Ek sal 'n sjokolade aanbeveel op grond van die feit dat die verpakkingsinligting in Afrikaans is.	56.2	49.3	0.0837	Nie beduidend
11.9	Ek sal aan 'n bank bly behoort op grond van die feit dat hulle my in Afrikaans bedien.	68.9	59.7	<b>0.0252</b>	
11.10	Ek sal 'n restaurant bly besoek op grond van die feit dat hulle my in Afrikaans bedien.	66.2	56.3	<b>0.0132</b>	
11.11	Ek sal 'n sjampoe bly koop op grond van die feit dat die verpakkingsinligting in Afrikaans is.	57.8	49.0	<b>0.0256</b>	
11.12	Ek sal 'n sjokolade bly koop op grond van die feit dat die verpakkingsinligting in Afrikaans is.	56.4	48.4	<b>0.0433</b>	

**Scheffé toets p-waarde = 0.0001**

Die Scheffé toets se p-waarde toon 'n beduidende verskil ( $p=0.0001$ ) tussen stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n sterker taalgroepidentiteit en stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n laer taalgroepidentiteit ten opsigte van hulle houding teenoor Afrikaanse bemarkingskommunikasie. Volgens die resultate het respondente met 'n sterker taalgroepidentiteit 'n positiewer houding teenoor Afrikaanse bemarkingskommunikasie as respondente met 'n laer taalgroepidentiteit. **Die nulhipotese word dus verwerp, aangesien ondersteuning vir die alternatiewe hipotese gevind kon word.** Die enkelveranderlike ontledings dui daarop dat die beduidende algemene resultaat teweeg gebring is deur veral die **kognitiewe** en **affektiewe** komponent van houding, terwyl ongeveer die helfte van die stellings wat met die **gedragskomponent** van houding verband hou, nie beduidend tussen die twee groepe verskil het nie. Wat spesifiek die gedragskomponent betref, sal stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n sterker taalgroepidentiteit meer waarskynlik as verbruikers met 'n laer taalgroepidentiteit by 'n bank aansluit (Stelling 11.1) en 'n aansitrestaurant besoek (Stelling 11.2) op grond van diens in Afrikaans, maar ten opsigte van die aankoop van haarsjampoe en sjokolade (Stellings 11.3 en 11.4) en aanbeveel stellings (Stellings 11.5, 11.6 en 11.8) is nie 'n beduidende verskil tussen die twee groepe se waarskynlike optrede gevind nie. Ten opsigte van die bly behoort/besoek/koop stellings is wel 'n beduidende verskil tussen die twee groepe se waarskynlike optrede aangetref, naamlik dat



Afrikaanse bemarkingskommunikasie meer waarskynlik die sterker taalgroepidentiteit verbruiker se gedrag sal beïnvloed as die laer taalgroepidentiteit verbruiker.

*7.5.1.17 H<sub>3b</sub>: Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n sterker taalgroepidentiteit verskil beduidend van stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n laer taalgroepidentiteit in terme van hulle voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie.*

Op grond daarvan dat die literatuur aantoon dat Afrikaanssprekendes 'n heterogene taalgemeenskap is, is dit nodig geag om vas te stel of die mate waartoe Afrikaanssprekendes met die taalgroep identifiseer onderliggend 'n invloed op Afrikaanssprekendes se voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie het (sien Afdeling 5.4.3). Respondente is in twee groepe, naamlik sterker taalgroepidentiteit en laer taalgroepidentiteit verdeel soos uiteengesit in Afdeling 7.5.1.16. In Tabel 7.31 word die twee groepe se gemiddelde waardes en die ANOVA resultate ten opsigte van die stellings oor voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie getoon.

**Tabel 7.31 ANOVA resultate: taalgroepidentiteit en voorkeur**

NR.	STELLING	TAALGROEP-IDENTITEIT		Enkel-veranderlike ontleding (p-waarde)	Interpretasie
		Sterker groep gem.	Laer groep gem.		
	<b>Steekproef (n)</b>	<b>197</b>	<b>109</b>		
10.1	Wanneer ek die keuse kry om in Afrikaans of Engels deur 'n personeelid van my bank bedien te word, verkies ek Afrikaans.	89.8	80.3	<b>0.0016</b>	
10.2	Wanneer my bank 'n produk met 'n Afrikaanse en Engelse brosjure verduidelik, verkies ek die Afrikaanse brosjure.	86.7	75.9	<b>0.0012</b>	
10.3	Ek verkies 'n Afrikaanse advertensie van my bank eerder as dieselfde advertensie in Engels.	82.3	71.8	<b>0.0029</b>	
10.4	Wanneer ek in 'n restaurant die keuse het om in Engels of Afrikaans deur die kelner bedien te word, verkies ek Afrikaans.	87.6	77.5	<b>0.0017</b>	
10.5	Indien die restaurant se spyskaart in Engels en in Afrikaans is, verkies ek om die Afrikaanse deel te lees.	81.6	70.8	<b>0.0032</b>	

NR.	STELLING	TAALGROEP-IDENTITEIT		Enkelveranderlike ontleding (p-waarde)	Interpretasie
		Sterker groep gem.	Laer groep gem.		
10.6	Ek verkies 'n Afrikaanse advertensie van die restaurant wat ek besoek eerder as dieselfde advertensie in Engels.	80.3	72.2	<b>0.0192</b>	
10.7	Indien die sjampoe wat ek koop se verpakkingsinligting in Afrikaans en Engels is, verkies ek om die Afrikaanse deel te lees.	84.4	69.7	<b>0.0000</b>	
10.8	Ek verkies 'n Afrikaanse advertensie van die sjampoe wat ek koop eerder as dieselfde advertensie in Engels.	80.5	69.2	<b>0.0018</b>	
10.9	Indien die sjokolade wat ek koop se verpakkingsinligting in Afrikaans en Engels is, verkies ek om die Afrikaanse deel te lees.	81.9	69.6	<b>0.0009</b>	
10.10	Ek verkies 'n Afrikaanse advertensie van die sjokolade wat ek koop, eerder as dieselfde advertensie in Engels.	79.7	71.2	<b>0.0197</b>	

**Scheffé toets p-waarde = 0.0141**

Die Scheffé toets se p-waarde toon 'n beduidende verskil ( $p=0.0141$ ) tussen stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n sterker taalgroepidentiteit en stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n laer taalgroepidentiteit ten opsigte van hulle voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie. Volgens die resultate het respondente met 'n sterker Afrikaanse taalgroepidentiteit 'n groter voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie as respondente met 'n laer taalgroepidentiteit. **Die nulhipotese word dus verwerp, aangesien ondersteuning vir die alternatiewe hipotese gevind kon word.** Die enkelveranderlike ontledings dui daarop dat die beduidende algemene resultaat teweeg gebring is deur beduidende verskille ten opsigte van al die stelling wat met voorkeur van Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie verband hou.

*7.5.1.18  $H_{3c}$ : Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n sterker taalgroepidentiteit verskil beduidend van stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n laer taalgroepidentiteit in terme van hulle selfgeding ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie.*

In die literatuur kom dit na vore dat Afrikaanssprekendes 'n heterogene taalgemeenskap is. Daarom is dit nodig geag om vas te stel of die mate waartoe Afrikaanssprekendes met hulle taalgroep identifiseer, onderliggend 'n invloed op Afrikaanssprekendes se selfgelling ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie het (sien Afdeling 5.4.3). Respondente is in twee betekenisvolle groepe, naamlik sterker taalgroepidentiteit en laer taalgroepidentiteit verdeel soos verduidelik in Afdeling 7.5.1.16. In Tabel 7.32 word die twee groepe se gemiddelde waardes en die ANOVA resultate ten opsigte van die stellings oor selfgelling getoon.

**Tabel 7.32 ANOVA resultate: taalgroepidentiteit en selfgelling**

NR.	STELLING	TAALGROEP-IDENTITEIT		Enkel-veranderlike ontleding (p-waarde)	Interpretasie
		Sterker groep gem.	Laer groep gem.		
	<b>Steekproef (n)</b>	<b>197</b>	<b>109</b>		
12.1	Ek sal versoek om in Afrikaans deur 'n personeellid van my bank bedien te word.	69.6	61.4	<b>0.0416</b>	
12.2	As my bank 'n Engelse brosjure aan my stuur, sal ek versoek dat hulle 'n Afrikaanse weergawe aan my stuur.	57.5	53.0	0.2862	Nie beduidend
12.3	As my bank nie in Afrikaans adverteer word nie, sal ek versoek dat dit in Afrikaans adverteer moet word.	55.4	50.8	0.2601	Nie beduidend
12.4	Ek sal versoek om in Afrikaans deur 'n restaurantkelner bedien te word.	57.4	52.6	0.2563	Nie beduidend
12.5	As ek 'n Engelse spyskaart in 'n restaurant kry, sal ek 'n Afrikaanse een versoek.	51.4	45.7	0.1679	Nie beduidend
12.6	As die restaurant wat ek besoek nie in Afrikaans adverteer word nie, sal ek versoek dat dit in Afrikaans adverteer word.	49.0	40.9	<b>0.0446</b>	
12.7	As die sjampoe wat ek koop se verpakkingsinligting nie in Afrikaans is nie, sal ek versoek dat dit in Afrikaans aangebring word.	45.4	40.6	0.2229	Nie beduidend
12.8	As die sjampoe wat ek koop nie in Afrikaans adverteer word nie, sal ek versoek dat dit in Afrikaans adverteer word.	44.9	41.1	0.3358	Nie beduidend
12.9	As die sjokolade wat ek koop se verpakkingsinligting nie in Afrikaans is nie, sal ek versoek dat dit in Afrikaans aangebring word.	43.9	40.5	0.3865	Nie beduidend
12.10	As die sjokolade wat ek koop nie in Afrikaans adverteer word nie, sal ek versoek dat dit in Afrikaans adverteer word.	45.1	41.2	0.3270	Nie beduidend

**Scheffé toets p-waarde = 0.0511**

Die Scheffé toets se p-waarde toon nie 'n beduidende verskil ( $p=0.0511$ ) tussen stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n sterker taalgroepidentiteit en

stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n laer taalgroepidentiteit in terme van hulle selfgelding ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie nie. **Die nulhipotese word dus aanvaar, aangesien daar nie genoeg ondersteuning vir die alternatiewe hipotese gevind kon word nie.** Die enkelveranderlike ontledings dui daarop dat die nie-beduidende resultaat deur die meerderheid stellings wat met selfgelding verband hou, teweeg gebring is. Die uitsonderings is Stellings 12.1 en 12.6, hiervolgens sal stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n sterker taalgroepidentiteit meer waarskynlik selfgeldend ten opsigte van diens in Afrikaans deur 'n bankpersoneellid optree, terwyl dit ook die geval is waar 'n aansitrestaurant nie in Afrikaans adverteer word nie.

### 7.5.2 Hipotesetoetsing deur gepaarde steekproef t-toets

Hipoteses 4a, 4b, 4c, 5a, 5b, 5c, 6a, 6b en 6c is deur middel van die t-toets vir gepaarde steekproewe (*t-test for paired samples*) getoets. Vir die genoemde hipoteses word vergelykings tussen die onafhanklike veranderlikes, naamlik: bemarkingskommunikasiemedium, produkbetrokkenheid, en die goedere-dienstekontinuum getref. Volgens Diamantopoulos en Schlegelmilch (2000:191) is die benadering van hierdie metode baie dieselfde as wanneer verskillende groepe met mekaar vergelyk word, soos die geval in Afdeling 7.5.1. Volgens die outeurs staan die gepaarde steekproef t-toets ook as die  $t_p$ -toets bekend om dit van die konvensionele t-toets te skei. Die toets leen homself tot die vergelyking van twee interval- of ratiovlakmetings met die nulhipotese wat stel dat die gemiddelde verskil in die populasie gelyk aan nul is.

*7.5.2.1 H<sub>4a</sub>: Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se houding teenoor Afrikaanse bemarkingskommunikasie verskil beduidend ten opsigte van die medium van bemarkingskommunikasie.*

In die lig van die belangrike rol wat die bemarkingskommunikasiemedium tydens die verbruikersbesluitnemingsproses speel en navorsing wat reeds aangetoon het dat Afrikaanse bemarkingskommunikasie belangriker in die geval van persoonlike as geskrewe kommunikasie is, word in hierdie studie gepoog om empiries vas te stel of verbruikers se houding ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie verskil afhangend van die bemarkingskommunikasiemedium (sien Afdeling 5.4.4). Die vraelys is so opgestel dat respondente se houding ten opsigte van vier verskillende mediums van bemarkingskommunikasie getoets is. Die afhanklike veranderlike (houding) is net op die kognitiewe en affektiewe komponente gemeet aangesien die gedragskomponent nie al die verskillende onafhanklike veranderlikes (medium van kommunikasie) ingesluit het nie. Die insluiting van al die verskillende mediums van kommunikasie by die gedragskomponent van houding sou die vraelys te lank gemaak het. Die medium van bemarkingskommunikasie is deur vier mediums verteenwoordig, naamlik: kontakpersoneel (bankpersoneellid en restaurantkelner), tasbare kommunikasie (bankbrosjyre en restaurantspyskaart), verpakking (verpakkingsinligting), en reklame (advertensies). In Tabel 7.33 (volgende bladsy) word die verskillende mediums van bemarkingskommunikasie se gemiddelde waardes en die  $t_r$ -toets resultate ten opsigte van die stellings oor houding getoon.

Tabel 7.33  $T_r$ -toets resultate: kommunikasiemedium en houding

Bemarkingskommunikasie-medium	Houding gem.	Enkelveranderlike ontleding p-waarde			
		Kontakpersoneel (bankpersoneellid / restaurantkelner)	Tasbare kommunikasie (bankbrosjyre / restaurantspyskaart)	Verpakking (verpakkingsinligting)	Reklame (advertensies)
		84.5	81.5	69.2	76.2
<b>Kontakpersoneel</b> (bankpersoneellid / restaurantkelner)	84.5				
<b>Tasbare kommunikasie</b> (bankbrosjyre / restaurantspyskaart)	81.5	0.0811			
<b>Verpakking</b> (verpakkingsinligting)	69.2	<b>0.0000</b>	<b>0.0000</b>		
<b>Reklame</b> (advertensies)	76.2	<b>0.0000</b>	<b>0.0061</b>	<b>0.0026</b>	

$T_r$ -toets p-waarde = **0.0000**

Die  $t_r$ -toets se p-waarde toon dat daar 'n beduidende verskil ( $p=0.0000$ ) tussen die verskillende mediums van bemarkingskommunikasie en respondente se houding teenoor Afrikaanse bemarkingskommunikasie bestaan. Volgens die resultate is stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se houding die positiefste waar kontakpersoneel en tasbare kommunikasie ter sprake is. **Die nulhipotese word dus verwerp, aangesien ondersteuning vir die alternatiewe hipotese gevind kon word.** Die enkelveranderlike ontledings dui daarop dat die beduidende algemene resultaat deur beduidende onderlinge verskille tussen al die verskillende mediums van bemarkingskommunikasie teweeg gebring is, uitsluitend kontakpersoneel en tasbare kommunikasie.

7.5.2.2  $H_{4b}$ : *Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie verskil beduidend ten opsigte van die medium van bemarkingskommunikasie.*

Op grond van die literatuur (sien Afdeling 5.4.4) waarin aandui word dat die bemarkingskommunikasiemedium 'n belangrike rol tydens die verbruikersbesluitnemingsproses speel en navorsing wat aangetoon het dat Afrikaanse bemarkingskommunikasie belangriker in die geval van persoonlike as geskrewe

kommunikasie is, word in hierdie studie gepoog om empiries vas te stel of verbruikers se voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie verskil op grond van die bemarkingskommunikasiemedium. Die vraelys is so opgestel dat respondente se voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie ten opsigte van dieselfde vier mediums, soos gemeld in Afdeling 7.5.2.1 getoets kon word. In Tabel 7.34 word die verskillende mediums van bemarkingskommunikasie se gemiddelde waardes en die  $t_f$ -toets resultate ten opsigte van die stellings oor voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie getoon.

**Tabel 7.34  $T_f$ -toets resultate: kommunikasiemedium en voorkeur**

Bemarkingskommunikasie-medium	Voorkeur gem.	Enkelveranderlike ontleding p-waarde			
		Kontakpersoneel (bankpersoneellid / restaurantkelner)	Tasbare kommunikasie (bankbrosjyre / restaurantspyskaart)	Verpakking (verpakkingsinligting)	Reklame (advertensies)
	Voorkeur gem.	85.3	80.4	78.4	77.0
Kontakpersoneel (bankpersoneellid / restaurantkelner)	85.3				
Tasbare kommunikasie (bankbrosjyre / restaurantspyskaart)	80.4	0.0177			
Verpakking (verpakkingsinligting)	78.4	0.0018	0.4057		
Reklame (advertensies)	77.0	0.0001	0.1344	0.5410	

**$T_f$ -toets p-waarde = 0.0000**

Die  $t_f$ -toets se p-waarde toon dat daar 'n beduidende verskil ( $p=0.0000$ ) tussen die verskillende mediums van bemarkingskommunikasie en respondente se voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie bestaan. Die resultate toon dat stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie die hoogste is wanneer kontakpersoneel ter sprake is. **Die nulhipotese word dus verwerp, aangesien ondersteuning vir die alternatiewe hipotese gevind kon**

**word.** Die enkelveranderlike ontledings dui daarop dat die beduidende algemene resultaat deur 'n beduidende voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie ten opsigte van kontakpersoneel teenoor tasbare kommunikasie, verpakking en ook reklame teweeg gebring is.

*7.5.2.3  $H_{4c}$ : Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se selfgelding ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie verskil beduidend in terme van die medium van bemarkingskommunikasie.*

In die lig van die belangrike rol wat die bemarkingskommunikasiemedium tydens die verbruikersbesluitnemingsproses speel en navorsing wat reeds aangetoon het dat Afrikaanse bemarkingskommunikasie belangriker in die geval van persoonlike as geskrewe kommunikasie is, word in hierdie studie gepoog om empiries vas te stel of verbruikers se selfgelding ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie verskil in terme van die bemarkingskommunikasie-medium. Respondente se selfgelding ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie is vir die vier mediums, soos gemeld in Afdeling 7.5.2.1 en 7.5.2.2 getoets. In Tabel 7.35 (volgende bladsy) word die verskillende mediums van bemarkingskommunikasie se gemiddelde waardes en die  $t_r$ -toets resultate vir die stellings oor selfgelding ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie, getoon.



**Tabel 7.35 T<sub>r</sub>-toets resultate: kommunikasiemedium en selfgelding**

Bemarkingskommunikasie-medium	Selfgelding gem.	Enkelveranderlike ontleding p-waarde			
		Kontakpersoneel (bankpersoneellid/ restaurantkelner)	Tasbare kommunikasie (bankbrosjyre/ restaurantspyskaart)	Verpakking (verpakkings- inligting)	Reklame (advertensies)
		61.1	52.7	43.2	46.8
<b>Kontakpersoneel</b> (bankpersoneellid / restaurantkelner)	61.1				
<b>Tasbare kommunikasie</b> (bankbrosjyre / restaurantspyskaart)	52.7	<b>0.0016</b>			
<b>Verpakking</b> (verpakkingsinligting)	43.2	<b>0.0000</b>	<b>0.0004</b>		
<b>Reklame</b> (advertensies)	46.8	<b>0.0000</b>	<b>0.0257</b>	0.1667	

**T<sub>r</sub>-toets p-waarde = 0.0000**

Die t<sub>r</sub>-toets se p-waarde toon dat daar 'n beduidende verskil (p=0.0000) tussen die verskillende mediums van bemarkingskommunikasie en respondente se selfgelding ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie is. Die resultate wys dat stedelike Afrikaanssprekende verbruikers die waarskynlikste selfgeldend ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie sal optree wanneer hulle met kontakpersoneel te doen het. **Die nulhipotese word dus verwerp, aangesien ondersteuning vir die alternatiewe hipotese gevind kon word.** Die enkelveranderlike ontledings dui daarop dat die beduidende algemene resultaat deur beduidende onderlinge verskille tussen al die verskillende mediums, buiten tussen verpakking en reklame waar nie 'n beduidende verskil gevind kon word nie, teweeg gebring is.

*7.5.2.4 H<sub>5a</sub>: Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se houding teenoor Afrikaanse bemarkingskommunikasie verskil beduidend ten opsigte van hulle produkbetrokkenheid.*

Die belangrike rol wat produkbetrokkenheid speel in die verbruiker se motivering om inligting te verwerk, en die afwesigheid van gepubliseerde navorsing oor die invloed van produkbetrokkenheid op Afrikaanssprekende verbruikers se houding ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie, dien as teoretiese

motivering vir hierdie hipotese. Die vraelys is so opgestel dat respondente se houding ten opsigte van vier produkte, wat as surrogate dien vir die vier betrokkenheidskwadrante van die FCB-matriks, getoets kon word. Die vier kwadrante en ooreenstemmende surrogate is: inligtinggewende kwadrant (bank); emosionele kwadrant (aansitrestaurant); gewoontekwadrant (haarsjampoe) en bevredigingkwadrant (sjokolade). Sien Afdeling 4.3.1 vir 'n volledige bespreking oor die FCB-matriks. In Tabel 7.36 word die verskillende betrokkenheidskwadrante se gemiddelde waardes en die  $t_r$ -toets resultate ten opsigte van die stellings oor houding getoon.

**Tabel 7.36  $T_r$ -toets resultate: betrokkenheidskwadrant en houding**

Betrokkenheidskwadrant	Houding gem.	Enkelveranderlike ontleding p-waarde			
		Inligtinggewend (bank)	Emosioneel (aansitrestaurant)	Gewoonte (haarsjampoe)	Bevrediging (sjokolade)
		79.9	72.0	63.8	62.6
<b>Inligtinggewend</b> (bank)	79.9				
<b>Emosioneel</b> (aansitrestaurant)	72.0	<b>0.0000</b>			
<b>Gewoonte</b> (haarsjampoe)	63.8	<b>0.0000</b>	<b>0.0001</b>		
<b>Bevrediging</b> (sjokolade)	62.6	<b>0.0000</b>	<b>0.0000</b>	0.6073	

**$T_r$ -toets p-waarde = 0.0000**

Die  $t_r$ -toets se p-waarde toon dat daar 'n beduidende verskil ( $p=0.0000$ ) tussen die verskillende betrokkenheidskwadrante en respondente se houding teenoor Afrikaanse bemarkingskommunikasie bestaan. Die resultate toon dat stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se houding teenoor die inligtinggewende kwadrant (bank) die positiefste is. **Die nulhipotese word dus verwerp, aangesien ondersteuning vir die alternatiewe hipotese gevind kon word.** Die enkelveranderlike ontledings dui daarop dat die beduidende algemene resultaat deur beduidende onderlinge verskille tussen al die onderskeie betrokkenheidskwadrante, buiten tussen die gewoonte- en bevrediging-

kwadrante, waar nie 'n beduidende verskil gevind kon word nie, teweeg gebring is.

*7.5.2.5 H<sub>5b</sub>: Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie verskil beduidend ten opsigte van hulle produkbetrokkenheid.*

In die lig van die belangrike rol wat produkbetrokkenheid speel in die verbruiker se motivering om inligting te verwerk, en die afwesigheid van gepubliseerde navorsing oor die invloed van produkbetrokkenheid op Afrikaanssprekende verbruikers se voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie, is bogenoemde hipotese geformuleer. Die vraelys is so opgestel dat respondente se voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie ten opsigte van die vier betrokkenheidskwadrante van die FCB-matriks (soos uiteengesit in Afdeling 7.5.2.4) getoets kon word. In Tabel 7.37 word die verskillende betrokkenheidskwadrante se gemiddelde waardes en die t<sub>r</sub>-toets resultate ten opsigte van die stellings oor voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie getoon.

**Tabel 7.37 T<sub>r</sub>-toets resultate: betrokkenheidskwadrant en voorkeur**

Betrokkenheidskwadrant		Enkelveranderlike ontleding p-waarde			
		Inligtinggewend (bank)	Emosioneel (aansitrestaurant)	Gewoonte (haarsjampoe)	Bevrediging (sjokolade)
	<b>Voorkeur gem.</b>	82.7	79.8	77.8	76.6
<b>Inligtinggewend</b> (bank)	82.7				
<b>Emosioneel</b> (aansitrestaurant)	79.8	0.1690			
<b>Gewoonte</b> (haarsjampoe)	77.8	<b>0.0274</b>	0.3652		
<b>Bevrediging</b> (sjokolade)	76.6	<b>0.0062</b>	0.1462	0.5935	

**T<sub>r</sub>-toets p-waarde = 0.0000**

Die  $t_r$ -toets se  $p$ -waarde toon dat daar 'n beduidende verskil ( $p=0.0000$ ) tussen die verskillende betrokkenheidskwadrante en respondente se voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie bestaan. Op grond van die resultate kan aanvaar word dat stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie die hoogste is vir die inligtinggewende kwadrant (bank) en emosionele kwadrant (aansitrestaurant). **Die nulhipotese word dus verwerp, aangesien ondersteuning vir die alternatiewe hipotese gevind kon word.** Die enkelveranderlike ontledings dui daarop dat die beduidende algemene resultaat deur die beduidende onderlinge verskille tussen twee pare betrokkenheidskwadrante teweeg gebring is, naamlik tussen bank en haarsjampoe, en tussen bank en sjokolade.

*7.5.2.6  $H_{5c}$ : Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se selfgelding ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie verskil beduidend in terme van hulle produkbetrokkenheid.*

Aangesien produkbetrokkenheid 'n belangrike rol speel in die verbruiker se motivering om inligting te verwerk, en aangesien geen gepubliseerde navorsing oor die invloed van produkbetrokkenheid op Afrikaanssprekende verbruikers se selfgelding ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie gevind kon word nie, is bogenoemde hipotese geformuleer. Die vraelys is so opgestel dat respondente se selfgelding ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie in terme van die vier betrokkenheidskwadrante van die FCB-matriks (soos uiteengesit in Afdeling 7.5.2.4) getoets kon word. In Tabel 7.38 word die verskillende betrokkenheidskwadrante se gemiddelde waardes en die  $t_r$ -toets resultate ten opsigte van die stellings oor selfgelding ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie getoon.

Tabel 7.38  $T_r$ -toets resultate: betrokkenheidskwadrant en selfgelding

		Enkelveranderlike ontleding p-waarde			
Betrokkenheidskwadrant		Inligtinggewend (bank)	Emosioneel (aansitrestaurant)	Gewoonte (haarsjampoe)	Bevrediging (sjokolade)
	Selfgelding gem.	58.8	50.4	43.7	43.1
Inligtinggewend (bank)	58.8				
Emosioneel (aansitrestaurant)	50.4	0.0013			
Gewoonte (haarsjampoe)	43.7	0.0000	0.0107		
Bevrediging (sjokolade)	43.1	0.0000	0.0059	0.8321	

$T_r$ -toets p-waarde = 0.0000

Die t-toets se p-waarde toon dat daar 'n beduidende verskil ( $p=0.0000$ ) tussen die verskillende betrokkenheidskwadrante en respondente se selfgelding ten opsigte van Afrikaans is. Die resultate toon dat stedelike Afrikaanssprekende verbruikers die mees waarskynlike selfgeldend sal optree wanneer hulle by 'n bank is (inligtinggewende kwadrant) en die minste waarskynlik in die geval van die gewoontekwadrant (haarsjampoe) en bevredigingkwadrant (sjokolade). **Die nulhipotese word dus verwerp, aangesien ondersteuning vir die alternatiewe hipotese gevind kon word.** Die enkelveranderlike ontledings dui daarop dat die beduidende algemene resultaat deur beduidende verskille tussen die inligtinggewende kwadrant en al drie ander betrokkenheidskwadrante en ook emosionele kwadrant met die gewoonte- en bevredigingkwadrante teweeg gebring is. Geen beduidende verskil kon egter tussen waarskynlike selfgeldende optrede by die gewoontekwadrant en bevredigingkwadrant gevind word nie.

7.5.2.7  $H_{6a}$ : Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se houding teenoor Afrikaanse bemarkingskommunikasie verskil beduidend ten opsigte van die produk se posisie op die goedere-dienstekontinuum.

Gepubliseerde navorsing oor verbruikers se verskil in houding ten opsigte van bemarkingskommunikasie in terme van 'n produk se posisie op die goedere-

dienstekontinuum, kon nie gevind word nie. Die vermoede dat 'n produk se posisie op die goedere-dienstekontinuum wel 'n verskil in Afrikaanssprekende verbruikers se houding ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie kan maak, dien as motivering vir bogenoemde hipotese. Die vraelys is so opgestel dat respondente se houding ten opsigte van drie produkte op die goedere-dienstekontinuum gemeet is. Die twee ekstreme pole op die goedere-dienstekontinuum is verteenwoordig, naamlik suiwer dienste (bank het as surrogaat gedien) en suiwer produkte (haarsjampoe en sjokolade het as surrogaat gedien). Die middelpunt van die goedere-dienstekontinuum, naamlik goedere-dienstekruising (aansitrestaurant het as surrogaat gedien) is ook ingesluit. Sien Afdeling 4.3.2 vir 'n bespreking oor die goedere-dienstekontinuum. In Tabel 7.39 word die drie verteenwoordigende produkte vir die goedere-dienstekontinuum se gemiddelde waardes en die  $t_r$ -toets resultate ten opsigte van die stellings oor houding getoon.

**Tabel 7.39  $T_r$ -toets resultate: goedere-dienstekontinuum en houding**

		Enkel veranderlike analise p-waarde		
Goedere-dienstekontinuum		Suiwer diens (bank)	Goedere- dienstekruising (aansitrestaurant)	Suiwer produk (haarsjampoe / sjokolade)
	<b>Houding Gem.</b>	79.9	72.0	63.2
<b>Suiwer diens</b> (bank)	79.9			
<b>Goedere-dienstekruising</b> (aansitrestaurant)	72.0	<b>0.0000</b>		
<b>Suiwer produk</b> (haarsjampoe / sjokolade)	63.2	<b>0.0000</b>	<b>0.0000</b>	

**$T_r$ -toets p-waarde = 0.0000**

Die  $t_r$ -toets se p-waarde toon dat daar 'n beduidende verskil ( $p=0.0000$ ) tussen Afrikaanssprekende verbruikers se houding teenoor Afrikaanse bemarkingskommunikasie en 'n produk se posisie op die goedere-dienstekontinuum bestaan. Volgens die resultate is stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se houding teenoor 'n suiwer diens (bank) positiewer as vir 'n goedere-dienstekruising (aansitrestaurant) en 'n suiwer produk (haarsjampoe en

sjokolade). **Die nulhipotese word dus verwerp, aangesien ondersteuning vir die alternatiewe hipotese gevind kon word.** Die enkelveranderlike ontledings dui daarop dat die beduidende algemene resultaat deur beduidende verskille onderling tussen 'n suiwer diens, goedere-dienstekruising en suiwer produk teweeg gebring is.

*7.5.2.8  $H_{6b}$ : Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie verskil beduidend ten opsigte van die produk se posisie op die goedere-dienstekontinuum.*

Gepubliseerde navorsing, oor verbruikers se verskil in voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie in terme van 'n produk se posisie op die goedere-dienstekontinuum, kon nie gevind word nie. Op grond van die vermoede dat 'n produk se posisie op die goedere-dienstekontinuum wel 'n invloed op Afrikaanssprekende verbruikers se voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie kan hê, is bogenoemde hipotese geformuleer. Respondente se voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie is ten opsigte van drie produkte op die goedere-dienstekontinuum, soos bespreek in Afdeling 7.5.2.7, gemeet. In Tabel 7.40 (volgende bladsy) word die drie verteenwoordigende produkte vir die goedere-dienstekontinuum se gemiddelde waardes en die  $t$ -toets resultate ten opsigte van die stellings oor voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie getoon.

**Tabel 7.40  $T_r$ -toets resultate: goedere-dienstekontinuum en voorkeur**

Goedere-dienstekontinuum		Enkel veranderlike analise p-waarde		
		Suiwer diens (bank)	Goedere- dienstekruising (aansitrestaurant)	Suiwer produk (haarsjampoe / sjokolade)
	<b>Voorkeur Gem.</b>	82.7	79.8	77.2
<b>Suiwer diens</b> (bank)	82.7			
<b>Goedere-dienstekruising</b> (aansitrestaurant)	79.8	0.1690		
<b>Suiwer produk</b> (haarsjampoe / sjokolade)	77.2	<b>0.0130</b>	0.2372	

 **$T_r$ -toets p-waarde = 0.0000**

Die  $t_r$ -toets se p-waarde toon dat daar 'n beduidende verskil ( $p=0.0000$ ) tussen Afrikaanssprekende verbruikers se voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie en 'n produk se posisie op die goedere-dienstekontinuum bestaan. Die resultate toon dat stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie die hoogste is vir 'n suiwer diens (bank) en 'n goedere-dienstekruising (aansitrestaurant). **Die nulhipotese word dus verwerp, aangesien ondersteuning vir die alternatiewe hipotese gevind kon word.** Die enkelveranderlike ontledings dui daarop dat die beduidende algemene resultaat slegs deur 'n beduidende verskil tussen 'n suiwer diens en 'n suiwer produk teweeg gebring is. Geen beduidende verskille kon tussen 'n suiwer diens en goedere-dienstekruising of tussen 'n goedere-dienstekruising en 'n suiwer produk gevind word nie.

*7.5.2.9  $H_{6c}$ : Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se selfgelding ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie verskil beduidend in terme van die produk se posisie op die goedere-dienstekontinuum.*

Geen gepubliseerde navorsing, oor verbruikers se verskil in selfgelding ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie in terme van 'n produk se posisie op die goedere-dienstekontinuum, kon opgespoor word nie. Die vermoede dat 'n produk se posisie op die goedere-dienstekontinuum wel 'n



verskil in Afrikaanssprekende verbruikers se selfgeldigheid ten op van Afrikaanse bemarkingskommunikasie kan maak, dien as motivering vir bogenoemde hipotese. Respondente se selfgeldigheid ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie is vir drie produkte op die goedere-dienstekontinuum, soos bespreek in Afdeling 7.5.2.7, gemeet. In Tabel 7.41 word die drie verteenwoordigende produkte vir die goedere-dienstekontinuum se gemiddelde waardes en die  $t_r$ -toets resultate vir die stellings oor selfgeldigheid ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie, getoon.

**Tabel 7.41  $T_r$ -toets resultate: goedere-dienstekontinuum en selfgeldigheid**

Goedere-dienstekontinuum	Selfgeldigheid Gem.	Enkel veranderlike analise p-waarde		
		Suiwer diens (bank)	Goedere-dienstekruising (aansitrestaurant)	Suiwer produk (haarsjampoe / sjokolade)
		58.8	50.4	43.3
Suiwer diens (bank)	58.8			
Goedere-dienstekruising (aansitrestaurant)	50.4	0.0013		
Suiwer produk (haarsjampoe / sjokolade)	43.3	0.0000	0.0074	

**$T_r$ -toets p-waarde = 0.0000**

Die  $t_r$ -toets se p-waarde toon dat daar 'n beduidende verskil ( $p=0.0000$ ) tussen Afrikaanssprekende verbruikers se selfgeldigheid ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie en 'n produk se posisie op die goedere-dienstekontinuum bestaan. Volgens die resultate sal stedelike Afrikaanssprekende verbruikers die waarskynlikste selfgeldend optree in die geval van 'n suiwer diens (bank) en die onwaarskynlikste in die geval van 'n suiwer produk (haarsjampoe en sjokolade). **Die nulhipotese word dus verwerp, aangesien ondersteuning vir die alternatiewe hipotese gevind kon word.** Die enkelveranderlike ontledings dui daarop dat die beduidende algemene resultaat deur beduidende verskille onderling tussen 'n suiwer diens, goedere-dienstekruising en suiwer produk teweeg gebring is.

### 7.5.3 Opsomming van hipotese-uitslag

In Tabel 7.42 word die uitslag van die hipotese-stellings, wat die sekondêre navorsingsdoelwitte van die studie ondersteun, opsommend verskaf.

**Tabel 7.42 Uitslag van die alternatiewe hipoteses**

	ALTERNATIEWE HIPOTESE	AANVAAR OF VERWERP
$H_{1.1a}$	<i>Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers van verskillende <b>ouderdomsgroepe</b> verskil beduidend in terme van hulle <b>houding</b> teenoor Afrikaanse bemarkingskommunikasie.</i>	<b>Verwerp</b>
$H_{1.1b}$	<i>Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers van verskillende <b>ouderdomsgroepe</b> verskil beduidend in terme van hulle <b>voorkeur</b> vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie.</i>	<b>Verwerp</b>
$H_{1.1c}$	<i>Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers van verskillende <b>ouderdomsgroepe</b> verskil beduidend in terme van hulle <b>selfgelding</b> ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie.</i>	<b>Verwerp</b>
$H_{1.2a}$	<i>Hoë en lae <b>inkomstegroepe</b> stedelike Afrikaanssprekende verbruikers verskil beduidend in terme van hulle <b>houding</b> teenoor Afrikaanse bemarkingskommunikasie.</i>	<b>Aanvaar</b>
$H_{1.2b}$	<i>Hoë en lae <b>inkomstegroepe</b> stedelike Afrikaanssprekende verbruikers verskil beduidend in terme van hulle <b>voorkeur</b> vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie.</i>	<b>Verwerp</b>
$H_{1.2c}$	<i>Hoë en lae <b>inkomstegroepe</b> stedelike Afrikaanssprekende verbruikers verskil beduidend in terme van hulle <b>selfgelding</b> ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie.</i>	<b>Aanvaar</b>
$H_{1.3a}$	<i><b>Wit en bruin</b> stedelike Afrikaanssprekende verbruikers verskil beduidend in terme van hulle <b>houding</b> teenoor Afrikaanse bemarkingskommunikasie.</i>	<b>Aanvaar</b>
$H_{1.3b}$	<i><b>Wit en bruin</b> stedelike Afrikaanssprekende verbruikers verskil beduidend in terme van hulle <b>voorkeur</b> vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie.</i>	<b>Verwerp</b>
$H_{1.3c}$	<i><b>Wit en bruin</b> stedelike Afrikaanssprekende verbruikers verskil beduidend in terme van hulle <b>selfgelding</b> ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie.</i>	<b>Aanvaar</b>
$H_{1.4a}$	<i><b>Manlike en vroulike</b> stedelike Afrikaanssprekende verbruikers verskil beduidend in terme van hulle <b>houding</b> teenoor Afrikaanse bemarkingskommunikasie.</i>	<b>Aanvaar</b>
$H_{1.4b}$	<i><b>Manlike en vroulike</b> stedelike Afrikaanssprekende verbruikers verskil beduidend in terme van hulle <b>voorkeur</b> vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie.</i>	<b>Aanvaar</b>
$H_{1.4c}$	<i><b>Manlike en vroulike</b> stedelike Afrikaanssprekende verbruikers verskil beduidend in terme van hulle <b>selfgelding</b> ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie.</i>	<b>Aanvaar</b>

$H_{2a}$	Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n beter <b>Engelse taalvaardigheid</b> verskil beduidend van stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n swakker Engelse taalvaardigheid in terme van hulle <b>houding</b> teenoor Afrikaanse bemarkingskommunikasie.	<b>Verwerp</b>
$H_{2b}$	Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n beter <b>Engelse taalvaardigheid</b> verskil beduidend van stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n swakker Engelse taalvaardigheid in terme van hulle <b>voorkeur</b> vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie.	<b>Aanvaar</b>
$H_{2c}$	Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n beter <b>Engelse taalvaardigheid</b> verskil beduidend van stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n swakker Engelse taalvaardigheid in terme van hulle <b>selfgelding</b> ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie.	<b>Verwerp</b>
$H_{3a}$	Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n sterker <b>taalgroepidentiteit</b> verskil beduidend van stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n laer taalgroepidentiteit in terme van hulle <b>houding</b> teenoor Afrikaanse bemarkingskommunikasie.	<b>Aanvaar</b>
$H_{3b}$	Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n sterker <b>taalgroepidentiteit</b> verskil beduidend van stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n laer taalgroepidentiteit in terme van hulle <b>voorkeur</b> vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie.	<b>Aanvaar</b>
$H_{3c}$	Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n sterker <b>taalgroepidentiteit</b> verskil beduidend van stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n laer taalgroepidentiteit in terme van hulle <b>selfgelding</b> ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie.	<b>Verwerp</b>
$H_{4a}$	Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se <b>houding</b> teenoor Afrikaanse bemarkingskommunikasie verskil beduidend ten opsigte van die <b>medium</b> van bemarkingskommunikasie.	<b>Aanvaar</b>
$H_{4b}$	Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se <b>voorkeur</b> vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie verskil beduidend ten opsigte van die <b>medium</b> van bemarkingskommunikasie.	<b>Aanvaar</b>
$H_{4c}$	Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se <b>selfgelding</b> ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie verskil beduidend in terme van die <b>medium</b> van bemarkingskommunikasie.	<b>Aanvaar</b>
$H_{5a}$	Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se <b>houding</b> teenoor Afrikaanse bemarkingskommunikasie verskil beduidend ten opsigte van hulle <b>produkbetrokkenheid</b> .	<b>Aanvaar</b>
$H_{5b}$	Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se <b>voorkeur</b> vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie verskil beduidend ten opsigte van hulle <b>produkbetrokkenheid</b> .	<b>Aanvaar</b>
$H_{5c}$	Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se <b>selfgelding</b> ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie verskil beduidend ten opsigte van hulle <b>produkbetrokkenheid</b> .	<b>Aanvaar</b>
$H_{6a}$	Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se <b>houding</b> teenoor Afrikaanse bemarkingskommunikasie verskil beduidend ten opsigte van die produk se posisie op die <b>goedere-dienstekontinuum</b> .	<b>Aanvaar</b>

$H_{6b}$	<i>Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se <b>voorkeur</b> vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie verskil beduidend ten opsigte van die produk se posisie op die <b>goedere-dienstekontinuum</b>.</i>	<b>Aanvaar</b>
$H_{6c}$	<i>Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se <b>selfgeldig</b> ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie verskil beduidend ten opsigte van die produk se posisie op die <b>goedere-dienstekontinuum</b>.</i>	<b>Aanvaar</b>

In Tabel 7.43 kan die leser in een oogopslag die hipoteses se uitslag en die afhanklike en onafhanklike veranderlikes sien. Die opsommende tabel is op Tabel 1.3 in Hoofstuk 1, gebaseer.

**Tabel 7.43 Hipotese uitslag, afhanklike en onafhanklike veranderlikes**

		AFHANKLIKE VERANDERLIKES		
		Houding	Voorkeur	Selfgeldig
ONAFHANKLIKE VERANDERLIKES	Ouderdom	$H_{1.1a}$ Verwerp	$H_{1.1b}$ Verwerp	$H_{1.1c}$ Verwerp
	Inkomste	$H_{1.2a}$ Aanvaar	$H_{1.2b}$ Verwerp	$H_{1.2c}$ Aanvaar
	Ras	$H_{1.3a}$ Aanvaar	$H_{1.3b}$ Verwerp	$H_{1.3c}$ Aanvaar
	Geslag	$H_{1.4a}$ Aanvaar	$H_{1.4b}$ Aanvaar	$H_{1.4c}$ Aanvaar
	Engelse taalvaardigheid	$H_{2a}$ Verwerp	$H_{2b}$ Aanvaar	$H_{2c}$ Verwerp
	Taalgroepidentiteit	$H_{3a}$ Aanvaar	$H_{3b}$ Aanvaar	$H_{3c}$ Verwerp
	Bemarkings-kommunikasiemedium	$H_{4a}$ Aanvaar	$H_{4b}$ Aanvaar	$H_{4c}$ Aanvaar
	Produkbetrokkenheid	$H_{5a}$ Aanvaar	$H_{5b}$ Aanvaar	$H_{5c}$ Aanvaar
	Goedere-dienstekontinuum	$H_{6a}$ Aanvaar	$H_{6b}$ Aanvaar	$H_{6c}$ Aanvaar

'n Opsommende beskrywing van die uitslag van elke hipotese is in Bylaag 5 van die studie vervat.

## 7.6 OPSOMMING

In hierdie hoofstuk is die resultate van die studie gerapporteer. In die eerste plek is die realiseringstatistiek in oënskou geneem, waarna die fokus na die



beskrywende statistiek verskuif het. Die empiriese ontleding het bevestig dat die taalgroepidentiteitskaal wat gebruik is, as betroubaar en geldig beskou kan word. Die empiriese resultate is getoets teen die geformuleerde hipoteses en 'n opsomming van die uitkoms van elkeen van die hipoteses is gegee. Die gevolgtrekkings en aanbevelings wat uit die resultate spruit, sal in die volgende hoofstuk bespreek word.

## HOOFSTUK 8

### Gevolgtrekkings en aanbevelings

---

#### 8.1 INLEIDING

In die finale hoofstuk word die gevolgtrekkings en aanbevelings, gebaseer op die bevindings wat in Hoofstuk 7 gerapporteer en bespreek is, uiteengesit. Die gevolgtrekkings en aanbevelings word aan die hand van die ses navorsingsdoelwitte (SND1 tot SND6), soos gestel in Hoofstuk 1, in Afdeling 8.2 tot 8.7 weergegee. Elke onderafdeling word met 'n kort herhaling van die toepaslike navorsingsbevinding ingelei (verwys ook na Bylaag 5 vir 'n opsommende beskrywing van die bevindings).

Die uiteensetting van gevolgtrekkings en aanbevelings bou op tot die finale bevindings, gevolgtrekkings en aanbevelings (Afdeling 8.8) ten opsigte van die studie se primêre navorsingsdoel, naamlik om stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se houding, voorkeur en selfgeding ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie te bepaal en verder te ondersoek. Ten slotte word beperkings van die studie uitgewys en aanbevelings vir moontlike toekomstige navorsing gemaak.

In die lig van die studie se eksploratiewe en beskrywende aard kan die aanbevelings wat in hierdie hoofstuk aangebied word, as patrone of tendense vir kennisname in maatskappye se strategiese beplanning beskou word, eerder as dat dit vaste riglyne impliseer.

Ter wille van duidelikheid word daar in hierdie laaste hoofstuk, waar moontlik, na die volledige beskrywing van die populasie, naamlik: *stedelike Afrikaans-*

*sprekende verbruikers* verwys. In gevalle waar dit té omslagtig is, is die beskrywing na *verbruikers* of *Afrikaanssprekende verbruikers* verkort.

## **8.2. BEVINDINGS: DEMOGRAFIESE GROEPERINGS (SND1)**

### **8.2.1 Ouderdom**

#### **Bevinding**

Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers van verskillende ouderdomsgroepe stem in hulle houding, voorkeur en selfgelding ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie ooreen.

#### **Gevolgtrekking**

Ouderdom, as onafhanklike veranderlike, speel nie 'n rol by Afrikaanssprekende verbruikers se houding, voorkeur of selfgelding ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie nie. Selfs ten opsigte van die individuele stellings wat met houding, voorkeur en selfgelding verband hou, kon geen beduidende verskille tussen die drie ouderdomsgroepe gevind word nie. Hierdie bevinding is anders as die verwagting, wat op grond van die literatuur geskep is, naamlik dat verbruikers van verskillende ouderdomsgroepe ten opsigte van hulle houding, voorkeur en selfgelding kan verskil. Verder kon die verwagting bestaan dat verskillende ouderdomsgroepe, vanweë hulle blootstelling (al dan nie) aan die apartheidsbedeling, ook kan verskil ten opsigte van hulle houding, voorkeur en selfgelding ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie. Volgens die bevinding is dit egter nie die geval nie. Die bevinding strook grootliks met Bester en Hattingh (2006) se kwalitatiewe navorsingstudie onder jong volwasse Afrikaanssprekendes, wat aangetoon het dat hulle positief oor Afrikaanse bemarkingskommunikasie voel. Bester en Hattingh (2006) het wel bevind dat die jong volwasse Afrikaanssprekende verbruikers 'n voorkeur vir Engelse bemarkingskommunikasie bo Afrikaanse bemarkingskommunikasie het, vanweë

hulle blootstelling aan Engels, maar dat hulle tog, onnadenkend, hulle voorkeur as Afrikaans aandui.

### **Aanbeveling**

- Die ouderdom van stedelike Afrikaanssprekende verbruikers hoef nie in ag geneem te word wanneer 'n keuse ten opsigte van die bemarkingskommunikasietaal gemaak word nie.

## **8.2.2 Inkomste**

### *8.2.2.1 Houding*

#### **Bevinding**

Die lae inkomstegroep stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se houding is positiewer ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie as die hoë inkomstegroep Afrikaanssprekende verbruikers.

#### **Gevolgtrekking**

Hierdie beduidend positiewer houding is waarneembaar by al drie komponente van houding, naamlik die kognitiewe (**die reg**), affektiewe (**gewaardeer voel**) en gedragskomponent (**koop, bly koop, aanbeveel**). Die empiriese resultate ten opsigte van die individuele stellings wat met houding verband hou toon egter dat veral in die geval van kontakpersoneel (bankpersoneellid) en tasbare kommunikasie (brosjyre) by 'n bank; kontakpersoneel (kelner) by 'n aansitrestaurant; en die gedragskomponent ten opsigte van 'n bank; die twee inkomstegroepe se houding nie beduidend van mekaar verskil nie. Dit kan dus gestel word dat hoë en lae inkomstegroepe hierdie aspekte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie as ewe belangrik of onbelangrik beskou en dat inkomste nie 'n bewese invloed op laasgenoemde aspekte van die afhanklike veranderlike (houding) het nie.



’n Verklaring waarom lae inkomstegroepe ’n positiewer houding teenoor Afrikaanse bemarkingskommunikasie as hoë inkomstegroepe het, is nie voor die hand liggend nie en ’n moontlike verklaring daarvoor kon nie in die literatuur gevind word nie. Die moontlikheid van ’n versteekte verwantskap tussen inkomstegroep en ’n ander onafhanklike veranderlike, byvoorbeeld Engelse taalvaardigheid of ras, is oorweeg. Wat betref Engelse taalvaardigheid het empiriese resultate in hierdie studie egter getoon dat daar nie ’n beduidende verskil in die houding van beter en swakker Engelse taalvaardigheid stedelike Afrikaanssprekende verbruikers gevind kon word nie (sien Afdeling 8.3). Op grond hiervan word Engelse taalvaardigheid as ’n moontlike versteekte verwantskap met die inkomstegroep uitgeskakel. Wat ras betref, toon die empiriese resultate wel dat bruin respondente, soos in die geval met lae inkomstegroepe, ’n positiewer houding teenoor Afrikaanse bemarkingskommunikasie het as wit respondente (sien Afdeling 8.2.3). Die lae inkomstegroep is inderdaad gedomineer deur bruin respondente (33) teenoor vier wit respondente in dié groep. Die hoë inkomstegroep se respondente is egter goed tussen wit en bruin respondente versprei. Ras sou dus moontlik onderliggend ’n rol ten opsigte van die lae inkomstegroep se houding teenoor Afrikaanse bemarkingskommunikasie kon speel, maar nie in die geval van die hoë inkomstegroep nie.

### **Aanbeveling**

- Wanneer daar met lae inkomstegroepe (LSM<sup>®</sup> 7 en laer) stedelike Afrikaanssprekende verbruikers gekommunikeer word, behoort in ag geneem te word dat hierdie groep, meer nog as hoë inkomstegroepe, ’n positiewe houding teenoor Afrikaanse bemarkingskommunikasie het. Die lae inkomstegroep:
  - beskou dit tot ’n groter mate as hulle reg om Afrikaanse bemarkingskommunikasie te ontvang;
  - waardeer Afrikaanse bemarkingskommunikasie meer; en

- se gedrag word tot 'n groter mate deur Afrikaanse bemarkingskommunikasie beïnvloed, as die hoë inkomstegroep (LSM<sup>®</sup> 10 en hoër).

#### *8.2.2.2 Voorkeur*

##### **Bevinding**

Daar is nie 'n beduidende verskil tussen die hoë inkomste en lae inkomstegroep stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie nie.

##### **Gevolgtrekking**

Inkomstegroep speel meestal nie 'n rol by stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie nie. Hierdie bevindings bevestig Noganta (2003:43) se stelling dat die aanname verkeerdelik gemaak word dat lesers wat 'n voorkeur het om hulle inligting in Afrikaans te lees, diegene is wat aan die lae LSM<sup>®</sup> -groepe behoort. Die enigste uitsonderings is dat verbruikers van die lae inkomstegroep 'n groter voorkeur, as verbruikers van die hoë inkomstegroep, het om 'n Afrikaanse restaurantspyskaart te lees en om 'n Afrikaanse advertensie van 'n sjokolade te sien, eerder as die Engelse weergawes.

##### **Aanbevelings**

- Dit is 'n foutiewe aanname dat hoë inkomstegroep verbruikers nie 'n voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie het nie.
- Dit is 'n foutiewe aanname dat dit slegs Afrikaanssprekende verbruikers uit die lae inkomstegroep is, wat Afrikaanse bemarkingskommunikasie verkies.

### 8.2.2.3 *Selfgelding*

#### **Bevinding**

Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers in die lae inkomstegroep is meer selfgeldend ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie as verbruikers in die hoë inkomstegroep.

#### **Gevolgtrekking**

Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers in die lae inkomstegroep (LSM<sup>®</sup> 7 en laer) sal ten opsigte van al die stellings oor selfgelding, beduidend meer waarskynlik selfgeldend optree ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie as verbruikers in die hoë inkomstegroep (LSM<sup>®</sup> 10 en hoër). Hierdie gevolgtrekking is in ooreenstemming met die meerderheid stellings vir die gedragskomponente van houding (sien Afdeling 8.2.2.1) wat beduidend hoër geëvalueer is deur die lae inkomstegroep stedelike Afrikaanssprekende verbruikers as deur hoë inkomstegroep verbruikers. Hierdie bevinding strook ook met verskeie outeurs (Cant *et al.*, 2002:66; Du Plessis & Rousseau, 2003:202; Schiffman & Kanuk, 2000:303-4) wat daarop wys dat verbruikers in 'n bepaalde sosiale klas, se gedragspatrone (optrede) dikwels 'n funksie van onder meer hulle inkomste is. Oor die motivering waarom die lae inkomstegroep stedelike Afrikaanssprekende verbruikers meer selfgeldend ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie as die hoë inkomstegroep stedelike Afrikaanssprekende verbruikers sal optree, kan slegs gespekuleer word, aangesien geen teoretiese of praktiese verklaring voor die hand liggend bestaan nie.

#### **Aanbeveling**

- Daar kan verwag word dat stedelike Afrikaanssprekende verbruikers uit die lae inkomstegroep meer selfgeldend sal optree ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie as Afrikaanssprekende verbruikers uit die hoë inkomstegroep.

### 8.2.3 Ras

#### 8.2.3.1 *Houding*

##### **Bevinding**

Wit en bruin stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se houding ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie verskil van mekaar.

##### **Gevolgtrekking**

Uit die resultate kan nie afgelei word of dit spesifiek wit of bruin stedelike Afrikaanssprekende verbruikers is wat 'n positiewer houding teenoor Afrikaanse bemarkingskommunikasie het nie. Bruin stedelike Afrikaanssprekende verbruikers het ten opsigte van die kognitiewe komponente van houding (**die reg**) meer as wit stedelike Afrikaanssprekende verbruikers saamgestem dat dit hulle reg is om Afrikaanse bemarkingskommunikasie te ontvang in die geval van 'n restaurantspyskaart, en haarsjampoe en sjokolade se verpakkingsinligting. Bruin stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se **gedrag** sal ook meer waarskynlik deur Afrikaanse bemarkingskommunikasie beïnvloed word om produkte (haarsjampoe en sjokolade) te koop en te bly koop (sjokolade), as wit stedelike Afrikaanssprekende verbruikers. In dié geval strook die bruin verbruikers se mening oor hulle reg met hulle waarskynlike optrede. Daarenteen, ten opsigte van die affektiewe komponent van houding het die wit verbruikers beduidend meer as bruin verbruikers saamgestem dat hulle dit **waardeer** wanneer hulle in Afrikaans deur 'n personeellid van 'n bank bedien word en wanneer hulle bank in Afrikaans adverteer word.

Dit kom dit voor asof bruin stedelike Afrikaanssprekende verbruikers in sekere gevalle dit tot 'n meerdere mate as wit Afrikaanssprekende verbruikers as hulle reg beskou om Afrikaanse bemarkingskommunikasie te ontvang, maar dat wit Afrikaanssprekende verbruikers in sekere gevalle dit tot 'n groter mate as die



bruin verbruikers waardeer indien hulle wel Afrikaanse bemarkingskommunikasie ontvang. Die groter waardering wat in sommige gevalle by wit Afrikaanssprekendes gevind kon word, kan waarskynlik verklaar word vanuit Afrikaanssprekendes se politieke geskiedenis en skuldgevoelens oor hulle aandeel in die apartheidsbedeling. Dit wil voorkom of wit Afrikaanssprekende verbruikers minder as bruin Afrikaanssprekende verbruikers die beginsel aanvaar dat dit hulle reg is om Afrikaanse bemarkingskommunikasie te ontvang, en dat hulle juis daarom in sommige gevalle meer waardering as bruin verbruikers het, wanneer maatskappye wel met hulle in Afrikaans kommunikeer. Bruin verbruikers voel waarskynlik nie belas en skuldig oor die rol van Afrikaans in die apartheidsbedeling nie en kan daarom moontlik gemakliker op Afrikaanse bemarkingskommunikasie as hulle reg aandring en sal daarom ook meer waarskynlik hulle optrede daardeur laat beïnvloed.

### **Aanbeveling**

- Maatskappye kan verwag dat wit en bruin stedelike Afrikaanssprekende verbruikers in terme van hulle houding teenoor Afrikaanse bemarkingskommunikasie moontlik op die volgende maniere kan verskil:
  - Bruin verbruikers sal dit eerder as hulle reg beskou om Afrikaanse bemarkingskommunikasie te ontvang as wit verbruikers;
  - Bruin verbruikers sal meer waarskynlik hulle aankoopgedrag deur Afrikaanse bemarkingskommunikasie laat beïnvloed as wit verbruikers; en
  - Wit verbruikers sal dit meer as bruin verbruikers waardeer wanneer daar met hulle in Afrikaans gekommunikeer word.

### 8.2.3.2 Voorkeur

#### **Bevinding**

Wit en bruin stedelike Afrikaanssprekende verbruikers stem grootliks in hulle voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie ooreen.

#### **Gevolgtrekking**

Die empiriese resultate toon dat daar in terme van voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie nie 'n beduidende verskil tussen wit en bruin stedelike Afrikaanssprekende verbruikers bestaan nie. Wit verbruikers sal egter, volgens die resultate, meer as bruin verbruikers verkies om 'n Afrikaanse advertensie eerder as 'n Engels advertensie van hulle bank te sien, en om in Afrikaans deur 'n restaurantkelner bedien te word, eerder as in Engels. Hoewel wit verbruikers se voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie in die genoemde gevalle hoër is as by bruin verbruikers, toon die resultate ten opsigte van selfgeldig (sien Afdeling 8.2.3.3) egter dat wit verbruikers minder waarskynlik as bruin verbruikers sal vra of hulle die bemarkingskommunikasie in Afrikaans kan ontvang, indien hulle dit in Engels ontvang het.

#### **Aanbevelings**

- Oor die algemeen behoort stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se ras nie gebruik te word om te bepaal of bemarkingskommunikasie in Engels of Afrikaans moet wees nie.
- Banke moet bewus wees dat wit Afrikaanssprekende verbruikers, meer as bruin Afrikaanssprekende verbruikers, verkies om 'n Afrikaanse advertensie, eerder as 'n Engelse advertensie, van hulle bank te sien.

- Aansitrestaurante moet kennis neem dat wit Afrikaanssprekende verbruikers, meer as bruin Afrikaanssprekende verbruikers, sal verkies om in Afrikaans, eerder as in Engels, deur 'n restaurantkelner bedien te word.

### *8.2.3.3 Selfgelding*

#### **Bevinding**

Bruin stedelike Afrikaanssprekende verbruikers is meer selfgeldend ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie as wit stedelike Afrikaanssprekende verbruikers.

#### **Gevolgtrekking**

In ooreenstemming met die gevolgtrekking oor houding (Afdeling 8.2.3.1) toon die resultate dat bruin stedelike Afrikaanssprekende verbruikers meer waarskynlik as wit verbruikers sal versoek om Afrikaanse bemarkingskommunikasie te ontvang. Geen beduidende verskil kon egter gevind word waar kontakpersoneel in 'n bank ter sprake is nie. Die resultate toon dat beide wit en bruin stedelike Afrikaanssprekende verbruikers tot 'n hoë mate waarskynlik sal versoek om in Afrikaans deur kontakpersoneel bedien te word.

#### **Aanbeveling**

- Maatskappye kan verwag dat bruin verbruikers, meer as wit verbruikers selfgeldend ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie sal optree.

## 8.2.4 Geslag

### 8.2.4.1 *Houding*

#### **Bevinding**

Vroulike stedelike Afrikaanssprekende verbruikers het 'n beduidend positiewer houding teenoor Afrikaanse bemarkingskommunikasie as manlike Afrikaanssprekende verbruikers.

#### **Gevolgtrekking**

Vroulike stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se positiewer houding geld ten opsigte van al die stellings wat met die kognitiewe komponent (**reg**) om Afrikaanse bemarkingskommunikasie te ontvang verband hou, en ook die oorgrote meerderheid stellings wat met die affektiewe komponent (**gewaardeer voel**) en gedragskomponent (**koop, bly koop, aanbeveel**) van houding verband hou. Manlike en vroulike stedelike Afrikaanssprekende verbruikers toon wel nie 'n beduidende verskil in terme van hulle waardering wanneer hulle in Afrikaans deur 'n personeellid van hulle bank bedien word nie. Manlike en vroulike verbruikers toon ook nie 'n beduidende verskil ten opsigte van die waarskynlikheid dat hulle by 'n bank sal aansluit op grond van die feit dat hulle in Afrikaans bedien word nie. Hierdie bevindings strook met Kotler en Keller (2006:179) wat stel dat dit noodsaaklik is om toepaslik op beide mans en vroue te fokus wanneer 'n bemarkingsplan ontwikkel word, aangesien mans en vroue se rolle verskil en aangesien hierdie rolle oor die afgelope jare baie verander het (Kotler & Keller, 2006:179).



## **Aanbevelings**

- Maatskappye moet bewus wees daarvan dat vroulike stedelike Afrikaanssprekende verbruikers:
  - dit tot 'n groter mate as manlike verbruikers as hulle reg beskou om Afrikaanse bemarkingskommunikasie te ontvang;
  - dit meer as manlike verbruikers waardeer indien hulle Afrikaanse bemarkingskommunikasie ontvang; en
  - se waarskynlike gedrag ten opsigte van die aankoop, bly koop, en aanbeveel van produkte tot 'n groter mate as manlike verbruikers positief deur Afrikaanse bemarkingskommunikasie beïnvloed word.
- In die lig hiervan behoort maatskappye toepaslik en afsonderlik op mans en vrouens te fokus wanneer 'n bemarkingsplan ontwikkel word.

### *8.2.4.2 Voorkeur*

## **Bevinding**

Vroulike stedelike Afrikaanssprekende verbruikers het 'n groter voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie as manlike Afrikaanssprekende verbruikers.

## **Gevolgtrekking**

Manlike en vroulike stedelike Afrikaanssprekende verbruikers verskil meestal in hulle voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie. In twee gevalle, naamlik: voorkeur vir 'n Afrikaanse bank advertensie bo dieselfde advertensie in Engels, en die voorkeur om in Afrikaans eerder as Engels deur 'n restaurantkelner bedien te word, kon egter nie 'n beduidende verskil tussen manlike en vroulike stedelike Afrikaanssprekende verbruikers gevind word nie.

### **Aanbevelings**

- Maatskappye behoort in ag te neem dat vroulike verbruikers meestal 'n groter voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie as manlike verbruikers het.
- Maatskappye behoort in die lig van vroulike stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se baie hoë voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie met hierdie teikengroep in Afrikaans te kommunikeer.

#### *8.2.4.3 Selfgelding*

### **Bevinding**

Vroulike stedelike Afrikaanssprekende verbruikers sal meer waarskynlik as manlike verbruikers selfgeldend ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie optree.

### **Gevolgtrekking**

Resultate toon dat vroulike, stedelike Afrikaanssprekende verbruikers ten opsigte van al die stellings wat met selfgelding verband hou, beduidend meer waarskynlik selfgeldend as manlike stedelike Afrikaanssprekende verbruikers sal optree. Hierdie gevolgtrekking oor vroulike verbruikers se waarskynlike gedrag is in ooreenstemming met die bevindings ten opsigte van die gedragskomponent van houding, waar ook empiries aangetoon is dat vroulike verbruikers se gedrag meer waarskynlik as manlike verbruikers se gedrag positief deur Afrikaanse bemarkingskommunikasie beïnvloed sal word (sien Afdeling 8.2.4.1).

### **Aanbeveling**

- Maatskappye kan verwag dat vroulike stedelike Afrikaanssprekende verbruikers meer waarskynlik as manlike verbruikers, selfgeldend sal optree ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie.

### 8.3 BEVINDINGS: ENGELSE TAALVAARDIGHEID (SND2)

#### 8.3.1 Houding

##### **Bevinding**

Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n beter Engelse taalvaardigheid verskil nie beduidend van stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n swakker Engelse taalvaardigheid in terme van hulle houding teenoor Afrikaanse bemarkingskommunikasie nie.

##### **Gevolgtrekking**

Dit is insiggewend dat ten opsigte van die **reg** (kognitiewe komponent) om Afrikaanse bemarkingskommunikasie te ontvang, daar nie 'n enkele stelling is waar beter en swakker Engelstaalvaardigheidsgroepe beduidend van mekaar verskil nie. Resultate het wel aangetoon dat verbruikers met 'n swakker Engelse taalvaardigheid beduidend groter **waardering** (affektiewe komponent) daarvoor het, indien hulle 'n Afrikaanse brosjure van hulle bank ontvang as verbruikers met 'n beter Engelse taalvaardigheid. Soortgelyk sal verbruikers met 'n swakker Engelse taalvaardigheid beduidend meer waarskynlik by 'n bank **aansluit** (gedragskomponent) en daaraan **bly behoort** op grond van die feit dat hulle in Afrikaans bedien word, as verbruikers met 'n beter Engelse taalvaardigheid. Die aanname dat Afrikaanssprekende mense Engels goed verstaan en daarom nie nodig het om bemarkingskommunikasie in Afrikaans te ontvang nie, is dus ongeldig in die lig daarvan dat Engelse taalvaardigheid nie 'n aanduiding is van mense se houding teenoor Afrikaanse bemarkingskommunikasie nie.

## **Aanbevelings**

- Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers se Engelse taalvaardigheid moet oor die algemeen nie as 'n aanduiding gebruik word van die mate waartoe hulle:
  - Afrikaanse bemarkingskommunikasie as hulle reg beskou nie;
  - dit waardeer om Afrikaanse bemarkingskommunikasie te ontvang nie, of
  - hulle waarskynlike gedrag ten opsigte van die produk deur Afrikaanse bemarkingskommunikasie laat beïnvloed nie.
- Banke moet bewus wees daarvan dat stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n swakker Engelse taalvaardigheid:
  - dit meer waardeer om 'n Afrikaanse brosjure van die bank te ontvang;
  - meer waarskynlik by 'n bank sal aansluit; en
  - meer waarskynlik aan 'n bank sal bly behoort op grond daarvan dat hulle in Afrikaans bedien word, as verbruikers met 'n beter Engelse taalvaardigheid.

### **8.3.2 Voorkeur**

#### **Bevinding**

Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n swakker Engelse taalvaardigheid toon 'n beduidend groter voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie as stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n beter Engelse taalvaardigheid.

#### **Gevolgtrekking**

Hierdie bevinding is in ooreenstemming met die verwagting, aangesien dit sin maak dat wanneer 'n stedelike Afrikaanssprekende verbruiker met 'n swakker Engelse taalvaardigheid die geleentheid gegee word om te kies tussen Afrikaanse en Engelse bemarkingskommunikasie, hy/sy meer waarskynlik Afrikaanse bemarkingskommunikasie sal verkies. Hoewel voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie hoër is by

stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n swakker Engelse taalvaardigheid, is dit insiggewend om te sien dat die voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie ook hoog is by verbruikers met 'n beter Engelse taalvaardigheid. Hierdie bevindings strook met navorsing wat onder die Hispaniese mark in die VSA gedoen is, wat aantoon dat voorkeur vir Spaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie ook hoog is by verbruikers wat vlot Engels kan praat (Bellenger & Valencia, 1982:50; Roslow & Nicholls; 1996:74).

### **Aanbevelings**

- Maatskappye behoort met stedelike Afrikaanssprekende verbruikers wat 'n swakker Engelse taalvaardigheid het, in Afrikaans te kommunikeer.
- Maatskappye moet bewus wees dat verbruikers met 'n beter Engelse taalvaardigheid steeds tot 'n groot mate 'n voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie het.

### **8.3.3 Selfgelding**

#### **Bevinding**

Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n beter Engelse taalvaardigheid verskil nie beduidend van stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n swakker Engelse taalvaardigheid in terme van hulle selfgelding ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie nie.

#### **Gevolgtrekking**

Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n beter en swakker Engelse taalvaardigheid se waarskynlike selfgeldende optrede ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie is grootliks dieselfde. Resultate het wel aangetoon dat die verbruikers met 'n swakker Engelse taalvaardigheid meer waarskynlik selfgeldend sal optree ten einde diens in Afrikaans van 'n bankpersoneellid te

ontvang, en om 'n Afrikaanse brosjure eerder as 'n Engelse brosjure van 'n bank te ontvang.

### **Aanbevelings**

- Maatskappye behoort, oor die algemeen, nie verskille in selfgeldig ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie tussen stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n beter en dié met 'n swakker Engelse taalvaardigheid te verwag nie.
- Banke moet kennis neem dat stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n swakker Engelse taalvaardigheid meer selfgeldend as verbruikers met 'n beter Engelse taalvaardigheid sal optree om:
  - diens in Afrikaans van 'n bankpersoneellid te kry; en
  - 'n Afrikaanse brosjure, eerder as 'n Engelse brosjure, van die bank te ontvang.

## **8.4 BEVINDINGS: TAALGROEPIDENTITEIT (SND3)**

### **8.4.1 Houding**

#### **Bevinding**

Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n sterker taalgroepidentiteit se houding is positiewer teenoor Afrikaanse bemarkingskommunikasie as verbruikers met 'n laer taalgroepidentiteit.

#### **Gevolgtrekking**

Hierdie beduidend positiewer houding is gevind ten opsigte van al die stellings wat met die **reg** om Afrikaanse bemarkingskommunikasie te ontvang (kognitiewe komponent) verband hou, en ook by al die stellings wat met die **waardering** (affektiewe komponent) om Afrikaanse bemarkingskommunikasie te ontvang, verband hou. Wat die **koop, bly koop** en **aanbeveling** van produkte betref,

(gedragskomponent) het die helfte van die stellings wat met dié komponent van houding verband hou, nie beduidend tussen die twee groepe verskil nie. Verbruikers met 'n sterker taalgroepidentiteit sal egter meer waarskynlik by 'n bank aansluit of 'n restaurant besoek op grond van diens in Afrikaans as verbruikers met 'n laer taalgroepidentiteit. Die aanbevelingsgedrag het meestal nie beduidend tussen verbruikers met 'n sterker en die met 'n laer taalgroepidentiteit verskil nie. Ten opsigte van die bly koop/behoort/besoek stellings is wel 'n beduidende verskil tussen die twee groepe se waarskynlike optrede aangetref, naamlik dat Afrikaanse bemarkingskommunikasie meer waarskynlik verbruikers met 'n sterker taalgroepidentiteit sal beïnvloed om by 'n bestaande produk te bly as in die geval van verbruikers met 'n laer taalgroepidentiteit.

### **Aanbevelings**

- Maatskappye moet in ag neem dat stedelike Afrikaanssprekende verbruikers wat sterker met Afrikaanssprekendes as taalgroep identifiseer, 'n beduidend positiewer houding ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie sal hê as verbruikers wat minder met Afrikaanssprekendes identifiseer.
- Maatskappye wat Afrikaanse bemarkingskommunikasie gebruik, verhoog die waarskynlikheid dat verbruikers, wat met Afrikaanssprekendes identifiseer, die produk sal bly gebruik op grond van die Afrikaanse bemarkingskommunikasie.

### **8.4.2 Voorkeur**

#### **Bevinding**

Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n sterker taalgroepidentiteit het 'n beduidend hoër voorkeur vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie as Afrikaanssprekende verbruikers met 'n laer taalgroepidentiteit.

### **Gevolgtrekking**

Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n sterker taalgroepidentiteit het ten opsigte van al die stellings oor voorkeur 'n beduidend hoër voorkeur gehad vir Afrikaanse bemarkingskommunikasie bo Engelse bemarkingskommunikasie as Afrikaanssprekende verbruikers met 'n laer taalgroepidentiteit. Hieruit kan afgelei word dat die voorkeur nie alleen beduidend is nie, maar ook oor 'n wye spektrum van Afrikaanse bemarkingskommunikasie geldig is.

### **Aanbeveling**

- Maatskappye moet in Afrikaans kommunikeer met stedelike verbruikers wat sterk met Afrikaanssprekendes identifiseer.

### **8.4.3 Selfgeldig**

#### **Bevinding**

Stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n sterker taalgroepidentiteit is nie beduidend meer selfgeldend ten opsigte van Afrikaanse bemarkingskommunikasie as stedelike Afrikaanssprekende verbruikers met 'n laer taalgroepidentiteit nie.

#### **Gevolgtrekking**

